

DIE TOEPASSING VAN DIE KULTUURSTRATEGIE-MODEL: VAN C.A. VAN
PEURSEN IN DIE HISTORIESE OPVOEDKUNDE

deur

WILLIAM LOUW
OD BA Bed

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad Magister Educationis**

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier: Prof. dr. Linda van Rooyen

DESEMBER 2001

**OPGEDRA AAN MY OORLEDE MOEDER
WILHELMINA SUSAN LOUW EN MY VROU
ESTER EN SEUNS RIAAN EN ROSWIN**



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DANKBETUIGINGS

Besondere dank en waardering word teenoor die volgende persone uitgespreek:

- **My studieleier, prof. dr. Linda van Rooyen, vir die bekware wyse waarop sy my in hierdie studie geleei het. Dit was 'n voorreg en 'n plesier om onder haar leiding te studeer. Haar oneindige geduld, opbouende kommentaar en vriendelike bereidheid om raad te gee en hulp te verleen, word oopreg waardeer.**
- **Ester, vir jou besondere bydrae, begrip en liefde deur die moeilike maande.**
- **Riaan en Roswin, vir julle motivering en aansporing, dit het baie beteken.**
- **Dr. R. Snyman vir die noukeurige taalversorging van hierdie verhandeling.**

Aan God alleen die eer vir die krag en deursettingsvermoë om die studie te kon onderneem want sonder Sy groot genade sou ek dit nie kon vermag nie.

GELDELIKE BYSTAND GELEWER DEUR DIE SENTRUM VIR WETENSKAPONTWIKKELING VIR HIERDIE NAVORSING WORD HIERMEE ERKEN. MENINGS UITGESPREEK EN GEVOLGTREKKINGS WAARTOE GEKOM IS, IS DIE VAN DIE OUTEUR EN MOET NIE NOODWENDIG AAN DIE SENTRUM VIR WETENSKAPONTWIKKELING TOEGESKRYF WORD NIE.

VERKLARING

Hiermee verklaar ek die ondergetekende en navorser, dat hierdie werk my eie werk is, dat ek alle bronne wat ek gebruik het, aangehaal het en dat hierdie verhandeling deur 'n professionele taalversorger nagesien is.

.....
W. LOUW

SAMEVATTING

DIE TOEPASSING VAN DIE KULTUURSTRATEGIE-MODEL VAN C.A. VAN PEURSEN IN DIE HISTORIESE OPVOEDKUNDE

deur

WILLIAM LOUW

STUDIELEIER: **Prof. dr. Linda van Rooyen**

DEPARTEMENT: **Departement Onderwys en Opleidingskunde**

GRAAD: **Magister Educationis**

In hierdie studie word daar 'n diepgaande studie van die kultuurstrategie-model van C.A. Van Peursen gemaak vanuit 'n histories-opvoedkundige navorsingsmetode. Die doel van die studie is om te bepaal of opvoeding soos dit in die verlede gemanifesteer het met behulp van die model georden, geklassifiseer en gesistematiseer kan word. Indien moontlik, in hoe 'n mate kan die model toepassingswaarde hê vir die Historiese Opvoedkunde.

Ten aanvang is daar in hoofstuk 1 'n breë raamwerk en agtergrond verskaf waarteen die studie gelees kan word. In hoofstuk 2 is relevante begrippe wat uit die studie voortvloeи, gedefinieer en verklaar om die studie meer toeganklik te maak.

Ten einde 'n breër perspektief te verskaf, is hoofstukke 3, 4 en 5 in drie onderskeie wordings- of ontwikkelingsfases van die mens verdeel onder ander die mitiese, ontologiese en funksionele fase. In elk van die fases is die verhouding en ingesteldheid van die mens met die werklikheid, medemens en die bonatuurlike bespreek. In elke fase word daar telkens verwys na eksemplare uit die verlede.

Ten laaste is daar bevind dat die model uiter geskik en toepasbaar is vir die ordenning, klassifikasie en sistematisering van die opvoedingsverlede. Enkele aanbevelings word in hierdie verband gemaak.



Sleutel terme

Kultuur
Strategie
Model
Mitiese mens
Ontologies denke
Funksionele denke
Grondhouding
Immanensie
Transendensie
Kultuur / Natuur

SUMMARY

THE APPLICATION OF THE CULTURE STRATEGY MODEL OF C.A. VAN PEURESEN IN THE HISTORY OF EDUCATION.

BY

WILLIAM LOUW

STUDY LEADER: Prof. Dr. Linda van Rooyen

DEPARTMENT: Department of Education and Training Science

DEGREE: Magister Educationis

This study involves a comprehensive and thorough examination of the Culture Strategy Model of C.A. Van Peursen from a historical-educational research perspective. The aim of the examination is to determine whether education, as was manifested in the past with the help of the model, can be classified and systematized. If at all possible, to which extent can the model contain application value for the History of Education.

To commence with, Chapter 1 contains a broad framework and background for the reading of the study. In Chapter 2 we find relevant ideas which emanate from the study and which are defined and explained to facilitate the accessibility of the study.

In order to provide a broader perspective, chapters 3, 4 and 5 are divided into three separate genetic or development phases of man that is the mythical, ontological and functional phases. In each of the phases we examine the relationship and involvement of man with reality, his fellow beings and the supernatural. In each phase reference will be made to specimens from the past.

Finally, it was established that the model is extremely suitable and applicable for the arrangement and systemizing of the educational past. A few recommendations are made in this regard.



Key terms

Culture
Strategy
Model
Mythical man
Ontological thinking
Functional thinking
Ground attitude
Immanence
Transcendence
Culture / Nature

RS TAALDIENS &
OPLEIDINGSKONSULTANT
Dr R Snyman
Tel (012) 3613977
Sel 082 873 0013

Mnr W Louw


Taalversorging

Ek het vyf hoofstukke van die verhandeling taalversorg.

Ek aanvaar nie verantwoordelikheid vir foute wat ek aangetoon het en wat nie gekorigeer word nie.

Die bibliografie is nie nagegaan nie.

R Snyman



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opsomming

Summary

HOOFSTUK 1 : AGTERGROND EN ORIëNTERING

1	DOEL MET HOOFSTUK.....	1
2	INLEIDING.....	1
2.1	Die mens se kritiese ingesteldheid teenoor die kultuur waarin hy hom bevind.....	1
2.2	Verheldering van die hede.....	2
2.3	Die kultuurstrategie-model.....	2
2.3.1	Die model as tekening van verskillende vorme van leef.....	2
2.3.2	Die model as instrument om die ontwikkeling van kulture aan te toon.....	3
2.3.3	Die ooreenkoms met menslike wording en ontwikkeling.....	3
2.4	Die doel met die kultuurstrategie-model.....	3
2.4.1	Primêre doelstelling.....	4
2.4.2	Gevolgtrekking voortspruitend uit die primêre doelstelling met die model.....	4
2.4.3	Sekondêre doelstelling.....	5
2.4.4	Gevolgtrekking voortspruitend uit die sekondêre doelstelling met die model.....	6
2.5	Die funksie van die kultuurstrategie-model.....	7
2.6	Aannames wat geld vir die gebruik van die model.....	7
3	PROBLEEMSTELLING.....	8
4	DOELSTELLING MET HIERDIE STUDIE.....	9



5	HIPOTESE.....	10
6	METODE VAN STUDIE.....	10
6.1	Die begrip "metode".....	10
6.2	Bekendmaking van die metode.....	10
6.3	Stappe of fases in die histories-opvoedkundige navorsings-metode.....	11
6.3.1	Identifisering en formulering van die titel.....	11
6.3.2	Rondblik.....	12
6.3.3	Hipotese	12
6.3.4	Terugblik.....	13
6.3.4.1	Primêre bronne.....	13
6.3.4.2	Sekondêre bronne.....	14
6.3.5	Kritiek.....	15
6.3.5.1	Eksterne kritiek.....	15
6.3.5.2	Interne kritiek.....	15
6.3.6	Die verslag.....	16
7	AFBAKENING VAN TERREIN.....	17
8	PLAN VAN STUDIE.....	18
9	BEGRIPSONTLEDING VAN DIE TITEL.....	19
9.1	Die begrip "kultuur".....	19
9.2	Die begrip "strategie".....	19
9.3	Die begrip "model".....	20
9.4	Die begrip "kultuurstrategie-model"	21
9.5	Die begrip "histories"	21
9.6	Die begrip "opvoedkunde"	22
9.7	Die begrip "historiese opvoedkunde"	23
10	SAMEVATTING.....	23



HOOFSTUK 2 : KONSEPSUELE ANALISE

1	DOEL MET HOOFSTUK.....	25
2	INLEIDING.....	25
2.1	Die begrip " kultuur "	25
2.2	Die begrip "paspoort".....	28
2.3	Die begrip "kulturele paspoort".....	29
2.4	Die begrip "instrumentalisering".....	29
2.5	Die begrip "immanensie".....	30
2.6	Die begrip "transendensie".....	31
2.7	Die begrip "grondhouding"	34
2.8	Die begrip "tradisie".....	34
2.9	Die begrip "mite".....	36
2.10	Die begrip "rite".....	38
2.11	Die begrip "mens".....	39
2.12	Die begrip "mensheid".....	40
2.13	Die begrip "ontologies".....	41
2.14	Die begrip "magte".....	42
2.15	Die begrip "substansialisme".....	43
2.16	Die begrip "operasionalisme".....	44
3	SAMEVATTING.....	44

HOOFSTUK 3 : DIE MITIESE FASE

1	DOEL MET HOOFSTUK.....	45
2	DIE BEGRIP "MITE".....	45
2.1	Die benaming "mitiese fase".....	45
2.2	Oorsprong van die begrip "mite".....	45
2.3	Die begrip "mite"	45
2.4	Tipe mites.....	46



2.4.1	Kosmogoniese mites.....	46
2.4.2	Theogoniese mites.....	47
2.4.3	Ontaarding van mites.....	47
2.5	Funksies en gebruiks van die mite.....	48
2.5.1	Die funksie van deelname aan die werklikheid wat die mens omring.....	48
2.5.1.1	Die bewuswording van 'n mag of magte.....	48
2.5.1.2	Die paai van die gode.....	49
2.5.1.3	Dans as 'n vorm van mite.....	49
2.5.1.4	Die mitiese mens as deelnemer.....	50
2.5.1.5	Die funksie van deelname aan die werklikheid.....	50
2.5.2	Die mite bied waarborg en versekering vir die hede.....	51
2.5.3	Die mite bied kennis en inligting.....	52
2.5.4	Ander funksies van die mite.....	52
2.5.4.1	Die mite dien as rigtingwyser en kompas vir menslike gedrag.....	53
2.6	Oordrag of vertolking van die mite.....	53
2.7	Kern van 'n mite.....	53
3	MITIESE DENKE.....	53
3.1	Mitiese mense is nie noodwendig barbare nie.....	53
3.2	Probleemkonfrontering in 'n komplekse leefwêreld.....	56
3.3	Die feit van die eksistensie van dinge, ander mense en die bonatuurlike.....	57
4	MITIESE FASE.....	57
4.1	Oriëntering.....	57
4.1.1	Oriëntering ten opsigte van indeling.....	57
4.1.2	Oriëntering ten opsigte van die mitiese mens.....	58
4.1.3	Oriëntering ten opsigte van tyd en verskyning van die mitiese fase.....	59
4.2	Die mitiese mens in sy gerelasioneerdheid.....	59
4.2.1	Die mens in sy verhouding tot die werklikheid.....	60



4.2.1.1	Algemeen.....	60
(a)	Die werklikheid as lewensruimte.....	60
(b)	Die mens se afstand of distansie.....	60
(c)	Die mitiese mens se gebrek aan objek-tiewe kennis.....	61
(d)	Angs en vrees.....	63
(d)	Gebrek aan onderskeid tussen lewe en dood.....	63
(f)	Gebrek aan 'n eie identiteit.....	64
4.2.1.2	Kriteria vir waarheid.....	64
(a)	Voorvaders.....	66
(b)	Stamvaders.....	67
(c)	Oudstes.....	67
(d)	Tradisies.....	67
(e)	Toordokters.....	68
4.2.1.3	Tydsiening.....	68
(a)	Algemeen.....	68
(b)	Mitiese betekening van tyd.....	69
(i)	Tydsdimensies: verlede, hede en toekoms.....	69
(ii)	Gevolge van 'n gebrekkige toekombsbegrip.....	69
(iii)	Mitiese tydsindeling: siklies.....	70
4.2.1.4	Ruimtesiening.....	71
4.2.1.5	Bronne van kennis.....	72
(a)	Mites.....	73
(b)	Rites.....	73
(c)	Daagliksle lewensaktiwiteite.....	74
(d)	Gedragsreëls.....	74
4.2.1.6	Gevolge van 'n verweefde mens-werklikheid verhouding.....	75
4.2.2	Die verhouding van die mitiese mens tot ander mense.....	75
4.2.2.1	Algemeen.....	75



(a)	Gebrek aan afstand.....	75
(b)	Gebrek aan 'n eie naam.....	76
(c)	Gebrek aan identiteit en individualiteit....	77
4.2.2.2	Gesag.....	78
(a)	Bronne van gesag.....	78
(b)	Die gesagsvorm.....	79
4.2.2.3	Norme en waarde-oriëntering in 'n mitiese fase.	79
4.2.3	Die verhouding van die mens tot die bonatuurlike.....	81
4.2.3.1	Algemeen.....	81
4.2.3.2	Die rol van afgestorwenes.....	81
4.2.3.3	Godsdiens.....	82
5	MITIESE OPVOEDING.....	85
5.1	Kultuur opdrag van die mitiese mens.....	85
5.2	Twee aspekte van opvoeding.....	86
5.3	Kenmerke van mitiese opvoeding.....	86
5.4	Mitiese opvoedingsdoel.....	87
5.5	Leerinhoud.....	88
5.5.1	Kenmerke van die leerstof.....	89
5.5.2	Onderwerp van die leerstof.....	89
5.5.3	Bronne van die leerstof.....	90
5.5.4	Onderrig en leermetode.....	90
5.6	Tipe opvoeding.....	91
5.6.1	Praktiese en teoretiese opvoeding.....	91
5.6.1.1	Praktiese opvoeding.....	91
5.6.1.2	Teoretiese opvoeding.....	92
5.6.2	Fisieke, sosiale en godsdienstige opvoeding.....	92
5.6.2.1	Fisieke opvoeding.....	92
5.6.2.2	Sosiale opvoeding.....	92
5.6.2.3	Godsdienstige opvoeding.....	93
5.7	Dissipline in 'n mitiese kultuur.....	93
5.7.1	Algemeen.....	93
5.7.2	Die kindsiening en die verband met dissipline en straf.....	94



6	MITIESE OPVOEDING VANDAG.....	95
6.1	Algemeen.....	95
6.2	Onderrig in 'n mitiese klaskamer.....	95
6.3	Leer in 'n mitiese klaskamer.....	98
6.4	'n Kliniese beeld van 'n mitiese onderwyser.....	98
7	SAMEVATTING.....	100

HOOFSTUK 4 DIE ONTOLOGIESE FASE

1	DOEL MET DIE HOOFSTUK.....	101
2	DIE BEGRIP "ONTOLOGIE".....	101
2.1	Die benaming "ontologiese fase".....	101
2.2	Oorsprong van die begrip "ontologie".....	103
2.3	Funksie van die ontologiese denke.....	103
2.3.1	Die ontologiese denke wil die hoëre (transendentie) sigbaar en begryplik maak.....	103
2.3.2	Die verkryging van perspektief op verskynsels in die werklikheid deur kennis en begrip.....	104
2.3.3	Die ontologiese denke bied waarborg of versekering vir die hede.....	104
2.3.4	Die ontologiese denke verskaf wetenskaplike kennis aan die mens.....	105
3	ONTOLOGIESE DENKE.....	106
4	DIE ONTOLOGIESE FASE.....	107
4.1	Orientering.....	107
4.1.1	Orientering ten opsigte van die mens in die ontologiese fase.....	107
4.1.2	Orientering ten opsigte van tyd en verskyning van die ontologiese fase.....	108
4.2	Die ontologiese mens in sy gerelasioneerdheid.....	109



4.2.1	Die mens in sy verhouding tot die werklikheid.....	109
4.2.1.1	Algemeen.....	109
4.2.1.2	Kriteria vir waarheid.....	111
(a)	Algemeen.....	111
(i)	Logiese steekhoudenheid.....	111
(ii)	Ooreenkoms van denkbeeld en denk- voorwerp.....	113
4.2.1.3	Tydsiening.....	113
(a)	Algemeen.....	113
(b)	Ontologiese beteking van tyd.....	114
(c)	Implikasies vir die toekomsgerigtheid van die mens.....	114
(d)	Meting van tyd.....	115
4.1.2.4	Ruimtesiening.....	116
4.1.2.5	Bron van kennis.....	117
4.2.2	Die verhouding van die mens tot ander mense.....	119
4.2.2.1	Algemeen.....	119
(a)	Afstand tot distansie.....	119
(b)	Die mens se identiteit en individualiteit.....	119
4.2.2.2	Gesag.....	120
(a)	Algemeen.....	120
(b)	Vorme van gesag.....	121
(i)	Aristokratiese gesag.....	122
(ii)	Demokratiese gesag.....	122
(iii)	Kenmerke van demokratiese gesag.....	123
4.2.2.3	Norme en waarde-oriëntering in die ontologiese fase...	124
4.2.3	Die verhouding van die mens tot die bonatuurlike.....	125
4.2.3.1	Algemeen.....	125
4.2.3.2	Singewing.....	126
5	ONTOLOGIESE OPVOEDING.....	126
5.1	Die ontologiese mens se kultuur taak.....	126
5.2	Kultuur en opvoeding.....	127
5.3	Kenmerke van ontologiese opvoeding.....	127



5.3.1	'n Oorsig van mitiese opvoeding.....	127
5.3.2	Die ontstaan en ontwikkeling van skole.....	128
5.4	Die doel van ontologiese opvoeding.....	129
5.5	Leerinhoud.....	130
5.5.1	Kenmerke van die vakinhoud.....	130
5.5.2	Die onderwerp van die leerstof.....	130
5.5.3	Bronne wat die vakinhoud bevat.....	132
5.5.4	Onderrig- en leermetodes.....	132
6	SAMEVATTING.....	134

HOOFSTUK 5: FUNKSIONELE FASE

1	DOEL MET HOOFSTUK.....	134
2	DIE BEGRIP FUNKSIONELE FASE.....	134
2.1	Die benaming "funksiionele fase".....	134
2.2	Oorsprong van die begrip "funksioneel".....	134
3	DIMENSIES IN DIE FUNKSIONELE FASE.....	135
4	FUNKSIONELE DENKE.....	135
4.1	Eerste dimensie.....	136
4.1.1	Gevolge van substansialisme.....	137
4.1.1.1	Kontakinflasie.....	137
4.1.1.2	Vereensaming.....	139
4.1.1.3	Massifikasie.....	140
4.2	Tweede dimensie.....	141
5	DIE FUNKSIONELE FASE.....	142
5.1	Oriëntering.....	142
5.1.1	Oriëntering teen opsigte van verhoudinge.....	142
5.1.2	Oriëntering teen opsigte van die mens in die	



funksionele fase.....	143
5.1.2.1 Die taakgeoriënteerde mens.....	143
5.1.2.2 Die mensgeoriënteerde mens.....	143
5.1.3 Oriëntering teen opsigte van tyd en verskyning van die funksionele fase.....	143
6 DIE FUNKSIONELE MENS IN SY GERELASIONEERDHEID.....	144
6.1 Die mens in sy verhouding tot die werklikheid.....	144
6.1.1 Algemeen.....	144
6.1.1.1 Eerste dimensie.....	145
6.1.1.2 Tweede dimensie.....	148
6.1.2 Kriteria vir waarheid.....	151
6.1.2.1 Die kriterium "funksionaliteit".....	152
6.1.2.2 Die kriterium "produktiwiteit".....	152
6.1.2.3 Die kriterium "doelrealisering".....	153
6.1.3 Tydsiening.....	154
6.1.3.1 Algemeen.....	154
6.1.3.2 Betekenis van tyd.....	154
6.1.3.3 Funksionering van tyd.....	154
(a) Fleksietyd.....	155
(b) Skoftyd.....	155
(c) Deeltydse werkers.....	155
(d) Nuwe verbruikerspatrone.....	156
6.1.4 Bronne van kennis.....	156
6.1.4.1 Algemeen.....	156
6.1.4.2 Die doel met die kennis.....	156
6.1.4.3 Aard van kennis.....	157
6.1.4.4 Medium van kennis.....	157
6.2 Die verhouding van die mens tot ander mense.....	158
6.2.1 Algemeen.....	158
6.2.2 Eerste dimensie.....	158
6.2.3 Tweede dimensie.....	161
6.3 Gesag.....	163
6.3.1 Algemeen.....	163



6.3.2	Tempering van gesag.....	164
6.3.3	Rehabilitasie.....	165
6.3.3.1	Rehabilitasiesentrums.....	165
(a)	Die tronk.....	165
(b)	Jeugsentrums.....	166
(c)	Hospitaalskole.....	167
(d)	Suid-Afrikaanse nasionale raad vir alkohol- en dwelmafhanklikheid.....	167
(e)	Spesiale inrigtings.....	168
6.3.4	Normes en waardes.....	168
6.4	Die mens in sy verhouding tot die bonatuurlike.....	169
6.4.1	Algemeen.....	169
6.4.2	Eerste dimensie.....	169
6.4.3	Tweede dimensie.....	171
7	OPVOEDING IN DIE FUNKSIONELE FASE.....	171
7.1	Algemeen.....	171
7.2	Opvoedingsdoel.....	172
7.3	Kritieke uitkomste wat met die opvoeding beoog word.....	173
7.4	Onderrigmetodes.....	174
7.5	Dissipline en tug.....	175
8	SAMEVATTING.....	175
HOOFSTUK 6: TERUGSKOU, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS		
1	TERUGSKOU.....	176
2	BEVINDINGE EN AANBEVELINGS.....	177
3	AANBEVELINGS.....	181
4	BEPERKINGE EN TEKORTKOMINGE IN HIERDIE STUDIE – AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSINGS.....	182



5 SAMEVATTING.....	183
BRONNELYS.....	184



LYS VAN FIGURE

Figuur

1	Maskers in die mitiese fase.....	55
2	Voorstelling van hoe die mitiese mens sy verweeftheid met die werklikheid beleef.....	62
3	Voorstelling van die mitiese mens in sy verweeftheid met die werklikheid, die groep en die bonatuurlike.....	65
4	Mitiese grafte van voorvaders wat oor die stad waak.....	83
5	Voorsteling van die losmaking tussen die mens en die werklikheid / groep / bonatuurlike.....	112
6	Voorstelling van die funksionele mens in die eerste dimensie – 'n voorbeeld van substansialisme.....	146
7	Voorstelling van die funksionele mens in die tweede dimensie.....	149

HOOFSTUK 1

AGTERGROND EN ORIËNTERING

1. DOEL MET HOOFSTUK

Die doel met hierdie hoofstuk is om 'n breë raamwerk en agtergrond te verskaf waarteen die navorsing gelees moet word. 'n Inleiding sal verskaf word waarin die aktualiteit van die navorsing uiteengesit word en waaruit die probleemstelling sal voortvloeи. Die doel met die studie, die metodologiese aspekte en die afbakening van die terrein sal ook aangespreek word. Enkele begrippe soos dit in die titel voorkom, sal nader omlyn en verfyn word - 'n vereiste vir suiwer wetenskapsbeoefening.

2. INLEIDING

2.1 Die mens se kritiese ingesteldheid teenoor die kultuur waarin hy hom bevind

C.A. van Peursen voer in sy werk "Strategie van de Cultuur" (1970) 'n diepgaande bespreking oor die ontwikkeling van kultuur as verskynsel. Hy is van mening dat die moderne mens meer as ooit bewus is van en ingestel is teenoor die werklikheid waarin hy hom bevind (Van Peursen 1970:9). Net soos die werklikheid 'n appélig op die mens, rig die mens hom vraend en evaluerend op die werklikheid.

Van Peursen (1987:9) wys daarop dat die chronologiese verloop van tyd en die gebeure binne tyd nog nooit summier deur die mens aanvaar is nie, daar was nog altyd partikuliere bevraging en evaluering. "In the process by which human culture evolves, factual event and evaluation are inseparably connected" (Van Peursen 1987:9).

Die mens se kritiese, evaluerende ingesteldheid en vraaghouding het nie alleen geleid tot die verheldering van die ontwikkelingsverloop van kultuur as verskynsel tot op hede nie, maar het ook aanleiding daartoe gegee dat kriteria aangelê kon word vir beoordeling. "When it comes to the actual course of events (the 'quaestio facti') man raises the question whether it was a good thing, or not, that the cultural process turned out as it did: the question therefore of its legitimacy (the 'quaestio iuris')" (Van Peursen 1987:9). So het Solon reeds twee-en-'n-half duisend jaar gelede die geskiedenis van die mensheid beskryf as "a kind of judicial action of cosmic dimensions; and indeed the demand that criteria, standards of some sort, be applied to the actual course of events and to natural relations within human history..." (Van Peursen, 1987:10). Dit is om hierdie rede dat die mens, op grond van sy eie beoordeling, tot 'n sinvolle praktiese herstrukturering van en koersaanpassing in sy eie kultuur kan oorgaan (Van Peursen 1987: 11). Alvorens laasgenoemde egter kan gebeur, moet die mens eers "een duidelijker beeld krijgen van de culturele ontwikkeling van nu" (Van Peursen, 1975:15).

2.2 Verheldering van die hede

In erkenning van die feit dat historiese kennis lei tot versterking van die selfbegrip en 'n legitimering van die eie bestaan, is Van Peursen (1975:15) van mening dat 'n verheldering van die hede alleen bewerkstellig kan word teen die agtergrond van die verlede "zulk een verheldering kan bewerkstelligd worden door de eigen ontwikkeling tegen die achtergrond te sien van vroegere fasen van die cultuur" (Van Peursen 1975:15).

2.3 Die kultuurstrategie-model

2.3.1 Die model as tekening van verskillende vorme van leef

Om hierdie verheldering van die hede en die eie kultuur moontlik te maak, ontwerp Van Peursen 'n model waardeur die verskillende wordingsfases van kultuur met een oogopslag sigbaar gemaak word. Aangesien Van Peursen die kultuur van elke mensegroep sien as 'n strategie of 'n beleid ('n manier van lewe) van daardie bepaalde groep, kan die model "dan ook veral gezien word as een tekening van verschillende vormen van beleid of strategie" aan die hand waarvan kultuur oor die eeue heen geskep is (Van Peursen, 1975:16) of die wyse of manier waarvolgens geleef is.

Uit bostaande word dit duidelik dat Van Peursen met die begrip "kultuurmaak" na die mens se lewe ("leef" as werkwoord) verwys. Deur te leef skep die mens kultuur en word sy beleid of strategie vir "leef" - wyse of manier van lewe - duidelik (Van Peursen, 1975:16).

2.3.2 Die model as instrument om die ontwikkeling van kulture aan te toon

Die kultuurstrategie-model bestaan uit drie fases, naamlik die mitiese, ontologiese en funksionele fases. In hierdie drie fases word die ontwikkelingsverloop van die mensheid (kulture) oor al die eeue aangetoon (vir 'n verduideliking van die begrip "mensheid", verwys asseblief na paragraaf 2.12 van hoofstuk 2). Elke kultuur deurloop hierdie drie fases van ontwikkeling (elke kultuurgroep word gesien as 'n kulturele eenheid) - van 'n mees eenvoudige kultuur na 'n mees beskaafde kultuur.

2.3.3 Die ooreenkoms met menslike wording en ontwikkeling

Net soos die model die ontwikkelingsverloop van die mensheid aantoon, die wording en ontwikkeling van die mens vanaf geboorte tot en met geestelike volwassenheid, ook in breë trekke in die model geklassifiseer kan word.

2.4 Die doel met die kultuurstrategie-model

2.4.1 Primêre doelstelling

Sonder dat Van Peursen die doelstellings met die model eksplisiet in primêre en sekondêre doelstellings verdeel, wil dit by nadere ondersoek tog voorkom asof die doel met die kultuurstrategie-model in primêre en sekondêre doelstellings uiteenval. Die primêre doelstelling wat Van Peursen met die model beoog is om:

- * die hede, teen die agtergrond van die verlede te verhelder met die doel om:
- * die eie kultuur beter te verstaan (Van Peursen, 1975:15)
- * die mens in staat te stel om, op grond van sy kennis van die verlede, die ontwikkeling van die eie kultuur te evalueer ten einde die regsgeldigheid van sy kulturele paspoort te bepaal (Van Peursen, 1975:16).
- * tot praktiese herstrukturering van die eie kultuur te kan oorgaan (Van Peursen, 1970:10)
- * 'n praktiese kultuurbeleid en kultuurstrategie op te stel (Van Peursen, 1975:9).

2.1.5 Gevolgtrekking voortspruitend uit die primêre doelstelling met die model

Uit hierdie primêre doelstelling kan die afleiding gemaak word dat Van Peursen met die model hoofsaaklik ten doel het om, deur insig in die verlede, die hede in so 'n mate te verhelder dat daar met 'n geldige kulturele paspoort oorgegaan kan

word tot verantwoordelike kultuurskepping met die oog op die toekoms (Van Peursen, 1975:31).

(Vir 'n verklaring van die begrip "kulturele paspoort" kyk asseblief na hoofstuk 2 par 2.2)

2.4.3 Sekondêre doelstellings

Dit wil voorkom asof Van Peursen die volgende sekondêre doelstellings met die model beoog:

- Om nie alleen die verskille tussen die fases aan te dui nie, maar ook die gemeenskaplike in menslike kulture "als vraag na de rechtsgeldigheid van feitelijke ontwikkelingen" aan te dui (Van Peursen, 1970:10);
- om die ontwikkelingsverloop van die mensheid in breë trekke aan te dui en te beoordeel (Van Peursen, 1975:16);
- om die opvallende kenmerke in elke fase wat in elke kultuur aanwesig is, aan te toon, "deze fasen zijn dan niet alleen maar als historisch op elkaar volgende perioden op te vatten, omdat zij iets aan het licht brengen dat in elke cultuur aanwezig is" (Van Peursen, 1975:16);
- om die hoofmomente in elke kultuurfase te orden en te skematiseer (Van Peursen, 1970:11);
- om "enkele markante overgangen beknopt in kaart te breng" (Van Peursen, 1975:17);
- om as 'n kulturele landkaart die mens tot oriëntasie te dien (Van Peursen, 1975: 29);

- om 'n tekening te gee van die verskillende vorme wat 'n kultuurbeleid of strategie kan aanneem soos dit binne die ontwikkelingsfases vergestalt het (Van Peursen, 1975:16);
- om in elke fase "cultuur, als leerschool van de mensheid" as 'n proses van "permanente educatie" waar te neem (Van Peursen, 1975:23) (vergelyk in hierdie verband die eietydse begrip van "lewenslange leer");
- om die verhouding tussen die mens en die magte soos dit in elke fase vergestalt, aan te toon (Van Peursen, 1975:23);
- om die spanning tussen die immanente en transendentale wat in alle kulture voorkom, in elke fase te laat spreek (Van Peursen, 1975:23,25);
- om die samehang tussen immanensie en transendensie aan die lig te bring. Hierdie samehang is geleë in die mens se in-oënskou-neem van sy eie situasie (Van Peursen, 1975:25). Hierdie eie situasie word nie alleen in terme van die eie moontlikhede geëvalueer nie, maar word ook deur die mens geëvalueer om sy gesitueerdheid in terme van sy eie verganklikheid (sy bewuste besef van tydsverloop [Van Peursen, 1975:26]), te beoordeel;
- om te verneem hoe die beperkende en streng geldende reëls van die immanente deurbreek kan word om "na andere, nieuwe normen, transendentie" te beweeg (Van Peursen, 1975:24).

2.4.4 Gevolgtrekking voortspruitend uit die sekondêre doelstellings met die model

Uit die sekondêre doelstellings kan die afleiding gemaak word dat Van Peursen onder andere met die model beoog om, deur insig in die wordingsverloop van die mens en die mensheid, die kenmerke van, asook die verskille en gemeenskap-

likhede in elke fase, met een oogopslag sigbaar te maak. Omdat hierdie blootlegging van die fases ook die wordingsverloop, kenmerke en eiendomlikhede van die mens as individu aan die lig bring, kan die mens nie anders as om deur bestudering hiervan tot selfkennis te kom nie.

Van Peursen maak verder 'n duidelike onderskeid tussen die aardse, die alledaagse en natuurlike (immanente), en die verhewe, bo-aardse, normatiewe (transendent). By noukeurige ondersoek word dit duidelik dat Van Peursen met die begrippe "immanensie" en "transendensie" nie 'n profane gesitueerdheid en 'n uitreike na die sakrale bedoel nie, maar wel "de vraagt naar hoe iets is, maar ook hoe iets eigenlijk zou moeten zijn" (Van Peursen 1975:14). Hy stel dus die werklike teenoor die ideale, dit wat is teenoor dit wat behoort te wees. Hiermee plaas hy die klem op die mens se keuse om "binnen de grote stroom van alle levensprocessen (immanentie) [te beweegt]" of om "uit die natuurlijke stroom op te duikt om eigen natuur te beoordelen en om te vormen (transendentie)" (Van Peursen, 1975:14).

2.5 Die funksies van die kultuurstrategie-model

Uit die doelstellings met die model, kan afgelei word dat die model namens Van Peursen funksioneel aangewend kan word om:

- Die magdom gegewens en feite van die totale "historia" binne die drie fases van die model te orden;
- hierdie gegewens en feite wat aan die lig kom, te verklaar;
- die wordingskenmerke, soos dit in 'n volgende fase sal vergestalt, te antisipeer en daarom ook te voorspel en beheer;
- die wording van die mens in elke fase te skets;
- die onderskeid sowel as ooreenkoms tussen verskillende fases aan te dui.

2.6 Aannames wat geld vir die gebruik van die model

Ten einde die interpreting en verklaring van die feite in die model meer verstaanbaar te maak, word enkele aannames wat as vertrekpunt kan dien, geformuleer.

- Die drie fases dui op 'n wordingsverloop, die een fase volg chronologies en liniêer op die ander. Wording vind sistematies en stapsgewys plaas - 'n fase kan daarom nie oorgeslaan word nie.
- Geen waardeoordeel word geïmpliseer of uitgespreek nie.
- In elke fase word slegs enkele hoofkenmerke belig - nie die wye verskeidenheid van moontlikhede wat mag voorkom nie.
- Die wordingstempo of groeitempo van die verskillende fasette van die mens (of van 'n kultuur) kan verskil, byvoorbeeld 'n vraaghouding kan by 'n kind te voorskyn tree alvorens 'n eie identiteit by 'n kind gevestig is.
- Die kenmerke wat wel in 'n fase aangedui word verteenwoordig die aanvaarde gemiddelde wat binne die fase voorkom.
- Een fase kan nie 'n ander fase vervang nie.
- Terugvalle na 'n vorige fase is moontlik (vergelyk in hierdie verband die verdedigingsmeganisme "regressie" volgens die teorie van Freud [Gerdes, 1989:229]).

3. PROBLEEMSTELLING

Die Historiese Opvoedkunde bestudeer die opvoeding in die verlede met die oog op verheldering en verbetering van die hede en toekoms. Die verlede is so wyd dat afbakening en interpretasie van feite oor die opvoeding in die verlede,

bemoeilik word. Strukturering, ordening en sistematisering van die beskikbare gegewens oor die opvoedingsverskynsel in die verlede is nodig om die terrein vir studie en navorsing in die Historiese Opvoedkunde begaanbaar te maak.

In 'n diepgaande studie van die kultuurstrategie-model en in die lig van die doelstellings wat Van Peursen (1970) met die model beoog, kom die waarde en funksie van die model as ordeningsinstrument sterk na vore. Die vraag ontstaan na die moontlikheid om die model as ordeninginstrument vir opvoeding soos in die verlede gemanifesteer, aan te wend.

Indien dit waar is dat met behulp van die kultuurstrategie-model die verlede (kultuurhistoriese gebeure) georden en gesistematiseer kan word, ontstaan die vraag of dit dan nie ook moontlik is om die opvoedingsverskynsel soos in die verlede gemanifesteer het, met behulp van die kultuurstrategie-model te orden nie? Kan die model toepassingswaarde hê in die beoefening van die Historiese Opvoedkunde?

In die lig van bogenoemde bespreking kom die volgende twee prominente vroeë vir die doeleindes van hierdie ondersoek na vore:

- 1 Kan opvoeding soos dit in die verlede gemanifesteer het met behulp van die kultuurstrategie-model geklassifiseer, georden en gesistematiseer word?
- 2 Indien wel, hoe kan die kultuurstrategie-model in die Historiese Opvoedkunde aangewend en toegepas word?

4. DOELSTELLINGS MET HIERDIE STUDIE

Die doel met hierdie ondersoek sal wees om te bepaal of opvoeding soos dit in die verlede gemanifesteer het, met behulp van die kultuurstrategie-model geklassifiseer, georden en gesistematiseer kan word.

Indien dit moontlik blyk te wees, sal die verdere doel met die studie wees om vas te stel hoe die model in die Historiese Opvoedkunde aangewend en toegepas kan word.

5. HIPOTESE

Opvoeding, soos dit in die verlede in verskillende kultuurepogge voorgekom het, kan met behulp van die kultuurstrategie-model geklassifiseer, georden en gesistematiseer word.

6. METODE VAN STUDIE

6.1 Die begrip "metode"

Die begrip "metode" kom van die Griekse woord *meta* en *hodos* wat beteken "langs hierdie weg". "Die wetenskaplike ondersoeker moet van 'n metode gebruik maak wat 'n verskynsel vir hom toeganklik maak" (Van Rensburg & Landman 1986:114). Die begrip "metode" word deur Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booyens (1979:540), beskryf as die "vaste, weldeurdagte manier waarvolgens te werk gegaan word om 'n bepaalde doel te bereik".

Vir die doeleindes van hierdie studie, verwys die begrip "metode" na die weg waarlangs die navorsing uitgevoer sal word om 'n antwoord op die probleemstelling te vind.

6.2 Bekendmaking van die metode

Die histories-opvoedkundige navorsingsmetode sal in die ondersoek aangewend word. Alle procedures wat aangewend word en inligting wat ingewin word, sal volgens hierdie metode aan 'n streng kritiese beoordeling onderwerp word (Venter, 1992:9).

6.3 Stappe of fases in die histories-opvoedkundige navorsingsmetode

Die volgende stappe of fases kan in die histories-opvoedkundige navorsingsmetode onderskei word (Venter, 1992:9-13):

6.3.1 Identifisering en formulering van die titel

Die volgende kriteria wat die keuse van die probleem soos implisiet in die titel vervaat, is in aanmerking geneem:

- * Daar is verseker dat die tema nie voorheen aan 'n histories-opvoedkundige ondersoek onderwerp is nie;
- * Ondersoek is ingestel om seker te maak dat die probleem van opvoedkundige belang is. 'n Poging sal aangewend word om te verseker dat die voorstelle wat ter oplossing van die probleem van klassifisering, ordening en sistematiseering aan die hand gedoen word, 'n bydrae sal lewer tot verheldering en begrip van die verlede met die oog op die verbetering van die hede en toekoms van opvoeding in Suid-Afrika;
- * Daar sal gepoog word om lig te werp op die aanwending en toepassing van die kultuurstrategie-model deur gebruik te maak van die histories-opvoedkundige navorsingsmetode. In hierdie verband sal die beskikbaarheid van 'n voldoende hoeveelheid primêre bronne 'n belangrike rol speel;
- * Daar is seker gemaak dat die onderwerp vir die navorser geskik is. Hy moet oor die nodige kennis, insig en geestelike vermoëns beskik om 'n studie van hierdie aard te onderneem. Die navorser behoort in staat te wees om die studie suksesvol af te handel nitemstaande die akademiese en sosiale struikelblokke wat mag ontstaan. Voorsorg sal getref word vir die befondsing van hierdie studie.



6.3.2 Rondblik

Die begrip "rondblik" verwys na 'n intensiewe ondersoek en studie van die probleem of tema soos dit op die huidige tydstip bestaan. Die woord "voorskou" is sinoniem aan die begrip "rondblik" (Kruger et al, 1992:10).

Deur 'n deeglike voorstudie of rondblik van die kultuurstrategie-model en 'n besoek aan die skrywer, sal inligting ingewin word wat 'n waardevolle bydrae sal lewer om opvoeding soos dit in die verlede in verskillende kultuurepogge gemanifesteer het, te klassifiseer, orden en te sistematiseer.

6.3.3 Hipotese

'n Hipotese word deur Good in Venter(1992:11) as volg beskryf:

" A hypothesis is an informal or shrewd guess or inference, with a reasonable chance of being right, formulated and tentively adopted to explain observed facts or conditions and to guide in further investigation, in other words, to serve as the investigator's eyes in seeking answers to questions."

In Mouton & Marais (1989:137) word 'n hipotese beskryf as 'n "stelling wat 'n vermeende verband of verskil tussen twee of meer verskynsels of veranderlikes postuleer'.

Landman (1980:49) definieer 'n hipotese as 'n "aanname wat ondersteun word deur reeds gedane navorsing en wat die uitkoms is van refleksie oor 'n probleem wat die navorsing se denke verwoord oor wat die doeltreffendste verloop en uitkoms van sy navorsing sal wees, wat 'n baie goeie kans het om korrek te wees en wat inderdaad wetenskaplik van aard is".

By die formulering van die hipotese is daar in gedagte gehou dat 'n hipotese verskeie funksies kan vervul. 'n Hipotese kan onder andere:

- 'n Verklaring van die gegewens wat deur die navorsing aan die lig gebring is, bied;
- poog om onderliggende beginsels en onderlinge verbande tussen feite aan te toon;
- die gebied van ondersoek beperk;
- die ondersoeker sensitief maak vir sekere gegewens en aangeleenthede;
- as samevattende hulpmiddel dien;
- die raamwerk vorm waaromheen die navorser sy gegewens kan rangskik;
- rigting gee aan die navorser deur eenheid teweeg te bring tussen dit wat in die verlede ontdek word en dit wat reeds bekend is;
- kontinuïteit verleen aan die studie deur 'n basis te verskaf vir die maak van gevolgtrekkings;
- die doel van die ondersoek duidelik aandui.

Die navorser het reeds onder punt 5 'n voorlopige oplossing vir die probleem wat nagevors sal word, geformuleer.

6.3.4 Terugblik

Die begrip "terugblik" verwys na 'n "noukeurige ondersoek en bestudering van die opvoedingsverlede aan die hand van die gegewe tema" (Kruger et al, 1992:11).

'n Gedetailleerde ondersoek en studie van die opvoedingsverlede soos wat dit die verskillende kultuurepogge voorkom, sal bestudeer word. Die ondersoek sal onderneem word met die oog op klassifisering, ordening en sistematisering aan die hand van die kultuurstrategie-model. Die navorser sal soveel as moontlik van die primêre bronne raadpleeg. As aanvullings- en agtergrondstudie sal daar ook van sekondêre bronne gebruik gemaak word.

6.3.4.1 "Primêre bronne"

Die begrip "primêre bronne" is "oorspronklike dokumente of oorblyfsels daarvan" (Venter & van Heerden 1989:117). "Primêre bronne" is daardie inligting wat bewustelik of onbewustelik deur skrywers en persone uit verskillende tydperke gedokumenteer of nagelaat is met die uitsluitlike doel om inligting te verskaf aan toekomstige navorsers.

* Dokumente

Die begrip "dokumente" verwys na geskrewe verslae van deelnemers aan sekere gebeurtenisse of ooggetuies daarvan. Dokumente sluit onder andere (notules, dagboeke, briefwisseling, grondwette, memoirs, wette, kommissieverslae, berigte en korrespondensie in dagblaaie en tydskrifte) in. Dit word beskikbaar gestel om inligting te verskaf.

* Oorblyfsels

Die begrip "oorblyfsels" staan in verband met persone, groepe of tydperke. Voorbeeld hiervan is werktuie, fossiele, gereedskap, geboue, afbeeldings en so meer.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar grootliks van dokumente soos hierbo verduidelik, as primêre bronne gebruik gemaak word.

6.3.4.2 "Sekondêre bronne"

"Sekondêre bronne" is die verslae van persone wat nie werklik ooggetuies van of deelnemers aan 'n gebeurtenis was nie - daar word slegs berig wat die persoon wat wel fisies teenwoordig was, gesê of geskryf het. Teksboeke, ensiklopedieë, verhandelings en proefskrifte op die gebied van die Historiese Opvoedkunde is voorbeeld hiervan.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar 'n poging aangewend word om in 'n mindere mate van sekondêre bronne gebruik te maak ter wille van die akkuraatheid van feite.

6.3.5 Kritiek

Die gegewens wat die navorser oor die model ingewin het, sal onderwerp word aan twee kritiese prosesse:

- (a) Eerstens sal daar deur eliminasie seker gemaak word dat slegs daardie materiaal behou word wat opvoedkundige relevansie vir die Historiese Opvoedkunde as deeldissipline van die Opvoedkunde het.
- (b) Tweedens sal die versamelde gegewens oor die model aan 'n proses van eksterne en interne kritiek onderwerp word:

6.3.5.1 Eksterne kritiek

Die begrip "eksterne kritiek" verwys na die proses waar die egtheid van 'n dokument vasgestel word.

Deur eksterne kritiek sal daar gepoog word om die egtheid van die dokumente te bepaal, om vas te stel of die bron werklik is wat dit voorgee om te wees. Daar sal bepaal kan word waarom, waar, wanneer, hoe en deur wie die dokument geskryf is asook of die dokument die oorspronklike teks onderskei van latere drukke en hersiene uitgawes. Hierdeur kan moontlike plagiaat, vreemde interpretasies en gesuiwerde weergawes aan die kaak gestel word.

6.3.5.2 Interne kritiek

Die begrip "interne kritiek" verwys na die proses waar die betekenis van stellings in dokumente wat reeds as eg bewys is, geanalyseer word, vir akkuraatheid getoets word en die geloofwaardigheid daarvan, bepaal word.

Deur interne kritiek sal daar gepoog word om die betekenis van die stellings in die dokumente, wat reeds as eg bewys is, te ontleed om akkuraatheid en geloofwaardigheid te bepaal. In dié verband sal die navorser vrae soos die volgende vrae :

- Is daar feite of oordeelsfoute wat in die dokumente voorkom?
- Is daar blyke dat die skrywer bevooroordel was of onlogies geredeneer het?
- Was hy 'n ooggetuie by dit wat hy beskryf?
- Het hy gebruik gemaak van betroubare bronne?
- Het hy sy waarnemings onmiddellik na die gebeure op skrif gestel?
- Kan die skrywer as 'n betroubare waarnemer beskou word en wat was sy motief met die skryf van die besondere stuk?

6.3.6 Die verslag

Die navorser sal in hierdie laaste stap voor die uitdaging en skeppende taak gestel word om die feite in samehang te bring, sodanig dat dit as antwoord op die probleem kan dien, of dat daaruit sal blyk dat werklik 'n bydrae gelewer is tot verdere kennis en insig in verband met die navorsingstema.

Alvorens die navorser sal oorgaan tot die interpretasie van die gegewens en die opskrifstelling daarvan, sal hy sy gegewens (wat deur eksterne en interne kritiek as eg en geloofwaardig bewys is) aan 'n uiters noukeurige ondersoek onderwerp. Hy sal vasstel of die hipotese korrek en aanvaarbaar is al dan nie. Indien die hipotese die toets van die ondersoek deurstaan, sal dit met groot vrug as riglyn aangewend word by die skryf van die verslag.

Daar sal gepoog word om 'n navorsingsverslag te skryf wat tweeledig van aard sal wees :

Eerstens sal daar 'n breë raamwerk en agtergrond verskaf word waarteen die navorsing gelees moet word. Vervolgens sal die relevante begrippe wat die studie toeganklik maak, gedefinieer en duidelik verklaar word. Hierna sal die wordingsverloop van die mens en die mensheid (kulture) deur die eeue, aan die hand van die kultuurstrategie-model beskryf word. In dié verband sal feiterangskikking, sover dit die historiese aanloop van die probleem betref, chronologies in fasies (mities, ontologies en funksioneel) geskied. Pogings sal aangewend word om opvoeding binne elke fase te klassifiseer, te orden en te sistematiseer. Daar sal seker gemaak word dat die inhoud baie deeglik geklassifiseer, georden en gesistematiseer word en dat die verslag 'n ewewigtige, wetenskaplike en boeiende weergawe van die ondersoeker se navorsingswerk sal wees.

Tweedens sal daar gepoog word om te bepaal in hoeverre die histories-opvoedkundige gegewens soos vervat in die beskrywing van die wordingsverloop van die mens en die mensheid 'n positiewe bydrae sal lewer tot interpretering, ordening en sistematisering van opvoeding in die verlede ter verheldering van die probleme in die hede met die oog op verskaffing van perspektiewe vir die toekoms.

7. AFBAKENING VAN TERREIN

Hierdie studie sal onderneem word vanuit 'n histories-opvoedkundige perspektief wat oor ander deeldissiplines van die opvoedkunde heen sny - byvoorbeeld in hierdie geval die Opvoedkundige Sielkunde. Daar sal nie 'n vaste tydsverloop aan die studie gekoppel word nie aangesien die wording van die mens en kulture reeds oor die eeue heen plaasvind.



Die studie ondersoek die wordingsverloop van kulture van barbarisme tot beskaafdheid. Daar sal dienooreenkomsdig verwys word na die wording van die mens, van baba tot volwassene.

Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n geografiese afbakening nie ter sake nie maar eerder die wording van mens as verskynsel in die wêreld. Wanneer daar na spesifieke kulture verwys word, is dit bloot eksemplaries.

8. PLAN VAN STUDIE

HOOFTUK 1 : ORIËNTERING EN AGTERGROND

Hierdie hoofstuk sal dien as oriëntering en sal 'n breë raamwerk en agtergrond verskaf waarteen die navorsing gelees moet word.

HOOFTUK 2 : RELEVANTE BEGRIFFE

In hierdie hoofstuk sal relevante begrippe wat die navorsingsveld meer toeganklik maak, gedefinieer en verklaar word.

HOOFTUK 3 : DIE MITIESE FASE

In hoofstuk drie sal die mitiese fase beskryf word ooreenkomstig werke van C.A. van Peursen waarna 'n poging aangewend sal word om enkele toepaslike opvoedingseksemplare in die verlede te soek wat ooreenkomstig die betrokke fase geklassifiseer, georden en gesistematiseer kan word.

HOOFTUK 4: DIE ONTOLOGIESE FASE

In hoofstuk vier sal die ontologiese fase beskryf word ooreenkomstig werke van C.A. van Peursen waarna 'n poging aangewend sal word om enkele toepaslike

opvoedingseksemplare uit die verlede te soek wat ooreenkomstig die betrokke fase geklassifiseer, georden en gesistematiseer kan word.

HOOFTUK 5 : DIE FUNKSIONELE FASE

In hierdie hoofstuk sal die funksionele fase beskryf word ooreenkomstig werke van C.A. van Peursen waarna 'n poging aangewend sal word om enkele toepaslike opvoedingseksemplare uit die verlede te soek wat ooreenkomstig die betrokke fase geklassifiseer, georden en gesistematiseer kan word.

HOOFTUK 6 : BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

Op grond van die kennis en insig wat deur die studie bekom is en die bevindinge wat gemaak is, is bepaalde aanbevelings vir die oplossing van die probleem gemaak word.

9. BEGRIPSONTLEDING VAN DIE TITEL

9.1 Die begrip "kultuur"

Vir 'n volledige uiteensetting van die begrip "kultuur", verwys asseblief na Hoofstuk 2, par 2.1

9.2 Die begrip "strategie"

Terblanche & Odendaal (1988:1056) definieer die begrip "strategie" as "die kuns van oorlogvoering (veral die maak of uitvoering van beweging op groot skaal)"

Die begrip "strategie" verwys na die " 'n wyse waarop 'n mens volgens beplanning jou doel gaan bereik " Odendaal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booyens (1988:1095, 1994:1034).



Labuschagne & Eksteen (1992:878) sien die begrip "strategie" as "'n sorgvuldige beplanning, die aanvalsplan".

Volgens De Villiers, Smuts, Eksteen & Gouws (1988 :498) verwys die begrip "strategie" na "die kuns van oorlogvoering, veral die maak en uitvoer van planne vir beweging op groot skaal; die geheel van middele waarmee 'n mens 'n doel wil bereik".

Van Peursen (1970:135) beskryf "strategie" as "een geheel van regels om een doel te bereiken".

In bogenoemde begripsomskrywings word daar na die begrip "strategie" verwys as 'n samevattende begrip wat bepaalde saamgestelde reëls en sorgvuldige beplanning (wat 'n mate van kundigheid veronderstel) vir belangrike toekomstige handelinge wat op groot skaal uitgevoer gaan word.

Vir die doeleindes van hierdie studie, verwys die begrip "strategie" na die plan of metode waarvolgens kultuur geskep word. (Vergelyk in hierdie verband die verband tussen kultuurmaak en leef [par. 2.3.1 van hierdie hoofstuk]). In hierdie studie kan die begrip "beleid" as sinoniem vir die begrip "strategie" dien.

9.3 Die begrip "model"

Terblanche & Odendaal (1988:636) verklaar die begrip "model" as 'n "voorbeeld; die voorgeskrewe vorm; die presiese navolging; 'n tipe of toonbeeld van; 'n nabootsing op klein skaal".

Odendal et al. (1994:671) sien die begrip "model" as "die voorbeeld waarvolgens iets gemaak moet word; 'n tipe gebruiksvoorwerp wat wissel volgens die heersende smaak; 'n nabootsing op klein skaal; 'n toonbeeld, die volmaakte voorbeeld van iets; 'n teoretiese raamwerk vir wetenskapsbeoefening".



Die begrip "model" word volgens Labuschagne & Eksteen (1992:514) gepresiseer as 'n "voorbeeld wat nagevolg word; 'n nabootsing in klein formaat; 'n voorbeeld, patroon, of voorgeskrewe vorm van iets".

Uit bogenoemde begripsomskrywinge is dit duidelik dat daar twee betekenisse van die begrip "model" onderskei kan word. Enersyds beteken "model" 'n navolgenswaardige voorbeeld of afbeelding van die werklikheid of werklike, byvoorbeeld 'n model vliegtuigie, en andersyds verwys dit na 'n teoretiese raamwerk vir wetenskapsbeoefening.

Vir die doeleindes van hierdie, verwys die begrip "model" na 'n teoretiese raamwerk vir wetenskapsbeoefening.

9.4 Die begrip "kultuurstrategie-model"

Vir die doeleindes van hierdie studie, verwys die begrip "kultuurstrategie-model" na 'n teoretiese raamwerk (model) waardeur kultuur (lewensuiting van elke mens en mensegroep) in die verskillende wordingsfases met een oogopslag sigbaar gemaak word. Na aanleiding van die kultuur (die mens se dag tot dag lewe), kan 'n aanduiding verkry word van 'n bepaalde kultuurgroep se strategie vir lewe (hul kultuurbeleid) of hul lewens- en wêreldbeskouing. Kultuur behoort met verantwoordelikheid geskep te word sodat dit 'n waardevolle (positiewe) nalating vir die toekoms kan wees. (Vergelyk in hierdie verband die doelstellings van die kultuurstrategie-model par. 2.4.2 en 2.4.3 van hierdie hoofstuk.)

9.5 Die begrip "histories"

Volgens Odendal et al. (1988:394, 1994:377) beteken die begrip "histories" "betrekking hebbende; in verband met; met die aard van; ooreenkomsdig of volgens die geskiedenis; deur die geskiedenis oorgelewé; bekend uit die

geskiedenis; wat werklik gebeur of geleef het; uit die oogpunt van die geskiedenis; geskiedkundig".

Volgens De Villiers, et al. (1988:215) word die begrip "histories" gepresiseer as "iets wat werklik plaasgevind het, nie legendaries nie; 'n gebeurtenis wat vermaard geword het of sal word".

Labuschagne & Eksteen (1992:267) beskryf die begrip "histories" as "gebeure of sake wat oor tye heen te doen het".

Uit bogenoemde beskrywings word daar na die begrip "histories" verwys as gebeure of sake wat werklik oor tye heen plaasgevind het en deur die geskiedenis van geslag tot geslag oorgelewer is.

Die begrip "historiese" is 'n byvoeglike naamwoord verwysende na of behorende tot die verlede.

9.6 Die begrip "Opvoedkunde"

Odendal et al. (1988:805) sien die begrip "opvoedkunde" as "die leer van die opvoeding; pedagogie".

Kritzinger et al. (1982:341) beskryf die begrip "opvoedkunde" as "die pedagogie of die leer van opvoeding".

Volgens Van Rensburg & Landman (1988:160) beteken die begrip "opvoedkunde" die "pedagogiek of wetenskap van die opvoeding".

Uit bogenoemde beskrywings kan dit afgelei word dat die begrip "opvoedkunde" na die leer van die opvoeding wat die liggaamlike en geestelike vorming van 'n kind deur 'n volwassene behels, beteken.

9.7 Die begrip "Historiese Opvoedkunde"

Van Rensburg & Landman (1988:84) sien die begrip "Historiese Opvoedkunde" as deur-ondersoek-verworwe-kennis; 'n bestudering van opvoedingsdenke en opvoedingspraktyke uit die verlede. Die outeurs Van Rensburg & Landman (1988:84) sê verder dat die Historiese Opvoedkunde:

- Die opvoedingsfenomeen in historiese perspektief bekyk;
- die vertrekpunt in die probleme geleë wat in die eietydse opvoedingsgebeure aan die lig tree - die doel is om die essensies van 'n besondere probleem in sy totale reliëf uit te lig en te orden;
- Historiese Opvoedkunde deeglik kennis neem van die uiteenlopende antwoorde wat deur die eeu oor fundamenteel-pedagogiese vraagstukke gegee is;
- die perspektief is wat die geskiedenis van die mensdom in oënskou neem om te probeer vasstel hoe die opvoedingsessensies deur die eeu telkens in besondere samelewingsgroepe en tye vergestalt is.
- as gevolg van die oopdekking en verstaanbaarmaking van die opvoedingsessensies van die verlede, die teenwoordige verhelder, verryk en verdiep en moontlike riglyne vir die toekoms uitstippel.

10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die kultuurstrategie-model van C.A. van Peursen inleidend beskryf waarna 'n probleem en hipotese vir die studie gestel is en die doel van die studie uiteengesit word. Daar word ook aandag gegee aan 'n beskrywing van die histories-opvoedkundige navorsingsmetode as metode van studie en 'n

plan van studie is verskaf. Enkele begripsverklaringe (uit die titel) word ook gedoen.

HOOFSTUK 2

KONSEPTUELE ANALISE

1. Doel met hoofstuk

Die doel met hierdie hoofstuk is om relevante begrippe wat die studie meer toeganklik maak, te definieer en duidelik te verklaar.

2. Inleiding

Net soos 'n ambagsman afhanklik is van sy gereedskap om sy werkstaak met trots te verrig, so is 'n wetenskaplike afhanklik van spesifieke konsepte wat dien as die instrumente in sy vakgebied. Hierdie presisering en verfyning van die konsepte vergemaklik 'n studie en dit gee 'n beter begrip van sy vakgebied. As 'n stelling of gedagte vaag uitgedruk word, veroorsaak dit nie net verwarring nie, maar kan dit lei tot misverstande en verkeerde afleidings. Dit is daarom nodig om relevante konsepte te verduidelik en te verfyn; 'n vereiste vir suiwer wetenskapsbeoefening.

2.1 Die begrip "kultuur"

Die begrip "kultuur" is afkomstig van die Latynse werkwoord *colo* of *colore* en het oorspronklik op 'n spesifieke menslike handeling gedui, naamlik die bewerking van die bodem. Die Engelse begrip "agriculture" sluit volgens Sykes (1978:16) ten nouste hierby aan. Die werkwoord *colo* of *colore* het ook die betekenis van versier, bewoon en bewerk.

2.1.1 Keywords in Education

Volgens Collins, Downs, Griffiths & Shaw (1973:52) word die begrip "kultuur" op Engels: "culture" beskryf as "all that which is required by man as a member of society and retained in the tradition; the established and learned way of doing things; the beliefs, ideas, language, institutions and procedures which characterise a specific community."

2.1.2 Dictionary of Education

Die begrip "kultuur" op Engels: "culture" word deur Good (1973:156) gedefinieer as "the aggregate of the social, ethical, intellectual, artistic, governmental and industrial attainments characteristic of a group, state or nation and by which it can be distinguished from or compared with other groups, states or nations; includes ideas, concepts, usages, institutions, associations and material objects; the level attained by the individual or social group in the accumulation of knowledge and the integration of social behavior patterns ..."

2.1.3 The Oxford Dictionary

Volgens Hawkins (1992:146) word die begrip "kultuur" op Engels: "culture", verklaar as "the appreciation and understanding of literature, arts and music; the customs and civilization of a particular people or group".

2.1.4 Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Volgens Odendaal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Boysen (1994:592) word die begrip "kultuur" beskryf as "die ganse geestelike besitting van 'n volk of ander groep(ering) op elke terrein; geestelike; beskawingstoestand"

2.1.5 Kernwoordeboek

Die begrip "kultuur" word volgens Odendaal (2000:311) gedefinieer as 'n "verfyning van die geestelike en fisiese oefening; intellektuele ontwikkeling; teling; produksie; verbouing; bebouing; aankweking; beskawings(toestand)".

2.1.6 Cultuur in Stroomversnelling

Van Peursen, (1975:10) maak 'n onderskeid tussen 'n sogenaamde "ou" en "nuwe" definisie van die begrip "kultuur".

Volgens die ou definisie verwys die begrip "kultuur" na "de uitingen van het hogere, geestelijke leven van de mens: religie, kunst, filosofie, wetenskap, staatkunde" (Van Peursen, 1975:10). Hierdie definisie kom ooreen met punt 2.1.3 hierbo wat lui "the appreciation and understanding of literature, arts and music; the customs and civilization of a particular people or group" (Hawkins, 1987:146).

Volgens (Van Peursen 1975:10) verwys die nuwe definisie van die begrip "kultuur" na "de levensuiting van ieder mens en mensengroep". Hierdie definisie is meer omvattend en hou verband met die definisie in punt 2.1.4 hierbo wat lui "all that which is required by man as a member of society and retained in the tradition" (Collins et. al, (1973:52). Die uitdrukking "de instrumentalisering van het cultuurbegrip" wys dan juis ook op die feit dat kultuur nie 'n teoretiese aangeleentheid is nie – intendeel, kultuur, kultuur-maat of kultuurskepping moet juis as instrument in die hand dien waarmee die mens 'n bydrae kan lewer tot die stigting en ordening van sy leefwêreld. Deur die mens met kultuurmaak as instrument in sy hand sentraal te stel, kan 'n kultuurbeleid vir die toekoms opgestel word.

2.1.7 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde begripsomskrywings wil dit voorkom of die begrip "kultuur" volgens die ou of eerste definisie van Van Peursen verwys na die hoër geestelike lewe van die mens soos literatuur, kuns of musiek. Kultuur is 'n gemeenskapsvorm wat samewerking van elke mens vereis en oorgedra kan word van geslag tot geslag. Volgens die nuwe definisie verwys kultuur na die lewensuiting van elke mens en mensegroep. Dit wil sê enige iets wat die mens se hand vind om te doen, word as kultuur beskou. Volgens Van Peursen, (1987:11) word kultuur "vooral als een zelfstandig naamwoord beschreven, maar tegenwoordig eerder als een werkwoord". Dit is as 'n begrip veel beweeglicher en meer dinamies van aard.

Die begrip "verruiming" verwys na 'n proses van uitbreiding van kultuur gevvolglik wil Kirsten (1975:5) met die begrip "verruiming" te kenne gee dat die kultuurbegrip nie langer gereserveer word vir 'n bepaalde aspek van die mens se selfekspressie (die sogenaamde hoër geestesuitinge) nie, maar dat dit uitgebrei word om die menslike lewenswyse te omvat.

2.1 Die begrip "paspoort"

2.2.1 Nasionale Woordeboek

Volgens De Villiers, Smuts, Eksteen & Gouws (1988:383) word die begrip "paspoort" beskryf as 'n "dokument met identiteitsbewyse deur 'n regering aan 'n burger uitgereik vir reis in die buiteland." Die begrip "paspoort" is 'n tasbare, konkrete dokument wat die betekenis van 'n toelatingspas inhoud.

2.2.2 The Oxford Senior Dictionary

Volgens Hawkins (1992:590) word die begrip "paspoort" op Engels: "passport", verklaar as "a thing that enables one to obtain something, such ability is a passport to success".

2.2.3 Verklarende Afrikaanse Woordeboek

Volgens Labuschagne & Eksteen (1993:631,632) word die begrip "paspoort" verklaar as 'n "reispas in vreemde lande; bewys van ontslag uit die krygsdiens." Hier is die begrip "paspoort" 'n tasbare, konkrete dokument wat die betekenis van 'n toegangspas, deurgangspas of toelatingspas inhoud.

2.3 Die begrip "kulturele paspoort"

In die lig van die nuwe betekenis van die begrip "kultuur", (kyk par. 2.1.7) en die betekenis van die begrip "paspoort" kan die begrip "kulturele paspoort" in die abstrakte vorm beskryf word as toegang wat verleen word om voort te gaan om in die toekoms kultuur te skep. Hier word van die veronderstelling uitgegaan dat 'n kulturele paspoort toegestaan word op grond van die feit dat verantwoordelike kultuurskepping in die verlede en hede plaasgevind het en wel in so 'n mate dat daar op dieselfde wyse voortgegaan kan word om in die toekoms kultuur te skep.

2.4 Die begrip "instrumentalisering"

2.4.1 Cultuur in Stroomversnelling

Van Peursen (1987:10) sien die begrip "instrumentalisering" as "de bezinning op kultuur als middel tot een beter beleid." Omdat elke mens kultuur skep, (verwys na par. 2.1.6) moet elkeen besin oor sy kultuurskepping en uit die besinning moet hy riglyne formuleer vir 'n beter en meer verantwoordelike beleid. Kultuur word 'n instrument in die mens se hand, die mens het beheer daaroor, hy neem eienaarskap vir sy optrede (lewe). Die mens moet kultuurbewus gemaak word, dit wil sê dat "hij actief moet meedoen in het uitzetten van die richting, die die menselike kultuur moet inslaan" (Van Peursen, 1987:10). Volgens die uitbreiding en dinamisering van die kultuurbegrip (van selfstandige naamwoord na werkwoord) word kultuur 'n instrument in die hand van die mens.

2.5 Die begrip "immanensie"

2.5.1 The New Century Dictionary of the English Language

Volgens Emery & Brewster (1948:795) word die begrip "immanensie" op Engels: "immanence" beskryf as "remain in, remaining within; indwelling; inherent; specification of a mental act or action; taking place entirely within the mind of the subject and producing no effect outside of it".

2.5.2 Fundamenteel-Pedagogiese Begripsverklaringe

Die begrip "immanensie" is afgelei van die Latynse woord "immanens" wat "inwonend" beteken. Volgens (Van Rensburg & Landman (1988:90) kan dit gepresiseer word as "inwonend: 'n gedagte wat voortvloei uit die Eksistensialisme en sodoende bv. 'n Christelike lewensopvatting verduister; dit is alles wat in die mens teenwoordig is of in die mens inwoon. Vir die eksistensialis beteken dit dat die mens sy eie skepper is". Die begrip "eksistensialisme" word gesien as 'n "wysgerigte rigting wat die menslike bestaan in elke situasie telkens in die middelpun stel en deur ondersoek na die konkrete nestaanwyse [eksistensialia] van die mens die sin van die lewe wil deurgrond" (Odendaal et. al. 1988:196).

2.5.3 Afrikaanse Woordeboek

Volgens Terblanche & Odendaal (1988:384) word die begrip "immanensie" beskryf as "byblywend, inwonend, inherent, aanklewend; die begrip wat die skeppingsbeginsel van die heelal self deurdring."

2.5.4 Nasionale Woordeboek

Volgens De Villiers et al.(1985:214) kan die begrip "immanensie" omskryf word as dit "wat binne die terrein van menslike ervaring of bewussyn bly; inwonend."

2.5.5 The Oxford Senior Dictionary

Hawkins (1992:403) beskryf die begrip "immanensie op Engels ("immanence") as "inherent; (of God) permanently pervading the universe."

2.5.6 Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Volgens Odendaal et al. (1994:412) word die begrip "immanensie" beskryf as die "toestand van immanent te wees; inwoning).

2.5.7 Cultuur in Stroomversnelling

Van Peursen, (1987:18,26) beskryf die begrip "immanensie" as "de beslotenheid van feitelike gegevens; zich toesluiten, niet meer ontvankelijk zijn". Hy verduidelik verder dat die immanente mens saam met die stroom van alle lewensprosesse (alledaagse dinge) beweeg "deze natuurlijke levensstroom zet zich voort in de mens" (Van Peursen, 1987:18) Die mens volg die reëls van die natuur om sy drange te bevredig "het gaat om een fysiek moeten" (Van Peursen, 1987:19).

2.6 Die begrip "transendensie"

2.6.1 Fundamenteel-Pedagogiese Begripsverklaringe

Die begrip "transendensie" (1988:220) is volgens Van Rensburg & Landman afgelei van die Latynse "transcendere", "trans" - oor, oorkant + "scandere" – klim. Die begrip kan beteken "te bo(we) gaan; uitreik bo die menslike beperktheid of die werklikheid; verhef tot; op 'n hoër vlak bring; teenoorgestelde

van immanensie". In die Eksistensiefilosofie word daar besonder klem gelê op die feit dat die eksisterende mens kan "transendeer" op grond van sy intensionaliteit.

2.6.2 Cultuur in Stroomversnelling

Van Peursem (1987:18,26) verklaar die begrip "transendensie" as dit "wat erboven,erbuiten staat; openheid; openstaan voor wat ons te boven gaan".

2.6.3 Afrikaanse Woordeboek

Terblanche & Odendaal (1966:1132) beskryf die begrip "transendensie" as die "te bowe gaan van die ervaring; uitreik bo die menslike beperktheid of die werklikheid; verhef (tot); op 'n hoër plan bring; bo(we) sinlikheid; die feit van bo en buite die wêreld te wees".

2.6.4 The Oxford Senior Dictionary

Hawkins (1987:684) beskryf die begrip "transendensie" (op Engels "transcendance") as "going beyond the limits of ordinary experience, surpassing".

2.6.5 Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Odendaal et al.(1994:1098) verklaar die begrip "transendensie" as "bo die sinnelike uitreik; wat die grense van die ervaring oorskry; onkenbaar; onvatbaar."

2.6.6 Gevolgtrekking

Kultuur as spanning tussen die immanente (dit wat in die mens teenwoordig is en binne die terrein van menslike ervaring of bewussyn bly) en die transendentie

(die uitreike bo die menslike beperktheid of werklikheid) is tipies van die menslike lewe.

Die ontwikkeling van die mens is met feitelike geskiedenis en beoordeling van die bestaande kultuur ineengevleg. Natuurlike reëls vir lewe, hetsy vir die primitiewe of moderne mens, moet nie meer as vansefsprekend aanvaar word nie. Dit moet onderwerp word aan 'n kritiese beoordeeling aan die hand van maatstawwe of norme ter verbetering van die bestaande kultuur. Die mens moet gedurig vra na die regsgeldigheid van sy kulturele paspoort.

Kultuur is 'n leerskool waar "de mens zichzelf onderwijs" (Van Peursen, 1987:18). Die mens leer algaande uit die foute wat hy begaan omdat hy in verhouding is met die gegewene (natuurwette en eie natuur). Hy vra nie meer hoe iets is nie (immanente) maar eerder hoe dit behoort te wees (transendent). Die mens se lewe bereik nooit 'n versadigingspunt nie, daar vind 'n voortdurende verandering in sy kultuur plaas. Die band van natuurlike reëls word deur evaluering van die bestaande kultuur deurbreek en binne sy kulturele paspoort opgeneem.

Van Peursen (1987:18) rapporteer dat "de normen van wat mooi, nuttig, sedelik vereist is, brengen de mens in beweging". 'n Nuttelose stuk steen (rou materiaal) kan waarde inhoud vir 'n beeldhouer; hy kan dit in iets moois, nuttig en vir die goeie omskep deur 'n maatstaf aan homself te stel. Die mens beoordeel en evalueer sy eie natuur en die omringende natuur en omskep dit in normatiewe reëls. Selfs natuurlike prosesse soos die biologiese ontwikkeling van eensellige tot ander diere (evolusie) word normatief uitgedruk. Dit is nie net die hoëre funksies van die mens, soos wetenskapsbeoefening, sedelike oordeel of religieuse oortuiging wat normatief uitgedruk word nie maar ook natuurlike lewensbehoeftes soos voeding (voorbereide geregte), seksuele omgang (kuns van erotiek), asemhaling (asemhaling by meditasie) en aggressiewe gedrag (direkte en indirekte uitoefening van aggressie by geweldpleging).

Deur die toepassing van geldige norme, vind vorming van die mens plaas en is dit sosiaal aanvaarbaar binne 'n bepaalde kultuur. Natuurlike reëls (immanente) moet nagevolg word (fisieke moet) terwyl normatiewe reëls (transendent) nie hoef nagekom word nie (morele moet). Die mens kan soms vernalaat om reëls na te kom uit morele swakheid of ontoereikendheid en sodoende na verandering en vernuwing van bestaande reëls strewe.

Die spanning tussen die immanente dimensie en die transendentale dimensie vereis "telkens opnieuw, een originele en spontane inzet van mensen en groepen" (Van Peursen, 1987:19). Op grond hiervan is daar 'n verfyning van die natuurlike mens opweg na 'n geestelike mens. Dit maak huis die menslike geskiedenis so opwindend en dinamies (Van Peursen, 1987:19).

2.7 Die begrip "grondhouding"

2.7.1 Groot Woordenboek der Nederlandse Taal

Geerts & Heestermans (1992:1056) beskryf die begrip "grondhouding" op Nederlands as "houding waarop andere gedragingen, reacties gebaseerd worden."

Elke mens is uniek in wat hy of sy dink of doen. Die optrede van die mens in verskillende situasies, sal van persoon tot persoon varieer. Omdat daar 'n onderskeid bestaan in die houding van mense, sal hul kulturele perspektief noodwendig verander in die werklikheid. Die mens se optrede in die algemeen, is gebaseer op die norme wat hy geïnternaliseer het.

Die mens se grondhouding word bepaal deur alles wat hom gevorm het tot op hede, onder ander sy genetiese samestelling, kultuur, opvoeding en geloofsoortuiging en die sosio- ekonomiese omstandighede waarin hy groot geword het en hom op enige tydstip in sy lewe bevind. Hierdie faktore bepaal 'n

persoon se grondhouding waarin hy dink en doen en "is". Die mens se grondhouding bepaal sy strategie vir lewe.

2.8 Die begrip "tradicie"

2.8.1 Cultuur in Stroomversnelling

Die begrip "tradicie" (op Nederlands "traditie") word volgens Van Peursen (1987:15) beskryf as "de overdracht van normen gewoonten, regels, goedere; niet iets onveranderliks; traditie is juist opgenomen binne een grote verscheidenheid van menselike handelingen, want die mens doen iets met die traditie: hij aanvaardt, verwerpt of verandert deze".

2.8.2 Nasionale Woordeboek

Volgens De Villiers et al. (1985:528) word die begrip "tradicie" beskryf as 'n "orgelewerde opvatting, gebruik, geloof; oorlewering van mond tot mond, van geslag tot geslag."

2.8.3 Verklarende Afrikaanse Woordeboek

Volgens Labuschagne & Eksteen (1993:942) word die begrip "tradicie" omskryf as "oorlewering van mond tot mond, van geslag tot geslag; oorgelewerde sedes, gewoontes, kultuurwaardes van 'n volk."

2.8.4 Basiswoordeboek

Volgens Gouws, Feinauer & Ponelis (1994:430) word die begrip "tradicie" omskryf as 'n "versameling gebruik wat oor 'n tyd, baie keer, geslagte lank, oorgelewer word."

2.8.5 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat die begrip "tradicie" verwys na gedragsvorme of gewoontes wat herhaaldelik en oor 'n tyd in 'n bepaalde groep voorkom en as goed en "normaal" beskou word. Tradisies kan ook die mondelinge oorlewing van norme en waardes wat binne 'n bepaalde groep gebruiklik is wees. Die gewoontes en gebruikte binne die groep, wat gewoonlik minverander, word van geslag tot geslag oorgedra. Tradisies kan opgeneem word binne 'n groot verskeidenheid van menslike handelinge. Die mens doen iets daarmee. 'n Tradisie wat aan die eise van die mens voldoen, word aanvaar, maar dit staan die mens vry om dit te verwerp of na goeddunke te verander. Die verandering in tradisionele gewoontes en gebruikte in mitiese samelewings, is 'n tipiese voorbeeld hiervan.

2.9 Die begrip "mite"

2.9.1 Cultuur in Stroomversnelling

Volgens Van Peursen (1987:39) word die begrip "mite" beskryf as "een verhaal, dat van bijzondere en richtinggevende betekenis is voor een groep mensen. Het verhaal kan verteld, maar ook in poppenspel uitgebeeld worden. Kernen van zulk een verhaal zijn de symbolen, waarin menselijke oer-ervaring is uitgedrukt: symbolen van goed en kwaad, van leven en dood, van schuld en reiniging, van huwelijk en vruchtbaarheid, van paradijs en hieramaals. De mythe is meer dan een verhaal in de moderne zin van het woord, meer dus dan alleen een interessante vertelling die ons wat afleiding bezorgd; de mythe is ook meer dan een reportage of een soort documentaire over vroegere gebeurtenissen, het optreden van goden en ander werelden. De mythe geeft richting aan menselijk gedrag, is een kompas voor menselijk beleid." Die beskrywing wat Van Peursen weergee sluit theogoniese sowel as kosmogoniese mites in.



2.9.2 Nasionale Woordeboek

Die begrip "mite" word volgens De Villiers et al. (1985:324) beskryf as 'n "oorgelewerde verhaal in verband met ou godsdienslike of bonatuurlike opvattinge; godeverhaal; algemene opvatting sonder feitelike grond". Hierdie beskrywing is 'n voorbeeld van 'n theogoniese mite.

2.9.3 The Oxford Senior Dictionary

Volgens Hawkins (1987:411) word die begrip "mite" op Engels ("myth") beskryf as "a traditional story containing ideas or beliefs about ancient times or natural events; an idea that forms part of the beliefs of a group or class but is not founded on fact." Die bogemelde beskrywing, verwys na theogoniese sowel as kosmogeniese mites.

2.9.4 Verklarende Afrikaanse Woordeboek

Volgens Labuschagne & Eksteen (1993:513) word die begrip "mite" as 'n "tradisionele, voorhistoriese verhaal of vertelling oor bonatuurlike mense of gedaantes wat die vergestalting is van die populêre of algemene geloof en sienings oor bonatuurlike verskynsels". Hierdie beskrywing is tipiese voorbeeld van 'n theogoniese mite.

2.9.5 Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Die begrip "mite" word deur Odendaal et al. (1994:670) beskryf as die "oorlewering omtrent gode en godsdiens; godeverhaal." Hier verwys die beskrywing na theogoniese mites.

2.9.6 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde verklarings word daar telkens verwys na die twee groot groepe mites naamlik theogoniese- en kosmogoniese mites (verwys na punt 2.3.1 en 2.3.2 van hoofstuk 3 vir 'n breedvoeriger verduideliking). Die begrip "mite" verwys na 'n tradisionele oorgelewerde verhaal of vertelling van vroeë gebeurtenisse. Oorlewerings van gode, idees vir die gewensde gedrag en geloofsoortuigings van 'n groep mense, word daarin vervat. Hoewel die mite 'n algemene opvatting is sonder feitelike grond, bevat dit gewoonlik 'n morele boodskap. So is die bekende (storie) mite van Rooikappie, die feit dat klein kinders nie alleen oor lang afstande gestuur mag word nie omdat dit vir hulle gevare kan inhoud. Die mite hou besondere en rigtinggewende betekenis in vir die mitiese mens, omdat dit sy denke en gedrag kan beïnvloed. Die mite kan vertel, gedans of in poppespel uitgedruk word.

2.1 Die begrip "rite"

2.10.1 Cultuur in Stroomversnelling

Volgens Van Peursen verwys die begrip "rite" na 'n "offerhandelingen; zijn is ook niet maar alleen bezweringsformules, want zij hebben dikwijls de nuchtere functie van elkaar wat moed te geven als voorbereiding voor deurstane moeilikheden, zoals ziekte, droogte".

2.10.2 Nasionale Woordeboek

Volgens De Villiers, et al. (1988:423) word die begrip "rite" beskryf as "plegtigheid van kerklike of tradisioneel godsdiensstige aard; plegtige gebruik."

2.10.3 The Oxford Senior Dictionary

Volgens Hawkins (1992:699) word die begrip "rite" op Engels ("rite") beskryf as a "religious or other solemn ritual".

2.10.4 Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Die begrip "rite" word deur Odendaal et al.(1994:863) beskryf as 'n "Godsdiensstige gebruik, seremonie; handeling".

2.10.5 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat die begrip "rite" verwys na 'n kerklike of tradisionele byeenkoms gerugsteun deur 'n groep mense om verbandhoudende plegtige gebruikte uit te voer. In mitiese beskawings word die seremonies waargeneem deur die oudstes in die groep. Mites word om verskeie redes uitgevoer onder andere om die gode te vereer, huwelike te voltrek of selfs om troos te bring wanneer probleme soos siekte of droogte ontstaan. 'n Rite word in die vorm van 'n dans of lofsang uitgevoer terwyl die jonger geslag met groot agting daarvan meedoen.

2.11 Die begrip "mens"

2.11.1 Verklarende Afrikaanse Woordeboek

Labuschagne & Eksteen (1993:400) verklaar die begrip "mens" as 'n "unieke redelike wese; persoon; individu".

2.11.2 Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Odendaal et al.(1994:657) verklaar die begrip "mens" as "persoon; individu".

2.11.3 Kernwoordeboek

Odendaal et al (2000:353) verklaar die begrip "mens" as 'n "persoon; individu; 'n skepsel wat hom veral deur sy rede en sy taal van ander soogdiere onderskei".

2.11.4 Gevolgtrekking

Die begrip "mens" verwys na 'n unieke persoon of individu met unieke eienskappe wat hom van die res van die ander wesens op die aardbodem onderskei. Behalwe dat die mens kan praat, beskik hy oor intelligensie en baie ander ontwikkelbare talente. Die mens is 'n redelike wese wat verstandelik en rasioneel kan dink wanneer dit nodig is.

2.2 Die begrip "mensheid"

2.12.1 Verklarende Afrikaanse Woordeboek

Labuschagne & Eksteen (1993:500) verklaar die begrip 'mensheid' as "menslike natuur; toestand van menswees; die wese van die mens; al die lewendige mense, mensdom".

2.12.2 Nasionale woordeboek

Terblanche & Odendaal (1994:657) beskryf die begrip "mensheid" as "die menslike natuur, die hoedanigheid van mens te wees; alle lewendige mense; mensdom".

2.12.3 Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Odendaal et al. (1994:657) verklaar die begrip "mensheid" as 'n "menslike natuur, hoedanigheid van mens te wees; alle lewende mense; mensdom".

2.12.4 Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Odendal et al (1994:657) verklaar die begrip "mensheid" as die "menslike natuur, hoedanigheid van mens te wees; alle lewendige mense; mensdom".

2.12.5 Gevolgtrekking

Die begrip "mensheid" is 'n versamelwoord wat die versameling vir alle mense op die aardbodem insluit. Die begrip sluit alle mense in wat aan die essensiële eise en die hoedanigheid van *mens te wees* besit. Kenmerkend van die begrip "mensheid" is die feit dat die totale mensdom lewendig moet wees, hulle moet kan praat.

2.13 Die begrip "ontologies"

2.13.1 Fundamenteel - Pedagogiese Begripsverklaringe

Die begrip "ontologies" is volgens Van Rensburg & Landman (1988:151) afgelei van die Griekse woorde "ontos" - dit wat is + "logos" – woord. Ontologie is "die wetenskap wat die gegewe syndes (ontsiteite) op wetenskaplik-verantwoorde wyse verwoord".

2.13.2 Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Volgens De Villiers et al. (1988:360) verwys die begrip "ontologies" na die "wysgerige leer van die algemene eienskappe van dinge".

2.13.3 Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Volgens Odendal et al. (1994:738) verwys die begrip "ontologies" na die "wysgerige leer omtrent die synde; wordingsleer".

2.13.4 Gevolgtrekking

Om hierdie begrip "ontologie" na sy essensie te verstaan, is dit nodig om eers verdere begripsontledinge te doen. Die werklikheid of die "syn" bestaan uit verskillende synsdifferensiëringe wat bekend staan as "syndes" (van die syn). Hierdie syndes is dele van die syn wat, wanneer bymekaar getel word of saamgevoeg word, die totale syn of werklikheid uitmaak. Voorbeeld van syndes is die mens en die pedagogiese. Dit is belangrik om te verstaan dat die syndes met die werklikheid (syn) gegee is. Die begrip "gegewenhede" verwys na dit wat vir alle mense van alle tye gegee is (Odendaal et al.1994:247) en kan as die "wesende" of "issende" beskryf word - dit wat onwegdinkbaar (onties) daar is. Alle ontiese gegewens is ontsiteite of werklikhede. Die begrip "ontologie" kan dus beskryf word as die soek na dit wat werklik daar is.

2.14 Die begrip "magte"

2.14.1 Cultuur in Stroomversnelling

Volgens Van Peursen (1987:58) word "magte" op Nederlands "magie" beskryf as "de poging om onder andere door toverkunst zijn wil op te leggen aan mensen en natuurprocessen."

2.14.2 Nasionale Woordeboek

De Villiers et al.(1988:310) verklaar die begrip "magte" as die "heerskappy; wetlike gesag of bevoegdheid".

2.14.3 The Oxford senior Dictionary

Hawkins (1992:632) beskryf die begrip "magte" op Engels "power" as "to have control; influence; authority".

2.14.4 Verklarende Afrikaanse woordeboek

Labuschagne & Eksteen (1993:479) verklaar die begrip "magte" as 'n "gesag; invloed".

2.14.5 Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Odendal et al. (1994:640) verklaar die begrip "magte" as die "gesag; gesagdraende liggaam".

2.14.6 B.Ed - Lesings 1994

Die begrip "mag" word gedefinieer as enige krag wat die mens beïnvloed of predisponeer om op 'n sekere manier op te tree.

2.14.7 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde gegewens kan die afleiding gemaak word dat die begrip "magte" verwys na enige gesag (magte) wat 'n invloed op die mens se gedrag uitoefen en hom beïnvloed of predisponeer dat hy op 'n spesifieke manier optree.

2.15 Die begrip "substansialisme"

2.15.1 Cultuur in Stroomversnelling

Volgens Van Peursen (1975:73, 78) verwys die begrip "substansialisme" na "de houding, die metterdaad de dingen geheel op zichzelf wil stellen en dus niet in directe afhankelikheid van iets anders wil zien. Dat loopt er dan op uit dat de verhouding, de relatie van het een met het ander, verbroken wordt. Substantialisme isoleert en scheidt. Mensen, dingen, de wereld, de waarden, de Godheid, zij worden als in zichzelf rustende grootheden, als 'substanties', beschouw en daarmede worden hun onderlinge banden doorgesneden."

Waarden en begrippen worden als geïsoleerde substanties beskouwd, selfs die mens valt dan uiteen in twee substanties: Lichaam en ziel".

2.15.2 Fundamenteel-Pedagogiese Begripsverklaringe

Die begrip "substansialisme" is afgelei van die Latynse woord "substantia" *substare* wat vasstaan beteken: *sub*-onder + *stare* - staan. Van Rensburg en Landman (1988:212) verklaar dat "volgens hierdie leer, die mens gesien word as 'n wese wat uit substansies (stowwe) saamgestel is, wat aanwysbaar en selfs waarneembaar is met behulp van allerlei tegnieke en instrumente. Hiervolgens is die mens die eindresultaat van minstens drie substansies naamlik liggaam, siel en gees.

2.16 Die begrip "operasionalisme"

Die begrip "operasionalisme" word deur Van Peursen (1987:24) omskryf as "het gevaar dat wij met elkaar gaan opereren alsof wij alleen maar stukken op een schaakbord, nummers van een kaartspel zijn."

Van Peursen verwys hier na die verskynsel waar die mens in die eerste dimensie van die funksionele fase vanuit die substansialisme oorgaan na operasionalisme. Die mens raak so verwyderd van natuur, medemens en bonatuurlike dat hy daarop ingestel is om ander tot eie voordeel te laat opereer "funksioneer".

3. Samevatting

Die verskillende konseptewat in die studie ter sprake kom, is gedefinieer vanuit die sienings van verskillende skrywers en akademici. Om die studie meer toeganklik te maak is daar telkens tot 'n gevolgtrekking gekom na die beskrywing van die verskillende konsepte.

HOOFSTUK 3: MITIESE FASE

1. DOEL MET HOOFSTUK

Die doel met hierdie hoofstuk is om die mitiese fase te beskryf ooreenkomsdig die werke van C.A. van Peursen. Op grond van hierdie beskrywing sal daar 'n poging aangewend word om opvoeding in 'n mitiese kultuur te beskryf, te sistematiseer en te verklaar.

2. DIE BEGRIP "MITE"

2.1 Die benaming "mitiese fase"

Dit wil voorkom asof die benaming "mitiese fase" vir hierdie eerste fase van ontwikkeling gekies is vanweë die mens se onlosmaaklike verbondenheid aan mites. Hoewel die mens oor die algemeen daarvan hou om na verhale te luister, beklee die mite 'n buitengewoon belangrike plek en funksie in die lewe van die mitiese mens. Die mite gee rigting aan menslike gedrag en dien as kompas vir menslike gedrag waar "de mens deelnemen aan hetgeen rondom hem gebeurt, het spel met de machten van de natuur - die hem omgeeft" (Van Peursen, 1987:39).

2.2 Oorsprong van die begrip "mite"

Die begrip "mite" het sy oorsprong in die mitologie (die begrip "mitologie" verwys na "die gesamentlike oorgelewerde mites van 'n volk; godeleer; fabelleer" [Kritzinger & Labuschagne, 1982:610]). 'n Mite kan daarom beskryf word as 'n ou volksverhaal wat handel oor gode en godinne en bonatuurlike wesens of gedaantes. In "de mythische verhalen ... valt de natuur samen met het bovennatuurlijke" (Van Peursen, 1975:36).

2.3 Die begrip "mite"

Vir 'n volledige omskrywing van die begrip "mite", raadpleeg asseblief hoofstuk twee par 2.9.

2.4 Tipe mites

Alhoewel mites oor 'n verskeidenheid onderwerpe kan handel, onderskei Van Peursen hoofsaaklik tussen twee tipes mites, naamlik:

2.4.1 Kosmogoniese mites

Die begrip "kosmogenie" kom van die woord "kosmos" wat na die heelal verwys. Die begrip "kosmogenie" verwys na die leer oor die ontstaan van die kosmos - dit verskaf dus wêreldkennis en sluit in kennis oor die ontstaan van die wêreld (verwys na "cosmo" in Emery & Brewster, 1948:331 op Engels wat beteken "form of Greek world, universe - used in combination")

Die vraag na die ontstaan van die kosmos is een van die eerste vrae wat in die denke van die wordende mens opkom - die vraag na die *arche* waaruit alle dinge voorkom. Wanneer die mitologie van Egipte, die Babiloniërs en die Griekse nagegaan word, word dit duidelik dat die aarde, water, lug en vuur kosmogoniese grondbegrippe is (Augusta & Honzák, 1988:21).

In verskillende mites word daar gepraat van die begin van alles, iewers in die oertyd. Hierdie begin word in die mites beskryf as 'n chaos wat geassosieer word met ongevormdheid, 'n onbegrensde ruimte wat met duisternis, wind en water gevul is. Die eerste wordingsgebeure word in die meeste van hierdie mites beskryf as 'n skeiding van wat bo en wat onder is. Bokant die aarde word daar gesê, is waterdamp, lug en vuur. Die son, maan en sterre word veral met die vuur in verband gebring. Hieruit kom weer hemelwesens te voorskyn.

Kosmogoniese mites het ontstaan as 'n poging om die vraag na die oorsprong van die kosmos te beantwoord. Vele van hierdie mites is vir honderde jare van geslag tot geslag oorvertel en het later aanleiding gegee tot en die onderbou verskaf vir filosofiese redenasies oor die onderwerp. Selfs bekende filosowe soos Thales, Anaximander, Herakleitos en Empedokles het die boustene van hulle filosofieë - wat eintlik 'n wêreldbeskoulike onderwerp is - uit die algemeen bekende mitologiese voorstellingswêreld gehaal Augusta & Honzák, (1988:21).

2.4.2 Theogoniese mites

Die begrip "theogoniese" word afgelei van die grondwoord "Theo" wat na God verwys en gewoonlik met 'n hoofletter gespel word. Afleidings van hierdie woord is volop. Die begrip "theogonie" verwys na die gode of leer van die afstamming van die gode (Kritzinger & Labuscagne, 1982:1106). Van Peursen (1975:39) is dit eens dat theogoniese mites "... verhalen over het ontstaan van de goden" is en die inhoud daarvan "de verhoudingen tussen goden, de oorsprong van het kwaad" bevat.

2.4.3 Ontaarding van mites

Van Peursen (1975:39) waarsku egter dat mites soms kan ontaard in spekulatiewe verhale wat bloot daar is om genot te verskaf en ter wille van die imponering van mense in ongepaste situasies, of met onsuiwere bedoelings, of om toormiddels beter voor te stel. Verhale word dan opgemaak, verdraai en spekulatief aangewend en as 'n ware weergawe van die oorspronklike mites aangewend. Die afleiding kan gemaak word dat die towenaar (verteller) sy gaste wil beïndruk (Van Peursen, 1975:30).

Van Peursen (1975:30) sien in hierdie ontaarding van die mite die gevaaar dat die ander belangrike funksies van die mite soos onder punt 2.5 hieronder beskryf, op

die agtergrond raak en betekenis verloor. Outentieke mites, legendas of volksverhale gaan dan op hierdie manier verlore.

Storievertellery is in die ware sin van die woord 'n kuns. Baie min mense beskik eintlik oor die talent van kleurvolle verteller. Dit gebeur egter meer dikwels dat sinnelose storiemakery goeie geselskap verdring en sinvolle gesprekvoering en gedagtewisseling laat skade ly, ook selfs in gestruktureerde situasies soos in vergaderings, toesprake, lesings en klaskamergebeure.

2.5 Funksies en gebruik van die mite

In mitiese kulture vervul die mite 'n verskeidenheid van belangrike funksies. Van Peursen (1975:35) wys op die belangrikheid van hierdie funksies deur drie prominente funksies uit te sonder. Hy noem ook ander funksies en beklemtoon dat die mite meer is as net 'n verhaal in die moderne sin van die woord, meer is as net 'n interessante vertelling en selfs meer is as 'n verslag van vroeëre optrede van gode en gebeure in ander wêrelde. Die drie mees belangrike funksies van die mite word hieronder bespreek.

2.5.1 Die funksie van deelname aan die werklikheid wat die mens omring

2.5.1.1 Die bewuswording van 'n mag of magte

Die eerste funksie van die mite is gegrond op "het verschijnen van het Zijn" (Van Peursen 1970:30), "the overpowering manifestation of something" (Van Peursen [translated by Hoskins, 1983:33]). In laasgenoemde vertaling word hierdie "something" waarna verwys word, beskryf as 'n Teenwoordigheid, "the 'ontophany', the appearing or manifestation of Being" (1983:33). Die outeur wil hiermee die aandag op die werklikheid en die magte en kragte wat in die werklikheid werksaam is, fokus (vir 'n onderskeiding tussen "magte" en "kragte", raadpleeg asseblief hoofstuk 2, par 2.14).

Alhoewel die magte deur die mite te voorskyn tree of gestalte kry (as't ware "lewend" word), bly dit altyd in vertellings of voorstellings ongedefinieerd, anoniem en vaag. Hierdie vaagheid tesame met die feit dat die magte nie aan plek en tyd gekoppel kan word nie, dra by tot die vrees wat die mitiese mens oorheers asook sy lewens- en wêreldbeskouing wat as animisme bekend staan.

2.5.1.2 Die paai van die gode

Omdat die mitiese mens nie hierdie magte kan identifiseer en daarom ook nie ken nie (kennis ontbreek), ervaar hy angs en vrees. Die mitiese mens vrees byvoorbeeld die gode wat 'n mag verteenwoordig. Waar hierdie gode skuil en waar hulle weer gaan toeslaan, weet die mitiese mens nie, maar uit vrees sal hulle byvoorbeeld 'n spesiale godedans wat offer en aanbidding uitbeeld, dans. Hierdie deelname of betrokkenheid, word geglo, het 'n kalmerende effek vir die die mitiese mens.

'n Groot deel van die mitiese mens se gedagtewêreld word in beslag geneem deur moontlike maniere om die magte te paai en tevrede te hou.

2.5.1.3 Dans as 'n vorm van mite

Die mitiese dans vertel eintlik 'n verhaal (mites word "in dans of in poppenspel" uitgebeeld [Van Peursen, 1975:36]). Deur hierdie dans, so word geglo, word die magte gepaai en tevrede gehou en kry die danser 'n geleentheid om deel te neem aan sy omringende wêreld. In die geval van 'n suggestiewe dans met byvoorbeeld 'n seksuele boodskap, word die drang (wat in wese 'n mag is) gekoester en gepaai (in hierdie geval gestimuleer) en word die dans self 'n deelname - 'n voorspel tot die seksuele.

2.5.1.4 Die mitiese mens as deelnemer

Die vertelling of uitbeelding van 'n mite dra nie net kennis van die magte oor aan die mitiese mens nie. Die mitiese mens leef hom so in die mite in dat hy 'n kreatiewe inwerking daarvan op homself, die natuur asook die stamverband ervaar. In die handeling van deelname gee die mitiese mens in mindere of meerder mate vrye teuels aan sy verbeelding en raak hy in so 'n mate in vervoering dat hy homself as't ware verloor. Van Peursen (1975:35) verwys na enige van hierdie vorme van deelname as "participatie" en stel die werklikheid as 'n gesloten sirkel voor waarin die mitiese mens as 'n stippel sirkel "oop" is sodat die magte vanuit die omringende werklikheid op hom kan inwerk. Soos die werklikheid, rig ook hierdie magte voortdurend 'n appel op die mitiese mens en is laasgenoemde as't ware vasgevang in "het spel met de machten van de natuur die hem omgeeft" (Van Peursen, 1975:35). Die deelname van die mens aan die magte kan simbolies voorgestel word (kyk figuur 1 op bladsy 73 van hierdie hoofstuk).

Deur hierdie proses van deelname is die mitiese mens dan nie 'n buitestaander wat die werklikheid en die magte daarbinne waarvan hy so bewus is, van 'n afstand moet beskou nie - hy is deelnemer.

2.5.1.5 Die funksie van deelname aan die werklikheid

Die deelname, as funksie van die mite, het tot gevolg dat die mitiese mens in 'n sekere sin die teenwoordigheid en invloed van die omringende magte verwerk en alhoewel dit onmoontlik blyk te wees en al verstaan hy dit nie, aanvaar - al is dit net as onvermydelike en onwegdinkbare krag wat meewerk tot en as versterking dien vir die mitiese mens se gebrek aan afstand van en sy verweefdheid met sy omringende wêreld.

Deur die mite (in hierdie geval stories) kan ook die eietydse mitiese mens deelneem en betrokke raak by gebeure wat om hom plaasvind. In hierdie geval gebeur dit soms dat wanneer 'n storie vertel word die detail van die storielyn

verander of verdraai word om die boodskap te verbeter of om die opgewondenheid van die toehoorder te verhoog.

Alhoewel 'n storie nie 'n mite is nie, vind 'n mens by die moderne mens ook 'n besondere voorliefde vir stories. Dieselfde as hierbo beskryf gebeur ook wanneer 'n mitiese persoon vandag 'n lekker storie oorvertel en hy, om die storie selfs meer sappig te maak, die feite verdraai of selfs 'n byvoegsel maak. Skinderstories is 'n tipiese voorbeeld hiervan.

2.5.2 Die mite bied waarborg en versekering vir die hede

Vir die mitiese mens dien die mite as waarborg en versekering vir die voortbestaan van die mitiese mens. Ondernemings wat daagliks in die mitiese samelewings aangepak word, word vooraf gegaan deur die uitvoering van 'n toepaslike mite. Die veronderstelling is dat die uitvoering van die mite sukses sal waarborg of verseker. So is daar by die ingebruikneming van 'n stuk grond 'n verhaal vertel of soms is dit in dramatiese vorm (dans of poppespel) uitgebeeld. Die verhaal "stelt het oude gebeuren wederom present, geeft aan het hedendaagse ondernemen een basis" (Van Peursen, 1970:31). Wanneer die plantperiode dan aanbreek, is daar "dag en nacht, aan een stuk door verhalen verteld, die alle iets met de vruchtbaarheid te maken hebben" (Van Peursen, 1975:41). Die rol van die mite in hierdie geval is om "de vruchtbaarheid van de jonge plantjes te garanderen" (Van Peursen, 1975:41).

Daar word geglo dat deur die uitvoering van hierdie mites, is die uitkomste of sukses gewaarborg want "de mythische verhalen en symbolen geven levensmogelijkheden en kansen op vruchtbaarheid bij tallose gelegenheden zoals nieuwe vestiging, huwelijkssluiting, jacht, beploegen van een nieuwe akker" (Van Peursen, 1975:41;42). Die dans het 'n belangrike rol hier vervul want "goddelike krachten nemen bezit van de danser, die dan dikwels in extase

geraakt en door zijn dans toekomstige handelingen kan beschermen tegen gevaren" (Van Peursen, 1975:42).

2.5.3 Die mite bied kennis en inligting

Vanweë die mitiese mens se ongesofistikeerde denke en gebrek aan wetenskaplike kennisbronne is hy onder andere afhanklik van mites om aan hom kennis oor sy leefwêreld te verskaf.

Omdat sommige mitiese mense analfabete was en nie oor 'n skrifstelsel beskik het nie, kan daar begryp word van watter waarde die mite as bron van kennis en inligting was. Wanneer die mite vertel word het die toehoorder geluister en iets daaruit geleer. Die mite is gegrond op kennis wat "in modern denken door wetenschappen en wijsbegeerte vervult wordt" en dit bied verklarings oor en "beschrijft toch ook het ontstaan van de wereld" (Van Peursen, 1975:43). Algemene kennis kan ook deur middel van die mite bevestig word.

Die mite kan ook 'n verhaal wees waarin die oorsprong en die optrede van gode vervat is. Die mitiese mens lewe in 'n wêreld wat gevul is met geeste. Sekuriteit is vir hom 'n voorvereiste en dit word nagestreef deur op allerlei magiese en seremoniële wyses die guns van die geeste te probeer wen. Kennis van die gode is absoluut noodsaaklik om 'n gesonde verhouding (veiligheid) met die gode te handhaaf.

Die mite besit opvoedingsinhoud wat ryk is aan relevante en noodsaaklike kennis vir die voortbestaan van die mitiese mens. Die inhoud is gerig op die vereiste gedrag wat sekuriteit en suksesvolle voortbestaan binne die groep kan verseker.

2.5.4 Ander funksies van die mite

2.5.4.1 Die mite dien as rigtingwyser en kompas vir menslike gedrag

Die mite is "meer dan een reportage of een soort documentaire over vroegere gebeurtenissen, het optreden van goden en andere werelden" (Van Peursen, 1975:39). Die mite vertel hoe daar opgetree moet word, wat verwag word, hoe voorvalle voorgekom het, wat gebeur het, watter gedrag deur die voorvaders en wat die ideale gedragsnorm behoort te wees. Uit die mite kan die mitiese mens dan onderskei tussen dit wat reg of verkeerd en aanvaarbaar of onaanvaarbaar is. Die norm wat deur die samelewing vereis word, sal deur middel van die mite duidelik word. Deur te luister na mites, kan die reg en verkeerd van menslike gedrag dus aangeleer word.

2.6 Oordrag of vertolking van die mite

Die oordrag van mites het op 'n eenvoudige wyse geskied. "Tribal elders carried social memories with them in the form of history, myth, lore and legend and transmitted them to their children through speech, song, chant and example" (Toffler, 1980:187). Die mite is ook dramaties uitgebeeld "in dans of in poppenspel" (Van Peursen, 1975:39).

2.7 Kern van 'n mite

Die kern van 'n mite is geleë in die boodskap wat oorgedra word oor die optrede en ervarings van die verteller of rolspeler in die verhaal. Dit beeld vir die toehoorder daarvan uit *wat* hulle gedoen het in 'n bepaalde situasie, *wat* hulle ervaring was en *hoe* dinge vir hulle uitgewerk het.

Die kernboodskap van die verhaal handel dan oor simbole van byvoorbeeld goed en kwaad waar die mooie en goeie in stryd is met die bose en as oorwinnaar oor laasgenoemde uittree, of waar 'n lewende in 'n geveg was met die dood, of waar skuld en wroeging gelei het tot reiniging. Ander gewilde

voorbeeld van simbole uit die daaglikse lewe is die huwelik en vrugbaarheid, die paradys en die hiernamaals.

Die aardse of immanente teenoor die verhewe of transcendentale vorm dikwels die onderliggende tema. Die gode dien as simbole van die transcendentale wat bly voortleef onder mense in die vorm van beelde, maskers, ekstatiese danse of opvoerings. Die gode is dikwels ook as diere voorgestel.

Die saam luister, saam dans, saam voel en saam beleef, dra dan ook by tot die groepskohesie en die konformering van die individu aan die groep. Op hierdie wyse is samehorigheid ook in stamverband bevorder. (kyk figuur 1 op bladsy 55 van hierdie hoofstuk).

3. MITIESE DENKE


3.1 Mitiese mense is nie noodwendig barbare nie

Die moderne mens is geneig om op mitiese mense neer te sien en hulle af te maak as "barbaars" of "primitief". Volgens Van Peursen is dit verkeerd om na die mitiese mens as "primitief" te verwys. Voorstellings en kleurryke gebruikte wat deur navorsing aan die lig gekom het, bevestig dat mitiese mense oor bepaalde kundighede en vaardighede beskik het. Alhoewel die mitiese mens, volgens eerste wêreldse kriteria, sy wêreld nie begryp en daarom nie ten volle kan beheer nie, is daar genoegsame getuienis wat bevestig dat daar wel aspekte in sy omringende leefwêreld is, wat hy wel verstaan en met geoefende vaardigheid, binne mitiese konteks, tot 'n fyn kuns verhef.

In die mitiese mens se beheersing van sy fisiese leefwêreld ter wille van oorlewing, openbaar hy selfs kundige, logiese redenasie. As voorbeeld het die San in die Kalahari, in 'n poging om homself te beskerm teen wilde diere, die kuns ontwerp om vuur te maak (selfs voordat vuurhoutjies uitgevind is). Die San

Figuur 1: Maskers in die mitiese fase.

MASQUES D'AFRIQUE AFRICAN MASKS



Bron: Eie



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het twee klippe ('n spesifieke soort) teen mekaar gekap en op daardie wyse 'n vonk verkry om sodoende vuur te maak. Deur sy kundigheid en vaardigheid in te span, was hy dus in staat om in sy komplekse leefwêreld te oorleef - die openbaring van kundige, logiese denke.

Wanneer 'n poging aangewend word om 'n onderskeiding tussen minder logiese en logiese denke te maak, word daar nie nie te kenne gegee of geïmpliseer dat die een beter of slechter as die ander is nie. Die mitiese denke verteenwoordig slegs die eerste denkkraamwerk wat 'n andersheid verteenwoordig. Geen waardeoordeel word uitgespreek nie.

3.2 Probleemkonfrontering in 'n komplekse leefwêreld

Alhoewel 'n mitiese samelewing gekenmerk is deur 'n eenvoudige lewensstyl, is daar ook vaste voorskrifte en reëls waaraan elke lid hom sonder bevraging, moes onderwerp. Daar is "felle conflicten, die tot die verbanning en dood van stamleden kunnen leiden" (Van Peursen, 1975:37). Behalwe die onderlinge konflik, is daar ook stamgevegte wat gereeld voorkom. Dit het die leefwêreld van die mitiese mens, baie onveilig gemaak. Dan is daar nog die onguns van die bonatuurlike magte wat deur gehoorsaamheid en offerhande in bedwang gehou moet word. Die veraf geleë mitiese mens is dikwels ook uitgelever aan siektes, die gevvaar van wilde diere asook die elemente van die natuur soos koue, droogtes ensovoorts. Al hierdie probleme laat vrees en angs by die mitiese mens ontstaan. "Uit hierdie angs vloei die doel van sy opvoeding voort, naamlik sekuriteit" (Pistorius, 1982:24).

Levi-Bruhl in Van Peursen (1975:37) skryf dat die mitiese mens ter wille van oorlewing, in 'n sekere sin verby die "primitiewe mentaliteit" of voorlogiese denke kan groei om uiteindelik logiese denkstrukture wat ooreenkoms met die van die moderne mens soos dit in taal en sosiale patronen uitgedruk word. Die gebruik van die woord *natuurvolke*, met verwysing na mitiese kulture, is volgens Van

Peursen (1975) verkeerd, want "anders dan het dier leefd de mens niet zomaar in de natuur, maar veranderd hij die natuur voortdurend" (Van Peursen, 1975:14). Hy waarsku daarom dat een kultuur nooit bo 'n ander kultuur verhef mag word asof die een beter as die ander is nie.

3.3 Die feit van die eksistensie van dinge, ander mense en die bonatuurlike

Mitiese belewing kan saamgevat word in "het woordje" *dat* (Van Peursen, 1975:43). Die ervaring *dat* iets is, *daar* is of *bestaan*, vorm die sentrale punt van mitiese denke. Die aanwending van kennis, algemene optrede en ervaring sentreer rondom en fokus op hierdie "*dat*" (of eksistensie van dinge) wat as gegewe beskou word. Die bestaan of teenwoordigheid van waarneembare dinge soos natuurverskynsels, die self, ander mense of die bonatuurlike *is daar* verseker teenwoordig in die werklikheid wat die mitiese mens omring. Hy sien sy lewensopdrag daarin om hierdie "*dat*" te aanvaar ter wille van sy oorlewing en veilige voortbestaan. Deur die bestaan van die "*dat*" soek die mens "naar de oorsprongen van het bestaan en naar machten die boven en buiten de mens (trancendente) uitreiken" (Van Peursen, 1975:44).

4. MITIESE FASE

4.1 Oriëntering

Die mitiese fase is die eerste van die drie fases wat Van Peursen in die kultuurstrategie-model beskryf.

4.1.1 Oriëntering ten opsigte van indeling

Die mens leef in 'n gekompliseerde wêreld waarin hy, op grond van sy menswees, in verhouding staan met entiteite in die heelal. Die begrip "entiteite" verwys na "iets wat 'n werklike bestaan het" (Kritzinger & Labuschagne,

1982:215). Die mens word deur die werklikheid omring en staan nie los en onafhanklik van die wêreld waarin hy leef en die dinge binne daardie leefwêreld nie.

Van Peursen (1970, 1972, 1975, 1987, 1992) beskryf in sy verskillende geskrifte die drie fases sonder om die bepaalde verhoudinge van die mens te noem of daartussen te onderskei. Dit is egter nodig om ter wille van bondigheid, orde en beeldskepping, maar veral ter wille van getrouwheid aan die hoofmomente soos weergegee in die oorspronklike tekste van Van Peursen, die inligting in die model te reduseer tot die drie basiese verhoudinge van die mens, naamlik sy verhouding met die werklikheid, sy verhouding met ander mense asook sy verhouding met die bonatuurlike.

4.1.2 Oriëntering ten opsigte van die mitiese mens

Die mitiese fase is die eerste ontwikkelingsfase van die mens opweg na beskaafheid en geestelike volwassenheid (volgens die kriteria van die funksionele mens). In die wete dat elke mens uniek is en sonder om te kategoriseer of te veralgemeen of wording en ontwikkeling chronologies gelyk te stel, is dit nodig om eers in eksplisiete terme te verduidelik wie die mitiese mens is. Wanneer daar verwys word na mitiese mense of mitiese kulture, word daar bedoel:

- Lede van 'n primitiewe kultuur in die eerste fase van ontwikkeling (in 'n vorige tydperk of selfs vandag) byvoorbeeld die San van die Kalahari, die antieke Sumeriërs, die antieke Jode, die antieke Chinese, die Asteks van Amerika, die antieke Maoris van Nieu Seeland, die afgesonderde stamme van die Aboriginees van Australië en sommige stamme in Afrika.
- Die hedendaagse mens in 'n ontwikkelde kultuur wat chronologies volwasse (in jare) is, maar nie geestelike volwassenheid bereik het nie. Sodanige

mens se geringe afstand in situasies, veroorsaak dat sy rationele oordeel, analise van situasies, perspektief en insig direk daardeur geraak word. Wanneer 'n mens by 'n kunsuitstalling, te ver van 'n skildery af staan, sal hy nie die volle detail in daardie skildery kan raaksien nie. Die beeld sal uit fokus wees en dus sal dit onmoontlik wees om die ware boodskap of betekenis daaruit te kan begryp.

4.2.1 Die mens in sy verhouding tot die werklikheid

4.2.1.1 Algemeen

(a) Die werklikheid as lewensruimte

Die mens (en alles wat bestaan), bestaan binne 'n heelal of ruimte wat as die "werklikheid" bekend staan. Hierdie werklikheid word omskryf as die lewensruimte of wêreld van die mens. Dit is binne in hierdie ruimte waar die mens vir homself 'n woning maak (Van Rooyen, 1993:17).

(b) Die mens se afstand of distansie

Afstand speel 'n bepalende rol in die verhouding van die mitiese mens met die werklikheid. Die mitiese mens "wordt doordrongen door de invloeden van de omringende wereld" (Van Peursen 1975:40). Wanneer 'n mens by 'n kunsuitstalling skilderye besigtig en te naby aan die skildery staan, sal geen duidelike beeld daarvan verkry word nie. Die mitiese mens beleef homself as ongedistansieerd en verweefd met die werklikheid.

Mens en werklikheid kan daarom nie vir die mitiese mens van mekaar geskei word nie. Hy voel homself deel van die natuur sodat daar "in plantengroei zo iets van menselijke lichamelijkheid gezien worden" (Van Peursen, 1975:42). In die oertekeninge is die mitiese mens dan dikwels uitgebeeld met boomtakke en blare



wat uit sy ingewande en ore groei - vir die mitiese mens is hyself maar net 'n verlengstuk van die natuur Van Peursen, 1975:40). (kyk figuur 2 op bladsy 62).

(c) Die mitiese mens se gebrek aan objektiewe kennis

Vanweë die mitiese mens se gebrek aan afstand met sy leefwêreld en sy gevolglike vae beeld van die werklikheid, is daar 'n gebrek aan objektiewe kennis en insig in sy wêreld. Die mitiese denker weet so goed as enige iemand anders wat 'n bepaalde voorwerp is - wat die son is, dat die son soggens opkom en saans ondergaan, dat water afdraend loop ensovoorts, maar hy kan dit nie verklaar nie (Cronje, 1966:6).

Die mitiese mens beskik selfs oor gespesialiseerde kennis byvoorbeeld, hy kan 'n onderskeid te tref tussen giftige en nie- giftige plantsoorte, 'n bok met 'n pyl en boog jag en hy weet hoe om vis te vang. Daar was reeds in die ouertyd uitsonderlike mitiese kulture wat die see getrotseer het terwyl ander groepe oor uitgebreide besproeiingstelsels beskik het (Mesopotamiers). Hoewel produksie in die mitiese fase gedesentraliseerd was, was daar reeds fabrieke wat opgerig was in antieke Griekeland en Rome. Olie was so vroeg as 400v.C in die Griekse eilande en Burma 100v.C. gepomp en aangewend vir ander noodsaklike produksie. Uitgebreide burokrasieë was aan die orde van die dag en dit het gefloreer in Babilonië en Egipte. (Toffler, 1980:36). Hierdie kennis is nie van primêre belang vir geestelike volwassenheid nie, maar wel om die totaliteit van dinge in sinvolle verband te kan begryp.

"A mythical child, growing up in a slowly changing world, builds his or her model of reality out of images received from a tiny handful of sources - the priest, the chief and, above all the family" (Toffler, 1980:167). Vanweë die beperkte inligtingsbronne en die afwesigheid van radio en televisie, was dit vir kind moeilik om kennis oor 'n breë spektrum op te doen. Die gevolg is dat die kind leer slegs deur nabootsing van diegene in sy onmiddellike omgewing. Die oorsaak van

Figuur 2: Voorstelling van hoe die mitiese mens sy verweefdheid met die werklikheid beleef.



Bron: Eie

eenvoudige verskynsels soos dag en nag, wind en reën was vir hom onverstaanbaar en onverklaarbaar gewees. Die onderskeid tussen natuurlike en die bonatuurlike val weg en alles wat hy nie in die natuur verstaan of verklaar nie skryf hy direk aan die wil van hoër, magtiger wesens toe.

(d) Angs en vrees

Die dinge in die leefwêreld van die mitiese mens wat onverstaanbaar en onverklaarbaar was, het by hom angs en vrees aangewakker. Die effek van hierdie vrees en angs, het by hom 'n gebrek aan aktiewe deelname in situasies teweeg gebring. "Kids brought up in what might be called a 'stupid' environment - understimulating, poor, unresponsive -soon learn not to take chances. There's little margin for error, and it actually pays off to be cautious, conservative, uninquisitive or downright passive" (Toffler, 1980:186). Sy gebrek aan kennis en begrip beperk sy waaghouding sodat hy nie na oplossings vir sy probleme kan soek nie. Die kind in die klaskamersituasie, is geneig om onseker en angstig te voel wanneer hy voor nuwe uitdagings of onbekende situasies te staan kom wat hy nie verstaan nie. Sodra hy kennis en insig in hierdie besondere situasie opdoen of verstaan, verdwyn hierdie vrees en angstigheid. Die mitiese mens tree aanvaardend op sonder om iets wat aan hom gestel word te bevraagteken. Hy is dikwels eerder 'n goeie navolger as 'n leier.

(e) Gebrek aan onderskeid tussen lewe en dood

In die mitiese denke word 'n objek, enige objek nooit as 'n "ding" gesien nie. Die mitiese mens het gevölglik met geen objek in sy leefwêreld, 'n subjek-objek-verhouding nie, maar eerder 'n ek-u-verhouding. Die "u" verteenwoordig 'n hoër, onbekende mag met geheimsinnige kragte. Kosmiese kragte soos die son en maan verky 'n persoonlike aspek (gepersonifiseer). "There is the belief that behind the immediate physical reality of things lie spirits that even seemingly dead objects, rocks or earth, have a living force within them: *mana*. The Sioux

Indians called it *wakan*, the Algonkians, *manitou*". (Toffler, 1980:179). 'n Lewende eienskap word aan enige objek in die werklikheid toegeken, daarom besit selfs 'n klip of 'n boom 'n siel. Hierdie persoonlike aspek kan soms verborge of vir 'n onbekende tyd onaktief wees, maar kan onverwags, enige tyd aktief word en die mitiese mens bedreig.

Die mitiese mens word in die persoonlike ek-u-verhouding nooit 'n afsydige waarnemer nie, maar is voortdurend 'n direkte betrokke. Sy totale omgewing waarin hy homself bevind (lewe). Die mitiese mens is eksistensieel en onlosmaaklik by die natuurgebeure betrokke en dit is vir hom onmoontlik om hom daarvan te distansieer. Die mitiese mens is in 'n konfrontasie met die werklikheid en die magte binne die werklikheid, en dit is slegs deur die mite wanneer hy meelegee met die geheel van die werklikheid dat sy bestaan vir hom sinvol word. Vanweë die persoonlike aspek of "lewende siel" van dinge bestaan die grense tussen lewend en nie-lewend dus nie vir die mitiese mens nie.


(f) Die gebrek aan 'n eie identiteit

Die mitiese mens ervaar sy liggaam nie as 'n afgebakende selfstandige entiteit met 'n eie siel nie, maar as deel of uitvloeisel van sy omringende werklikheid. Laasgenoemde feit het egter 'n belangrike gevolg, naamlik 'n gebrek aan eie identiteit en 'n eie individualiteit. Hy is vir homself dus nie 'n afgeronde, onafhanklike en selfstandige persoon nie en kan slegs bestaan in samehang met sy omgewing. As gevolg hiervan word die mitiese mens se inisiatief beperk en sy kreatiwiteit en oorspronklikheid aan bande gelê (kyk figuur 3 op bladsy 65).

4.2.1.2 Kriteria vir waarheid

Die mens is van nature 'n normsoekende wese wat nie sondermeer alles vanselfsprekend as reg aanvaar nie. Die mens wil weet wat is reg en wat is verkeerd en soek na definitiewe indikators om daartussen te onderskei. Die kind

Figuur 3: Voorstelling van die mitiese mens in sy verweeftheid met die werklikheid, die groep en die bonatuurlike.



Bron: Verwerk uit Van Peursen, (1987:39).



word egter nie gebore met 'n wete van wat reg of verkeerd of waar of onwaar is nie. Dit is eers wanneer 'n kind opgroei en hy blootgestel word aan die dinge wat aanvaarbaar en nie aanvaarbaar is nie dat hy 'n idee begin kry van reg en verkeerd. "Die mitiese waarheid is slegs eksistensiële waarheid, dit wil sê, alles wat sy menslike bestaan bepaal" (Cronje, 1966:7).

Die mitiese mens wil, ooreenkomsdig 'n bepaalde bron, inligting as "waar" (reg) kan verklaar waarna nie alleen sodanige inligting 'n belangrike betekenis kry nie, maar ook aan die bron daarvan statuur en betekenis verleen word. Die bron word dan as gesaghebbend beskou en verdien dienooreenkomsige respek en agting. In elk van die drie fases van ontwikkeling word daar egter verskillende kriteria (bronne) vir die bepaling van "waar" aangelê.

Die waarheid in 'n mitiese samelewing, word nie volgens norme en waardes gemeet nie. Die lewe van die mitiese mens word gerig en bepaal deur reëls, regulasies en wette wat as voorskrif vir sy gedrag dien en deur sy voorouers, stamvaders, die oudstes, tradisies en toordokters daargestel en bekragtig word. Die volgende bronne het in 'n mitiese samelewing gedien as kriteria vir waarheid:

a Voorvaders

In 'n mitiese samelewing is die voorvaders besonder hoog geag en is daar ongekende agting en respek aan hulle betoon. Die wyse waarop die voorvaders (terwyl in die lewe) geleef en gedoen het, word beskou as die meesterplan vir toekomstige handelinge - selfs na die afsterwe van die voorvaders. In hierdie verband bevestig Van Peursen dat die voorvaders "een gezag (norm voor gedrag) bezitten dat over de dood heenreikt" (Van Peursen, 1975:50). Vir die mitiese mens om te bepaal of iets "reg" en "waar" is, word dit eenvoudig gemeet aan die voorskrifte (meesterplan) wat die voorvaders nagelaat het. Hierdie meesterplan het ook die lewens- en wêreldsbeskouing van die voorvaders verteenwoordig en is beskou as die grondplan vir die mitiese leefwyse.

b Stamvaders

'n Stam is 'n volksgroep wat gewoonlik saam binne 'n afgebakte gebied woon. By die stamlede is 'n sterk stambewussyn, 'n besef of wete dat die lede uitsluitlik tot hierdie bepaalde stam behoort. Die stamvader het die hoogste posisie in die stam beklee en het ook die meeste gesag gedra. Die stamvader is dan ook as kriterium vir waarheid beskou, sy woord was wet. Hy is betrek by alle besluitnemings en dispute wat mag ontstaan. Die stamvader se beslissings word as finaal beskou. Die persepsie bestaan ook dat hy oor 'n breë kennisveld beskik. Die "stamhoofden, die gestorven zijn, in een hut midden in het dorp bijgezet worden en vandaaruit over de dorpsgemeenschap blijven regeren" (Van Peurzen, 1975:50). Sy teenwoordigheid hou toesig oor die wel en weé van die stam.

c Oudstes

Die oudste persone in 'n volk word in mitiese kulture besonder hoog deur die jonger geslag geag. Die oudstes word geraadpleeg as kriterium vir waarheid juis vanweë hulle hoë ouderdom, wysheid en lewenservaring. Die oudstes by die stadspoorte van Israel waarna dikwels in die bybel in die ou testament verwys word is 'n voorbeeld hiervan.

d Tradisies

Wanneer oorgelewerde sedes, gewoontes en kultuurwaardes in 'n volk oor jare as belangrik geag en deur volkslede getrou nagekom word, kan dit beskou word as gesaghebbende tradisies wat as kriteria vir waarheid en riglyn vir toekomstige gedrag kan dien.

Dit is nie noodwendig reg of die gewensde wyse van handel in 'n bepaalde nuwe situasie nie. Daar is kultuurgroepe wat in dinamiese omstandighede leef wat



groei, aanpassing en verandering vereis - 'n feit wat die uitfasering van 'n bestaande tradisie tot gevolg kan hê.

e Toordokters

Die benaming "toordokter" verwys na 'n persoon wat dolosse gooi en siekes met geheime middels behandel (Odendal et al, 1988:1160). Die toordokter beklee 'n gesagsposisie en verrig tot vandag toe, 'n verskeidenheid funksies in 'n mitiese samelewing. Benewens die kriteria vir waarheid, vervul hulle ook die rol van waarsêer, toekomsvoorspeller, huweliksberader, medikus, bemiddelaar, vertroueling en raadgewer. Selfs mediese sertifikate wat toordokters aan werknemers uitreik, word in sommige gemeenskappe erken. Toordokters werk soms nou saam met die polisie by die oplossing van misdaadsake.

4.2.1.3 Tydsiening

a Algemeen

In die werklikheid waarin die mens hom bevind, kan sekere vaste kenmerke en wetmatighede onderskei word en *tyd* is 'n tipiese voorbeeld daarvan. Tyd is 'n vaste struktuur van die werklikheid - niks en niemand kan tyd as verskynsel verbygaan of te bowe gaan nie. Tyd is nie stagnant nie, maar dinamies en toon 'n verloopstruktuur wat beteken dat 'n bepaalde vasgestelde tydstip in die hede, vanweë die verloop van tyd, later "verlede" word. So word "toekoms" later "hede" en nog later "verlede" (Van Rooyen, 1993:17).

Tyd het egter nie 'n vaste betekenis nie, mense heg verskillende betekenis aan tyd. Daar sal binne die konteks van hierdie studie, 'n beskrywing van die verskillende tydsienings in die verskillende fases van die model, verskaf word.

b Mitiese betekening van tyd

Mitiese tyd is "altyd gevulde tyd, gevul met al die vrees, hoop en vreugde van die mens" (Cronje, 1966:6)

i Tydsdimensies: verlede, hede en toekoms

Daar is drie tydsdimensies naamlik verlede, hede en toekoms. In die mitiese fase word slegs twee dimensies van tyd onderskei, naamlik die verlede en die hede, terwyl die toekoms in 'n mindere mate binne mitiese denke vergestalt. Vanweë die feit dat die mitiese mens sekuriteit soek in die veiligheid van die verlede, openbaar hy 'n "verlede- en hedeverknogtheid" en 'n allesoorheersende strewe om die status quo (dit wat is) net so te hou. Mitiese aandag word daarom hoofsaaklik in beslag geneem deur dit wat in die verlede bevestig is. Vooruitgang, vernuwing, verandering en verbetering in die samelewing en daarom ook in die opvoeding was deur hierdie verlede en hedegerigtheid ernstig aan bande gelê. (Van Rooyen, 1999: B. Ed-lesings). Van Oud-China word in hierdie verband gesê: "Dynasty followed dynasty but the life of the people remained crystalised in fixed forms; ideas and beliefs continued very much the same from generation to generation" (Wilds & Lottich, 1970:46)

ii Gevolge van 'n gebrekkige toekomsbegrip

Die feit dat die mitiese mens nie die toekoms in sy verwysingsraamwerk insluit nie, gee dan aanleiding tot die volgende vier probleme:

- 1 'n Gebrekkige begrip van kousale verbande, van oorsaak en gevolg word veral by die mitiese mens opgemerk. Oorsaak en gevolg het met die drie tydsmomente van verlede, hede en toekoms te make. Die handeling as oorsaak vind in die hede plaas, maar die gevolge daarvan sal eers later in die toekoms waarneembaar wees. Dit is hierdie gevolg in die toekoms wat



die mitiese mens nie kan antisipeer nie vanweë 'n gebrekkige toekomsbegrip;

- 2 'n Gebrekkige uitreiking na mōre, die toekoms is kenmerkend van die mitiese mens. Die hede en oorlewing in die hede (daaglikse sekuriteit) word verhef tot die enigste doel, terwyl mōre en oormōre spreekwoordelik vir homself moet sorg. Nie alleen langtermyn beplanning ontbreek nie, maar selfs voorsiening vir so min as 'n week verder, vind dikwels nie plaas nie;
- 3 Lewensdoelstellings as 'n poolster waarvolgens die mens sy lewe kan rig, bestaan nie. Die mitiese mens leef van dag tot dag. Sy strewingslewe (wat inderwaarheid 'n uitreiking na die toekoms is) word daarom beperk tot dit wat hy vir vandag nodig het. Solank hy vandag kos het om te eet en 'n dak oor sy kop het, is hy tevrede. Strewes soos innerlike verryking, kennisverbreding, prestasie ensovoorts wat met die toekoms verband hou, val nie binne die verwysingsraamwerk van die mitiese mens nie;
- 4 Die mitiese mens se gebrekkige visie op die toekoms en 'n dringende nood aan die behoud van die status quo ter wille van sekuriteit, verhoed positiewe groei, ontwikkeling, vooruitgang verandering, vernuwing en verbetering. Nie alleen lede van die mitiese samelewing nie, maar die samelewing self stagneer en wel in so 'n mate dat degenerasie uiteindelik intree (Van Rooyen 1999: B.Ed-lesings).

iii Mitiese tydsindeling: siklies

Die begrip "siklies" kom van die grondwoord "siklus" wat verwys na 'n tydkring wat gekenmerk word deur dieselfde gebeurtenisse of verskynsels wat herhalend binne 'n vaste tydsbestek en patroon mekaar opvolg (Verster, 1986:95). 'n Voorbeeld van so 'n tydkring, is die verskynsel van dag en nag, die vier seisoene naamlik somer, herfs, winter en lente of die fases van die maan. Omdat die

mitiese mens tyd ervaar as 'n siklus (binne 'n tydkring) word tyd gemeet volgens gebeurtenisse en verskynsels wat herhalend binne 'n siklus voor gekom het. Vir die mitiese mens het 'n gebeurtenis wat byvoorbeeld vier mane gelede plaasgevind het wat beteken dat die besondere skyngeestaltes van die maan (nuwe maan, volmaan, eerste kwartier, ens) reeds vier keer sedert die gebeurtenis waarneembaar was" (Verster, 1986:95).

Die mitiese mens het vir sy eie doeleindestyd gemeet en beteken ooreenkomsdig laasgenoemde waarmeembare siklusse - 'n relatief lang tydsindeling - vandat die son opkom in die ooste totdat dit sak in die weste verloop twaalf ure, 'n siklus, seisoene wissel slegs vier keer per jaar. Korter tydsindelings is nie vir die mitiese mens van belang nie, lineere tyd en ekonomiese tydsbenutting het nie bestaan nie.

Die literatuur verskaf interessante voorbeeld van mitiese tydsienings. Die Antieke Egiptenare het byvoorbeeld opgemerk dat die groot oorstromings van die Nyldelta elke jaar saamval met die eerste verskyning van die ster Sirius, in die vroeëoggendure aan die hemelruim. Die Egiptenare het daarvolgens begin met die vasstelling van 'n jaar bestaande uit 365,25 dae - met die eerste dag van die groot oorspoeling as dag een van 'n nuwe jaar. Die jaar is in drie seisoene van vier maande elk verdeel. Elke maand het uit dertig dae bestaan en vyf dae is bygetel om 'n jaar van 365 dae te verkry. Die Egiptiese kalender is later ook deur die Romeine en die Christene oorgeneem (Verster, 1986:96).

Die sikliese tydsiening van die unit word ondersteun deur Toffler, 1980:116): "From the Mayas to the Buddhists and the Hindus, time was circular and repetitive, history repeating itself endlessly, lives perhaps reliving themselves through reincarnation" (Toffler, 1980:116).

4.2.1.4 Ruimtesiening



Ruimte in die mitiese fase is altyd 'n beperkte ruimte - beperk in die sin van oppervlak of omvang of afstand. Ruimte het net so ver gestrek as wat die mitiese mens dit kon begryp. Die mitiese mens het nie 'n begrip van die heelal of onbeperkte ruimte gehad nie.

Alhoewel mitiese kulture aan die begin rondtrekkend was, het hulle nooit ver van 'n bekende plek beweeg nie. Totale leeftye is in een gebied deurgebring. "They walked to the fields at sunrise, then back again at nightfall. On rare occasions they trekked to the next village six or seven miles away" (Toffler, 1980:118).

Die ruimte vir mitiese kulture is ook altyd gevulde ruimte waar die mens eksistensieel betrokke is. Die begrip "eksistensieel" verwys na ""n toestand van bestaan, waar die mens aanwesig is by gebeure in sy omgewing" (Odendaal et al. 1988:196). Die ruimte wat hier ter sprake is, verwys nie na 'n neutrale plek nie, maar na 'n plek waar die moontlikheid bestaan dat die mens met magte in aanraking kan kom. Ruimte is altyd plek, bekend of onbekend, gevaarlik of veilig en heilig of profaan. Plekke kan ook gelaai wees met herinnering, verwagting, hoop, vrees, afsku of aanbidding. Plekke moes veral dien as plekke van aanbidding, godesdiens en offerande. Dat sekere plekke met besondere betekenis gelaai kon wees kan afgelei word uit die bestudering van offerpraktyke wat uitgevoer is ter wille van die instandhouding van die bekende sowel as die onbekende ruimte of universum.

4.2.1.5 Bronne van Kennis

'n Gebrek aan kennis en insig is ondenkbaar vir enige mens - geïnternaliseerde kennis (insig) lei tot innerlike groei. Kennis kan die "wat", "waarom" en "hoe" van verskynsels en die invloed wat dit op die mens uitoefen, verklaar.

Mondelinge oordrag van kennis was 'n noodsaaklikheid in mitiese samelewings. In sommige mitiese samelewings was daar nie sprake van bestaande

skrifstelsels gewees nie, terwyl volkere soos die Antieke Sumeriërs, China en Egipte oor 'n ingewikkelde skrifstelsel beskik het.

Kennis kon uit 'n verskeidenheid bronre van verkry word. Die volgende dien as voorbeeld:

a Mites

Vir 'n omskrywing van die begrip "mite" verwys na par 2.9 in hoofstuk 2. 'n Mite bevat gewoonlik 'n boodskap waaruit die luisteraars 'n lewensles kan leer. Die inligting (en diepere boodskap) wat die mitiese mens uit die verskillende mites inwin, vorm deel van sy verwysingsraamwerk. Die mite (die boodskap of inhoud) gee "richting aan menslike gedrag" en dit dien as "een kompas voor menslike beleid" (Van Peursen, 1975:35). Die lewensles wat die mitiese mens uit mites leer, kan toegepas word in sy daaglikse lewe. Wanneer 'n verhaal aan 'n kind mondelings oorvertel word, dan *luister* en *leer* die kind maar wanneer die verhaal dramaties in dans of poppespel uitgebeeld word, dan *kyk* en *leer* die kind. Die gode waarvan dikwels in mites vertel word, word beskou as die hoogste vorm van gesag.

b Rites

Net soos die mite bevat, die rite kennis en waardevolle leerinhoud vir die mitiese mens. Die uitvoering van die rite as godsdienstige seremonie, word nuttig aangewend "als bezweringsmethoden maar hebben dikwils meer voorbereid te zijn op de natuurlijke gang van zaken ziekte, droogte ens." (Van Peursen, 1970:26). Die uitvoering van die rite hou 'n bepaalde boodskap vir die toeskouer asook die uitvoerders daarvan, in. Hierdie besondere godsdienstige handelinge word om verskeie redes deur mitiese mense uitgevoer, onder andere om die verhouding en gevoelens tussen die mens en die bonatuurlike magte te verstewig. Die kind word op jeugdige ouderdom toegelaat om hierdie



godsdiensstige seremonies by te woon sodat hy op 'n latere stadium van sy lewe die waarde daarvan kan besef (vergelyk in hierdie verband die kind se waarneming van die bediening van die Heilige Nagmaal in Christelike kerke).

c Daaglikse lewensaktiwiteite

Deur eenvoudig die daaglikse lewensaktiwiteite in die onmiddellike omgewing van die leefarea waar te neem, word 'n groot hoeveelheid kennis deur die kind versamel. Die kind leer deur die *voorlewing* en *voorsegging* van sy ouers - dit wat die ouers voordoen, word deur die kind nagedoen en dit wat die ouers voorsê, word deur die kind nagesê - die leermetode is dus nabootsing. Die leer van noodsaaklike lewenskennis aan die kind is dus die taak van die vader en moeder in die mitiese gesin. Die seun leer deur waarneming van sy vader hoe om te jaag, voedsel te voorsien en hoe om sy gesin te beskerm teen elemente van die natuur, of vyandige aanvalle en wilde diere. Die dogter leer deur die moeder waar te neem wanneer sy huishoudelike pligte soos die voorbereiding van voedsel en die maak van kleding uitvoer. Alhoewel die vaardighede aanvanklik by die kind ontbreek, sal hy met die basiese kennis wat hy opdoen en deur gereelde inoefening, uiteindelik in staat wees om die handelinge suksesvol uit te voer.

d Gedragsreëls

Die gedrag, vaste gebruikte en sosiale verkeer binne die mitiese groep, word deur gereelde voorlewing aan die kind geleer. Kinders word onbewustelik op hierdie wyse aan die tradisies van die familie en die stam bekend gestel. Gedragsreëls binne 'n mitiese groep, hou veral verband met respekbetoning teenoor belangrike persone. Dit is belangrik om te verduidelik dat lede binne die mitiese groep verskillende posisies van belangrikheid beklee. 'n Eersgebore kind het byvoorbeeld meer gesag en geniet 'n hoër status as kinders wat later gebore word. So byvoorbeeld word 'n man se eerste vrou en haar kinders as

belangriker geag as die naasvolgende vroue en kinders. Inskakeling by die groep (konformiteit) of die nakoming van gedragsreëls is 'n voorvereiste en kan slegs bewerkstellig word deur absolute gehoorsaamheid aan gedragswette en stamtradisies. Hierdie algemene reëls moet eenvoudig deur alle lede van 'n mitiese groep eerbiedig word om die groepsekuriteit te bevorder.

4.2.1.6 Gevolge van 'n verweefde mens-werklikheid verhouding

Vanweë die mitiese mens se verweefdheid met die omringende werklikheid en sy gebrek aan afstand of distansie daarmee, beskik hy oor "geen identiteit van zigself nie" en is hy vasgevang in 'n "socio-mitiese ruimte" (Van Peursen, 1975: 41). Laasgenoemde vorm die kragveld of stamverband waarin die mitiese mens homself bevind. Hy sien homself dus nie as losstaande objek wat selfstandig kan optree nie, maar as afhanklike wese, bloot 'n voortsetting van die natuur. Daarom is daar by hom geen sprake van oorspronklikheid, eie inisiatief of kreatiwiteit nie. Die gebrekkige persoonsbegrip is kenmerkend by die mitiese mens.

Vanweë die gebrek aan afstand tussen die mitiese mens en die werklikheid, is hy subjektief betrokke. Hy is nie in staat tot objektiewe waarneming van gebeure in sy omringende wêreld nie en verloor daarom dikwels die werklike betekenis en sin daarvoor.

4.2.2 Die verhouding van die mens tot ander mense

4.2.2.1 Algemeen

a Gebrek aan afstand

In die verhouding van die mitiese mens tot ander mense, is daar, soos in die mens-werklikheid verhouding, 'n gebrek aan afstand of distansie. Die mitiese

mens word "doordrongen door die invloeden van het stamverband" (Van Peursen, 1975:44). Die afstand tussen die mitiese mens en sy groep (ander mense) is so klein dat die individu as't ware totaal deur die groep geabsorbeer word. Die mitiese mens is daarom vasgevang in die sosio-mitiese ruimte (verwys ook na par. 4.2.1.7).

Die sterk groepsgevoel (affiliasie of kuddledrang) wat kenmerkend is by die mitiese mens, stel hom nie in staat om selfstandig en gedistansieerd van sy groep te leef of beweeg nie. In hierdie verband kan ook verwys word na die uitgebreide gesin: "People tended to live in large, multigenerational households, with uncles, aunts, in-laws, grandparents, or cousins all living under the same roof, all working together ..." (Toffler, 1980:42). As gevolg van die mitiese mens se kuddledrang bevind hy hom in 'n onverbreekbare stamverband en/of bloedverwantskap waarom sy hele lewe draai.

'n Besondere hegte bondgenoodskap tussen veral bendelede of stamlede word bekragtig deur die seremonie van bloeduitruiling. Lede sny hul polse en wanneer die bloed vloei, dan word die polse teenmekaar gedruk as blyke van lewenslange getrouheid en bloedverwantskap aan die besondere groep. Die mitiese mens leef in en ter wille van die groep (Dwight, 1915:65).

b Gebrek aan 'n eie naam

Die mitiese mens identifiseer met en neem die naam aan van die groep waaraan hy behoort. Sy verbintenis met die groep kan vergelyk word met die naelstring wat 'n kind aan sy moeder verbind. Hierdie verbintenis aan die groep, vorm die lewensaar van die mitiese enkeling. In gevalle waar groepsreëls oortree word, kan 'n enkeling as straf uit die groep gewerp word (ostrasing) sodat hy nie meer deel van daardie besondere groep vorm nie. Van Peursen, (1975:45) vertel van 'n groep reisigers in Afrika wat op so 'n uitgewekene afgekom het. Op 'n vraag wat sy naam was, kon hy nie antwoord nie want hy "heeft geen identiteit

van zigself'. Vanweë sy afsnyding van die groep, het hy naamloos geword - die naelstring was geknip. 'n Mens se naam wat die intiemste deel van homself uitmaak, het vir hom geen betekenis sonder sy verbinding aan die groep nie. Vir hom is sy groep sy oorlewingswaarborg en sy identiteit. Sonder hierdie waarborg "heeft hij immers geen bestaansgarantie, geen levenskansen meer, want de band met zijn stam, de levensverbinding met het stammen is doorgesneden" (Van Peursen, 1975:45).

Dit is belangrik om te begryp dat die naam van die mitiese mens wat hom aan sy groep verbind, ook aan hom die status van die groep verleen. Na analogie hiervan word daar dikwels in gesprekke verwys na belangrike familie "n oom of tante wat 'n prominente posisie beklee". Dit word terloops gedoen maar is vir die ander groepslede 'n duidelike verwysing na die oom of tante se belangrike status wat hy of sy beklee, bykans asof die persoon in homself geen bestaanswaarborg het nie. Hierdie verwysing getuig van die mitiese persoon se gebrekkige selfkonsep (B. Ed-lesings, 1999).

c Gebrek aan identiteit en individualiteit

Soos reeds hierbo verduidelik sal die mitiese mens, vanweë sy sterk verbintenis met die groep, die groep se identiteit aanneem. Die ontwikkeling van 'n eie identiteit en 'n eie unieke individualiteit is by die mitiese mens, vanweë sy opgaan in die groep en die groepsdominansie, gebrekkig.

Daar word van groepslede verwag om te alle tye met die groep te konformeer. Groepslede word nie toegelaat om eie inisiatief aan die dag te lê nie. Groepslede moet sonder teenkanting die streng groepsreëls en wette gehoorsaam. Gedrag binne die groep word deur streng en rigiede gedragsreëls beheer.

Die primêre doel met die streng eis van algehele konformering van die enkeling met die groep, is om uniformiteit in die groep te bewerkstellig wat uiteindelik groepsekuriteit sal verseker.

Groepsidentiteit word versterk deur eenvormige tatooëring op die liggaam of die verf van die gesig. Hierdie kenmerkende, eiesoortige "tekens" onderskei ook die verskillende groepe van mekaar. Groepslidmaatskap is met die aanbring van so 'n sigbare teken, nie te betwyfel nie. Die tiener is 'n goeie voorbeeld hiervan.

4.2.2.2 Gesag

a Bronne van gesag

Die begrip "gesag" verwys na "die wettige reg wat 'n mens of liggaam het om ander mense te beveel en gehoorsaamheid by hulle af te dwing" (Odendaal et al. 1994:266).

Waar 'n groep mense saamwoon, is daar altyd bepaalde gesagstrukture wat die saamwoon en ander sosiale aktiwiteite legitimeer. In so 'n groep kan gesagsfigure en ondergesiktes onderskei word. Die bepaling van die bronne van gesag vind gewoonlik natuurlik plaas, terwyl die tradisie ook 'n rol speel. Gesagsdraers in mitiese kulture word besonder hoog geag en gerespekteer. Gehoorsaamheid aan gesag word as 'n belangrike vereiste gestel. Voorbeeld van gesagsfigure in mitiese kulture kan wees die gesinshoof (die patriarch of matriarch), die voorvaders, stamhoofde, priesters, oudstes of toordokters. Daar kan selfs 'n sekere mate van gesag in tradisie gesetel wees. Van Peursen (1992:50), rapporteer dat die voorvaders, die oudstes asook die stamhoofde "een gezag (norm voor gedrag) bezitten dat over de dood heenreikt", terwyl die priester en die toordokter die "vertegenwoordigers van de macht van de stam" is.

Die waardigheid en plek van die vrou as gesagsdraer is oor die eeue heen misken ten koste van die patriarchale stelsel wat geheers het. In mitiese samelewings was daar geen gesag aan vroue toegeken nie. By die Antieke Sjinese, is die Yang die aktiewe, manlike en skeppende beginsel, terwyl die Yin die passiewe, vroulike, ontvangende en barende krag is (Potgieter, 38).

b Die gesagsvorm

Die gesagsvorm (die wyse waarop gesag gehandhaaf word of die gesagstyl) in 'n mitiese samelewing is gewoonlik outokraties. Dit beteken dat die groep of stam deur 'n alleenheerser regeer word. In 'n outokratiese regeringstelsel is daar gewoonlik net een party wat "sê" het en oor stemreg beskik, reëls maak en wette uitvaardig.

'n Saak vir 'n outokraat het slegs een kant en geen insette word vanaf die ander party toegelaat nie. In 'n outokratiese verhouding bestaan daar nie keusevryheid nie; afwykings van die streng en rigiede reëls en wette word nie toegelaat nie. 'n Outokraat ken onbeperkte mag aan homself toe, innerlike gesag ontbreek dikwels sodat uiterlike magsvertoon, fisiese krag, geweld en vreesinboesemming nodig is om gesag af te dwing.

4.2.2.3 Norme en waarde-oriëntering in 'n mitiese fase

Norme en waardes bestaan volgens die huidige definisie daarvan ('n meet of rigsnoer waaraan 'n waarde toegeken word), nie in 'n mitiese samelewing nie. Die mitiese mens se lewe word eerder gerig deur allerlei reëls, regulasies en wette wat tot in die fynste detail as voorskrifte vir sy gedrag dien en belangrike opvoedingsinhoud uitmaak. Hy ken tog in sy wêreldeskouing en praktiese lewe, hoë waardes aan sekere verskynsels.

Hierdie reëls en wette is dikwels vir hierdie mens die reëls en die wette van die natuur ook sy eie natuur, sodat hierdie mens sterk op drange reageer. Die eie natuur, die dranglewe van die mens word beheer deur die hippocampus in die brein wat as die drangsentrum bekend staan. Hierdie drange wat deur die drangsentrum beheer word is honger, dors, wakker, slaap en seks. Die mitiese mens reageer op en luister na die oproep van 'n drang. Hy sal 'n fisiese drang verabsouteer tot 'n wet wat gehoorsaam moet word en hy eis ook onmiddellike gehoorsaming daarvan (bevrediging daarvan). Praktiese wette en reëls in 'n mitiese samelewing, word met dienooreenkomsige getrouwheid nagekom. Streng strawwe vir afwyking van hierdie wette word opgelê.

Absolute gehoorsaamheid is dus 'n vereiste - afwykings het die strongeste strawwe verdien. Die mitiese mens moes in absolute gehoorsaamheid die voorskrifte volg. Die strongeste straf vir afwyking wat die mitiese mens veral gevrees het, was ostrasisme of uitwerping uit die groep vanweë sy onvermoë om sonder die groep, 'n bestaan te voer(verwys in hierdie verband na paragraaf 4.2.2.1(b) van hierdie hoofstuk).

Vanweë die ongenaakbare strawwe, wat opgelê is, word die mitiese mens se waagmoed aan bande gelê, sodat sy kreatiwiteit en inisiatief onderdruk word. Die mitiese mens het die status quo ten alle koste probeer behou omdat hy in die bekende, veiligheid vind. Vooruitgang, vernuwing, verandering en verbetering in die samelewing word hierdeur ernstig aan bande gelê (Hendrikz, 1992:53).

Die vaste, streng reëls en wette wat die lewe van die mitiese mens reguleer, is veranker in oeroue tradisies soos deur die voorgeslagte bepaal. Dit word ook getrou van geslag tot geslag oorgedra. Van Peursen (1975:46), rapporteer in hierdie verband dat "de waarden zijn als het ware in diepe oertijden verankerd en verander niet gauw". In 'n stille, bose kringloop het die samelewing stagnant gebly, gedra deur onveranderlike wette wat geen afwykings in die samelewing toegelaat het nie. "Die mitiese mens was deur die baie reëls, regulasies en wette

wat as eksterne gesag gedien het, gedwing om te hou by die 'letter van die wet' sonder dat die dieper boodskap of gees van die wet begryp of geïnternaliseer kon word (Hendrikz, 1992:55).

4.2.3 Die verhouding van die mens tot die bonatuurlike

4.2.3.1 Algemeen

Net soos in die verhouding van die mitiese mens met die werklikheid of sy verhouding met ander mense, kan hy nie afstand neem in sy verhouding tot die bonatuurlike nie. Distansiëring en losmaking is vir hom baie moeilik. Hy voel homself verweefd met bonatuurlike magte, sodat sy lewe as't ware vergeestelik is. Vir hom is die gode oral in en om hom aanwesig. Hy word omgewe deur magte en word beheers deur 'n wêreldsbeskouing bekend as "animisme". Hiervolgens word lewende eienskappe aan dooie voorwerpe toegeken en besit enige voorwerp 'n siel wat welwillend gestem moet word. "Die siel is 'n soort dubbelganger wat soms van die voorwerp geskei kan word en wat groot mag ten goede of ten kwade kan uitoefen" (Pistorius, 1982:24). Die mitiese mens se vrees vir die bonatuurlike magte het tot gevolg dat sy handelinge as't ware godsdiestig gekleur word ten einde die gode te paai en in bedwang te hou. Sy lewe word deur vrees en bygeloof beheers en daarom speel voortekens en gelukbringers 'n belangrike rol in sy lewe.

Vir die mitiese mens bestaan daar nie 'n definitiewe skeiding tussen natuur en bonatuur nie sodat natuurlike voorwerpe maklik 'n bonatuurlike aard kan aanneem. Die toekenning van die siel aan natuurlike voorwerpe, soos hierbo verduidelik, dra by tot die vergeesteliking daarvan.



4.2.3.2 Die rol van afgestorwenes

Die mitiese mens glo dat die gees van die afgestorwenes in die onmiddellike omgewing van die agtergeblewenes vertoef. Die mitiese mens kan selfs voedsel aan afgestorwenes gee en met behulp van 'n toordokter as tussenganger met afgestorwenes in verbinding tree. Op hierdie wyse vervaag die onderskeid tussen lewe en dood, bly die afgestorwe voortlewe en kan hulle as voorvaders toesig hou oor die agtergeblewes. Van Peursen (1975:50), rapporteer dat die "stamhoofden, die gestorven zijn, in een hut midden in het dorp bijgezet worden en vandaaruit over de dorpsgemeenschap blijven regeren". Sodoende word die spesiale plekke waar die gesin se afgestorwenes woon, plekke van aanbidding. Op hierdie wyse ontstaan die familie-altaar. Dit is gewoonlik die vader wat as oudste die naaste aan die geeste is, se taak om laasgenoemde welwillend gestem te hou" (Pistorius, 1982:24,25). In die Suide van Turkye is die geloof byvoorbeeld prakties geïllustreer deur in die rotsagtige hange van die berge die grafte van afgestorwenes uit te kap waar laasgenoemde in sittende posisies geplaas is sodat, vanuit hierdie hoë grafte, hulle steeds wakend kon toesig hou oor die volk. (kyk figuur 4 op bladsy 83 van hierdie hoofstuk).

4.2.3.3 Godsdiens

Die mitiese mens lewe in 'n wêreld wat gevul is met geeste. Hy word "doorstromd door vreemde beelden en gevoelens alsof van buiten komende geester of machten telkens weer in hem doordringen" (Van Peursen, 1975:43). Die feit dat daar vir die mitiese mens nie 'n definitiewe skeiding bestaan tussen die natuurlike en die bonatuurlike nie en hy daarom ook aan dooie dinge 'n lewende siel toeken, aanbid die mitiese mens velerlei gode. Die gode is alomteenwoordig en kan in enige voorwerp in en om 'n mitiese omgewing gehuisves word. "Angst en vrees, voor demonische machten, komen veelvuldig voor" (Van Peursen, 1975:36). Die feit dat die gode nie alleen vreesaanjaend nie, maar ook veeleisend is, lei daartoe dat die mitiese mens, in 'n poging om die gode welwillend gestem te hou, hulle lewe vul met die uitvoer van gereelde rites en die bring van offerande en ander magiese seremonies.

Figuur 4: Mitiese grafte van voorvaders wat oor die stad waak.



Bron: Eie

Vir die mitiese mens is medisyne en godsdiens nou verweef. Die geloof bestaan dat siekte aangebring word deur vyandige magte. Verskeie maniere word aangewend om die sieke gesond te kry. Die liggaam van die sieke moet egter so ongemaklik as moontlik gemaak word ten einde dit vir die kwaadgesinde magte onmoontlik te maak om langer daar te vernoef. Towerspreuke en beswering van geeste word ook dikwels vir die doel aangewend. Die mitiese mens glo dat indien die magte genoegsaam gepaai of verdryf sal word, die sieke gesond sal word.

Die toordokter is met sy eie mengsels en towerspreuke ingespan om die kwaad of siekte te verdryf. Die towerspreuke en besweringformules wat moed gee, word gebruik as voorbereiding vir "doorstane moeilikheden, zoals ziekte, droogte" (Van Peursen, 1976:37).

Opleiding in bogemelde gode-aanbidding en toorkuns is kompleks en ingewikkeld en stel hoë eise aan die opleier hoofsaaklik weens sy gebrek aan 'n basiese kennissisteem en vaste verwysingsraamwerk oor die onderwerp. Die opleier se vindingryke verduidelikings van natuurprosesse en verskynsels wat nijs anders as spekulasie was nie, het later vorm aangeneem en die weg gebaan vir die begin van wetenskap en filosofie. Die vermoë van die mitiese mens om sy bonatuurlike ervarings te verwoord en in sy eie kulturele rites met betekenis te beklee, was 'n ontwikkeling in die genesis van geskiedskrywing en literatuur (Wilds & Lottich, 1970:3).

Uit die godsdiestige ceremonies en rituele is daar hoorbare lofuitinge (mondeling deur taal en musiek) en sigbare simbole soos totemdiere, altare en monumente ter ere van die gode ontwikkel. Hiermee is daar onwetend 'n groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van taal en musiek, die kunste, argitektuur en die skrywerskuns.

Daar is nog baie van hierdie hoorbare en sigbare simbole te sien in die huidige moderne samelewings. In sommige kerke word daar nog gebruik gemaak van sigbare simbole soos altare, beelde en kruise. Totems of tekens word ook gebruik om saligheid, sekuriteit of voorspoed aan te dui. Die gebruik van gelukbringers byvoorbeeld amulette word steeds gedra in die geloof dat dit geluk sal bring omdat dit moontlik deur 'n voorouer of priester geseen is en dit die draer daarvan beveilig of gelukkig maak. Die begrip "amulet" verwys na 'n "voorwerp wat gedra word om skadelike invloede van geeste af te wend of as voorbehoedmiddel teen siektes, ongelukke ensovoorts" (Odendaal et. al, 1988:47).

Die besef dat 'n onsigbare God op onopsigtelike wyse sy gelowige kinders beskerm en dat sigbare, aardse voorwerpe daarvoor oorbodig is, het nog nie tot die mitiese mens deurgedring nie.

5. MITIESE OPVOEDING

5.1 Kultuur opdrag van die mitiese mens

"Oor die eeu heen is kultuur geskep en het kulture tot stand gekom wat elk op unieke wyse voortgebou het op die verlede, vorm en betekenis gegee het aan die hede en so toekoms geskep het" (Van Rooyen, 1993:18). Daar is dus vir elke mens op aarde 'n taak en 'n roeping tot verantwoordelike kultuurskepping. Niemand tref sy wêreld voltooid aan nie. "It is a fact that no man ever finds his life world complete. It is every human's task and responsibility to create his world and to give it meaning and form. Nobody else can do this on his behalf or do it in the way that he does it; each person is unique and according to this uniqueness he gives meaning to his life world in a specific personal way" (Universiteit van Pretoria, 1999:1,3).

Wanneer hierdie appél aan die mens gerig word, moet hy daarop antwoord en wel in die vorm van sy deelname aan die omvorming van sy wêreld - natuur en kultuur.

5.2 Twee aspekte van opvoeding

Oor al die eeue heen kon daar twee duidelike aspekte in opvoeding waargeneem word, naamlik 'n praktiese en 'n teoretiese aspek.

Die praktiese opvoeding het met die konkrete voorsiening in die onmiddellike behoeftes van die mitiese mens te doen gehad soos byvoorbeeld die huishoudelike, taal, fisiese, militêre en morele onderrig terwyl teoretiese opvoeding met die abstrakte of onsigbare magte te make het. Dit sluit die religieuse, literêre, musikale, artistieke en intellektuele leer in. Die mitiese mens word enersyds voorberei vir die praktiese lewe en andersyds geleid in die vorming van 'n lewensopvatting (Pistorius, 1982:23). Teoretiese vorming verteenwoordig die mens se denkbeelde oor wat waardevol is en derhalwe rigtinggewend is vir die praktiese lewe.

5.3 Kenmerke van mitiese opvoeding

Opvoeding in 'n mitiese samelewing is spontane gebeure wat onbeplan en informeel plaasvind. In die verloop van die daaglikse lewensaktiwiteite in 'n mitiese samelewing, is die kinders voortdurend in die teenwoordigheid van ander mense, dan kyk, luister en leer hy. "... children began to educate themselves through their unconscious duplication of the activities of their parents and other members of their family or tribe" (Wilds & Lottich, 1970:15). Wat die ouer ookal doen of sê, word onbewustelik aan die kind voorgeleef en voorgesê. "Even as father and mother... they were hardly aware that they were educating" (Wilds & Lottich, 1970:15). Die kind is teenwoordig en algaande sê en leef hy sy ouers na. Nie alleen kennis word op hierdie manier opgedoen nie - deur bloot te kyk

en te luister sal die kind ook die sogenaamde verborge aspekte soos die houdings en gesindhede van ouers oorneem.

In mitiese opvoeding kan daar tussen sekere tipes opvoeding gedifferensieer word, hoofsaaklik deur die eise van omstandighede of die lewensbeskouing wat deur die groep geïnisieer word. In die geval van die Spartane was liggaamlike gehardheid vir fisiese oorlewing belangrik en is liggaamlike opvoeding en veral militêre opvoeding met die oog op verdediging teen die slawe (Helote) beklemtoon. "Vir die Spartane was die hoogste ideaal dapperheid, uithouvermoë" (Pistorius, 1982:33). By die Oud-Israeliete was 'n heilige lewenswandeling voor Jaweh 'n allesoorheersende prioriteit gewees en is morele opvoeding asook godsdiensstige opvoeding beklemtoon. "Die opvoeding moes meewerk om die mens rigting na God te laat kry" (Pistorius, 1982:74)

Tradisioneel was die behoud van die status quo wat een generasie in terme van oorlewing daargestel het, mondeling na 'n volgende generasie oorgedra. "Education were perpetuated by word of mouth from generation to generation" (Wilds & Lottich, 1970:5). Opvoeding in 'n mitiese samelewing was gebaseer om na jouself om te sien aldus het slagspreuke gegeld soos "survival of the fittest" (Wallace & Spencer in Wilds & Lottich, 1970:3)

5.4 Mitiese opvoedingsdoel

"The basic aim of primitive education was security; for the fundamental problem of prehistoric man was how to stay alive, to protect himself and his family from the destructive forces of nature and from both animal and human enemies" (Wilds & Lottich, 1970:6). Die mitiese mens was gedurig blootgestel aan die gevare van wilde diere, vyandige stamme en natuurrampe. In 'n mindere mate was daar ook die afwykende gedrag van 'n individu wat die onguns van die bonatuurlike mag kon bewerkstellig. Genoemde gevare bring mee dat vrees en

angs by die mitiese mens ontstaan. "Uit hierdie angs, vloei die doel van sy opvoeding voort, naamlik sekuriteit" (Pistorius, 1982:24).

Opvoeding in 'n mitiese samelewing was eenvoudig. Dit het slegs die ontwikkeling van eienskappe wat noodsaaklik was vir die welstand van die groep, vereis. "Very likely early man philosophized little; his concern was with the immediates" (Wilds & Lottich, 1970:6). Die mitiese mens dink eerder hoe om sy honger te stil, homself te beskerm en hoe om dood of besering te verhoed. Die mitiese mens is gebind tot die hede met geen toekomsantisipasies nie. "Sufficient unto the day is the evil thereof" (Wilds & Lottich, 1970:6). Die mitiese mens is instinktief en konsentreer op dinge wat gedoen moet word, die wyse om dit te doen en die nut daarvan. Vrees was die motivering. Vuur, donderweer en die dood het verdere vrees ontlok.

Die persepsie het bestaan dat die mitiese mens deur vyandige geeste omring word. Versoening met hierdie geeste moontlik seremonies en magiese rituele uit te voer (ook om sekuriteit te verkry).

"Common danger brought early man into families, clans, and tribes and with such togetherness came the oldest problem of social life, that of conformity" (Wilds & Lottich, 1970:7). Konformiteit met die groep vir sy veilige voortbestaan was noodsaaklik. Die sekuriteit van die stam was belangriker geag as individuele sekuriteit. Absolute gehoorsaamheid is op 'n jeugdige ouderdom aan kinders oorgedra deur die oudstes geleer. In 'n mitiese samelewing was geen alternatief, keuse, probleem of vraagstelling aan die mens oorgelaat nie. Die groep het vir die enkeling besluit. Die status quo word beskou as die geldende reël. Enige variasies van 'n lid van die bestaande gebruiken was beskou as onbetaamlike gedrag wat teenstrydig is met die voorskrifte van die gode. 'n Swaar straf kon opgelê word.

5.5 Leerinhoud

5.5.1 Kenmerke van die leerstof

In die mitiese opvoeding weerspieël die leerstof die opvoedingsdoel. Daar was minder klem op die leerstof en groter fokus op die doel met die opvoeding geplaas. Vir die mitiese mens was oorlewing die belangrikste opvoedingsdoel "to protect himself and his family from the destructive forces of nature and both animal and human enemies" (Wilds & Lottich, 1970:6). Die uitkoms van die opvoeding, naamlik om te oorleef, was 'n saak van lewe en dood.

Vanweë die ongekompliseerde leefwyse van die mitiese mens, het opvoeding hoofsaaklik onbewus en toevallig plaasgevind. Die leerstof was gevvolglik eenvoudig, ongeorden en ongestruktureerd gewees. Die kinders wat gereeld in die teenwoordigheid van die ouers was, het op eenvoudige wyse in die daaglikse gang geleer. Die leerinhoud was nie in geskrewe vorm aangebied nie. Daar was wel "fascinerende grottekeningen uit deze oertijd" (Van Peursen, 1976:36) wat voorgekom het.

5.5.2 Onderwerp van die leerstof

Die gedagtewêreld en denkprosesse van die mitiese mens was hoofsaaklik gefokus op konkrete en voor-die-handliggende - *dat iets bestaan en wat dit is of wat daaromtrent gedoen moes word* (eksistensiële kennis), was beskou as van primêre belang. Die mitiese mens verken sy wêreld soos die klein kind, dan word die waarneembare deur hom opgeneem en binne sy verwysingsraamwerk geïntegreer.

Aangesien die mitiese mens op eksterne stimuli vanuit sy omringende wêreld moet reageer, word dit sekondêr ook belangrik om te weet hoe op 'n bepaalde stimulus reageer moet word. Dat *iets bestaan en wat dit is*, het hoofsaaklik met kennis en kundigheid te doen, terwyl die *hoe verwys na 'n sekere vaardigheid*

wat vereis word. Die *dat*, *wat* en *hoe* bepaal dan in 'n groot mate die onderwerp van die leerinhoud.

5.5.3 Bronne van die leerstof

Die uitgebreide gesin was die enigste bron van opvoeding in mitiese samelewinge. Die kind wat gedurig in die teenwoordigheid van sy ouers of ander stamlede was, het geleer deur te kyk hoe die ouers en familie hul dagtaak vervul. In mitiese samelewings was die oogmerk van opvoeding, voorbereiding vir die lewe self. Die mitiese mens moes met die opvoeding wat hy verkry het, 'n oorlewingstryd aandurf.

Deur die voorlewing van gedragsreëls en groepswette deur volwassenes in 'n mitiese samelewing, kon die kind deur waarneming, homself daarmee vertroud maak. Selfs die uitvoering van godsdienstige rituele om die guns van die gode te verkry, was vir die kind 'n leergeleentheid.

Daar is gewoonlik 'n belangrike of leersame boodskap opgesluit in mites en liedere. Wanneer 'n mite dus vertel of 'n lied gesing was, kon die kind luister en deelneem en iets daaruit wys word.

5.5.4 Onderrig en leermetode

Die onderrig en leermetode van die mitiese mens, is hoofsaaklik spontaan en onbewustelik. Die onderrig en leerhandelinge is eenvoudig, ongestructureerd en onbeplan. Die ouers het onbewustelik voorgeleef en voorgesê. Die kind het nageleef en nagesê. Die kind memoriseer die indrukke wat later weer binne sosiale en kulturele verband geleef en gesê word.

'n Vreemde taal kan byvoorbeeld baie maklik deur 'n kind aangeleer word as hy na die klankgrepe van 'n spreker daarvan luister en dit naboots. Hy sal by wyse van nabootsing, fouteer met die aksentuering totdat hy sodanige taal bemeester

het. Die kind leer houdings, gesindhede en gedrag aan deur waarneming van volwassenes.

Namate die kind opgroei, span die ouers hom in om eenvoudige takies te verrig. Die seun sal sy vader vergesel op jagtogte terwyl die dogter sal help met huishoudelike take. Die kind oefen dan hierdie waargenome gedrag in die vorm van spel. Die seun sal sy vader naboots en die dogter op haar beurt weer die moeder (Lewis, 1986:69). Op hierdie wyse word die kind vertroud gemaak met die groep se tradisies, gewoontes en gebruiks.

Indien die vader oor gespesialiseerde vaardighede beskik het soos skoen- of tentmakery, kan hy sy seun deur mondelinge onderrig, demonstrasie en inoefening leer. In sommige samelewings is die kinders van bure ingesluit by die opleiding (Pistorius, 1982:27).

‘n Meer gestruktureerde onderrig en selfs skole het ontstaan by volkere waar tekens van ‘n meer versnelde ontwikkeling en groei sigbaar was, soms meer na die einde van die mitiese fase in die oorgangsperiode van ontologiese ontwaking. Hierdie meer “formele” opvoeding het byvoorbeeld in Egipte, Babilonië, Mesopotamië en Assirië plaasgevind.

5.6 Tipe opvoeding

5.6.1 Praktiese en teoretiese opvoeding

5.6.1.1 Praktiese opvoeding

Die praktiese opvoeding in mitiese samelewings staan in verband met die handelinge wat vir die voorsiening van die lewensnoodsaakklike nodig is. Die kind word voorberei vir alle aktiwiteite wat met die materiële versorging van die gesin te doen het. Dit behels die eenvoudiger vorme van huishoudelike pligte,

taal, fisiese, militêre en morele onderrig wat later die basis gevorm het van vakke soos ekonomiese, sosiologie, politiek en etiek.

5.6.1.2 Teoretiese opvoeding

Die teoretiese opvoeding in 'n mitiese samelewing het religieuse, literêre, musikale, artistieke en intellektuele leer ingesluit wat later die basis gevorm het van vakke soos bybelstudies.

5.6.2 Fisieke, sosiale en godsdienstige opvoeding

5.6.2.1 Fisieke opvoeding

Wat die fisieke opvoeding van die kind betref, is daar gestreef om die kind te leer om ter wille van sekuriteit en oorlewing voedsel te versamel, te jag, water in die veld te vind, klere te maak en 'n huisvesting op te rig.

Die mitiese mens moes vanweë die moeilike lewensomstandighede waarin hy hom bevind het, die kind opvoed om gehard te wees en die nodige uithouvermoë aan te kweek. Die opvoeding het ook behels dat die individu sy groep moes verdedig teen aanvalle van vyandige stamme en ander dreigende gevare.

Fisieke opvoeding het ook met inlywing in reinigings- of seksuele gewoontes en tradisies te doen gehad (Wilds & Lottich, 1970:25).

5.6.2.2 Sosiale opvoeding

Met sosiale opvoeding is daar gestreef om die kind te leer om ter wille van sekuriteit en oorlewing absoluut gehoorsaam te wees aan die stamtradisies, wette en taboos. Hy is geleer om te konformeer met die groep want enige

afwykings van die gewone manier van dinge doen, sou die onguns van die gode kon wek.

Enige vorm van individualiteit is ten alle koste onderdruk sodat die kind kon strewe na uniformiteit binne die groep. Die kind was in noue kontak met die natuur en feitlik deurgaans in die teenwoordigheid van die ouers waar hy onbewustelik die gebruikte van die groep kan aanleer. Die opvoeding was gevvolglik gestaak sodra die kind die ouer sevlak van kennis bereik.

5.6.2.3 Godsdienstige opvoeding

Met die godsdienstige opvoeding is daar gestreef om die kind te leer om ter wille van sekuriteit en oorlewing, op magiese en seremoniële wyses, die guns van die geeste te probeer wen. Die vader was aanvanklik die godsdienstige opvoeder, maar is vervang deur 'n lid van die gespesialiseerde klas (priester of toordokter) wat oor magiese kragte beskik het.

"As mondstuk van die geeste, het die toordokter die gedrag van die stam bepaal" (Pistorius, 1982:26). Dit was ook die verantwoordelikheid van die toordokter om deur die vader, die kind te laat inpas by die groep deur vaste groepsgebruiken en forme van aanprysing vir die gode, byvoorbeeld rites. Tradisies speel 'n belangrike rol en individuele verskille is streng onderdruk.

5.7 Discipline in 'n mitiese kultuur

5.7.1 Algemeen

Die begrip "discipline" dui op "die handhawing van orde sodat die aktiwiteit of werk glad kan verloop asook vorder en so die bepaalde doel daarvan bereik kan word" (Van Rensburg & Landman 1988:38).

Dissipline in 'n mitiese kultuur het volgens die ouderdom van die kind, van stille verdraagsame en liefdevolle leiding tot die uiterste vorme van wredeheid en misbruik van die kind gewissel.

Die mitiese mens se lewe was met vrees en bygeloof vir die bonatuurlike magte beheers. Ter wille van die groep se veiligheid, leef die mens binne die neergelegde reëls en word die guns van hierdie magte ten alle koste behou. Gesag is hoofsaaklik deur die groep en die geeste gehandhaaf. Vryheid en gesag kon nie vrywillig verwerf en erken word nie, maar dit is nagevolg uit vrees en dwang. Die enkeling het nie oor 'n eie individualiteit beskik nie, dus was daar nie sprake van 'n eie gewete nie, maar eerder 'n groepsgewete.

5.7.2 Die kindsiening en die verband met dissipline en straf

Die kindsiening in 'n bepaalde samelewing sal grootliks die styl en tipe dissipline en straf in die opvoeding bepaal. In 'n mitiese samelewing, is die jong kinders met groot liefde, toegeeflikheid en verdraagsaamheid versorg. Indien daar 'n gebrek aan dissipline by die kind voorgekom het, was diesulkes gewoonlik mishandel by die inisiasie - ceremonies (Pistorius, 1982:28).

Wanneer die kind onafhanklik van die moeder kon rondbeweeg en by sy wêreld betrokke wou raak, is daar van magiese afskrikmiddelle gebruik gemaak om die kind te dissiplineer, vrees in te boesem en sodoende sy bewegings in te perk.

Wanneer die kind die puberteitstadium bereik, verander die tug en word die kind strenger en hardhandiger hanteer. Die seun het 'n spesiale streng beheerde opleiding ondergaan wat vir hom van groot opvoedkundige betekenis was. Pistorius (1982:28) noem dat die seuns by hierdie inisiasieskool ingelei is in die stam se godsdiens, sedes, geskiedenis en huweliksgebruiken. Hulle moes in hul eie lewensbehoeftes voorsien en bewys dat hulle pyn en ontbering moedig kon verduur.

Uitwerping uit die groep is ook 'n mitiese strafmaatreël wat in uitsonderlike gevalle toegepas is. Oortreders in Oud-Israel, is buite die stadsmure gegooi om daar alleen te sterf. Van Peursen (1975:45) rapporteer van onversorgde swerwelinge wat êrens in Afrika aangetref was "hij blijkt om een of andere reden uitgestoten te zijn uit zij eigen stam" en "hij heeft immers geen bestaansgarantie, geen levenskansen meer, want de band met zijn stam, de levensbinding met het dat is doorgesneden".

6 MITIESE OPVOEDING VANDAG

6.1 Algemeen

Mitiese samelewings kom steeds in al die uithoek van die wêreld voor - dit is groepe wat eenvoudig nie met die pas van ontwikkeling volgehou het nie. 'n Verskeidenheid redes kan hieraan toegeskryf word, onder ander: 'n gebrek aan geleenthede tot groei na volwassenheid, afsondering van belangrike hoofsentra as gevolg van groot afstande, gebrekkige kommunikasiemedia, armoede, ensovoorts. Daar is vandag egter steeds medelandsburgers (vriende, familie of kollegas) wat mitiese denke en gedrag openbaar in hul daaglikske omgang in die samelewing. Mense raak byvoorbeeld obsessief betrokke met tradisionele werkspatrone wat sogenaamde "resultate" gelewer het of geykte leefwyse wat "gewerk" het en sodoende sekuriteit aan hom verskaf het. Hierdie beheptheid met ou maniere van dink en doen, duif op 'n verknogtheid om die status quo te behou en 'n onwilligheid om nuut en oorspronklik te handel. Die huiwering om te verander, uit te reik na die onbekende met die oog op vernuwing en vooruitgang, kom by alle mense voor maar nie ewe sterk nie.

6.2 Onderrig in 'n mitiese klaskamer

Mitiese onderrig en leergebeure is vandag nog 'n algemene verskynsel in moderne skole. Enkele kenmerke en voorbeeld van mitiese onderwys word verskaf om hierdie verskynsel, soos dit in skole vergestalt, toe te lig.

In 'n mitiese situasie kom onderrig en leergebeure spontaan en onbeplan voor. Die onderwyser sal daagliks onbeplan voortgaan met lesaanbieding sonder inagneming van die doelwitte wat hy wil bereik. Hierdie onderwyser beplan of besin nie vooruit oor sy les nie en hy besluit op die ingewing van die oomblik wat hy gaan aanbied.

Hoewel lesbeplanning met die verlangde uitkomste van die les in die toekoms te make het, bekommer 'n mitiese onderwyser hom nooit daaroor nie omdat hy nie ingestel is op die toekoms nie. 'n Besluit oor die leerinhoud word momenteel geneem wanneer die onderwyser voor sy leerlinge staan. Besluite word dus in die hede, vir die hede geneem. Die leerinhoud is gevvolglik toevallig, ongestructureerd en ongeordend.

Sy intellektuele gereedmaking, geestelike oriëntasie en emosionele voorbereiding, blyk van minder belang te wees. Sy besinning oor die verwagte leeruitkomste, keuse van gepaste inhoud om die verwagte leeruitkomste te realiseer, keuse en voorbereiding van onderrigmedia met die oog op versnelde leer, inskerping, vaslegging van inhoud en inoefening van vaardighede vind ook nie vooraf plaas nie.

Die mitiese onderwyser wil graag die status quo (huidige praktyk) in die onderrig- en leerpraktyk behou en stel nie belang in verandering en vernuwing met die oog op verbetering nie. Die mitiese onderwyser veranker homself dikwels in 'n bepaalde werkswyse en hy sit die onderwyspraktyk voort soos dit reeds vir geslagte gedoen is omdat hy soveel veiliger en meer in beheer voel met die "ou" manier van doen.



Die essensie van die onderwys is vir hom geleë in sy aanbieding van die regte voorstellinge aan die kind. Die onderwys sentreer om die persoon van die onderwyser wat alles volledig en korrek aanbied, terwyl die kind passief luister en “inneem”. Die fokus is gerig op die onderwyser wat dink, werk en doen. Die onderwyser se kennis word as absoluut beskou - hy is “alwetend” en hy het ‘n antwoord vir elke vraag. Daar bestaan ook dikwels ‘n gebrek aan naslaanbronne in ‘n tipiese “luisterskool”.

Die onderwyser skryf bepaalde werkmetodes voor vir die leerlinge in sy klas terwyl individuele vryheid van dink en doen nie toegelaat word nie. Die leerlinge se gedrag en optredes in die klaskamer, word deur streng reëls bepaal.

Die mitiese onderwyser voorsien die kind gewoonlik van korrek gedupliseerde aantekeninge, illustrasies en berekeninge. Hy laat nie sy leerlinge toe om foute te begaan nie terwyl ‘n fout wat ‘n kind maak, in wese ‘n leergeleentheid is. Die onderwyser glo dat leerlinge se veelvuldige herhaling van leerinhoud foute by leerlinge sal uitwis.

Die leerlinge word oorlaai met vrae oor bekende werk. Die leerlinge moet dan die antwoorde sonder enige inspanning (dinkwerk) kan weergee. ‘n Vraag het dikwels net een antwoord sonder die oorweging van alternatiewe antwoorde op die vraag. Leerlinge word nie uitgedaag om self te dink en te redeneer ten einde insig te bekom nie. Antwoorde van leerlinge word gemerk aan die hand van voorgeskrewe oplossings en metodes. Vir individuele interpretering van vrae, inisiatief en kreatiewe denke word geen ruimte gelaat nie.

Die mitiese onderwyser is nie bewus daarvan dat blote “informasie-gee” van ware opvoeding onderskei kan word in terme van behoorlikheidseise wat opvoedingsinhoude moet vergesel nie. Reg en verkeerd word aangespreek in die vorm van velerlei reëls en wette wat voorskryf wat mag en wat nie mag nie. Werklike normkonfrontering deur die onderwyser met die oog op

normevaluering, normtoeiening en normoriëntering deur die kind, vind nie in 'n mitiese leersituasie plaas nie. Daar is eerder sprake van die prediking en indoktrinasie van reg en verkeerd. Die onderwyser sê aan die kind en besluit vir die kind. Volgens die mitiese onderwyser moet die korrekte by die kind ingedril word deur herhaling.

Die mitiese onderwyser is nie bewus van die feit dat die kind hom nie net nasê nie, maar ook nadoen, dat die kind as waarnemer nie net die sigbare kurrikulum lees nie, maar ook die onsigbare en verborge kurrikulum soos die onderwyser dit dag vir dag voorleef.

6.3 Leer in 'n mitiese klaskamer

Die kind in 'n mitiese klaskamer is nie betrokke by die leergebeure nie - hy is passief waarnemend. Die kind moet kyk, luister en "inneem". Die doel van leer is om die leerinhoud wat hy van die onderwyser ontvang, weer op te haal, op te noem of in dieselfde vorm weer te gee. Memorisering en inprinting vorm die grondslag van leer in so 'n klaskamer.

Daar word van die kind verwag om voorstellings of kennis weer te gee soos wat dit vasgelê is. Parate kennis kry voorkeur bo eie beredeneerde kennis en insig. Die kind word deur middel van die onderrigmetode geleid om aanvaardend (sonder bevraging) in te neem wat aan hom voorgesê word. Dit wat aan hom voorgesê word moet as die absolute (volle) waarheid aanvaar word.

6.4 'n Kliniesebeeld van 'n mitiese onderwyser

In 'n moderne samelewing, sal die onderwysgebeure (onderrig en leer) in die mitiese onderwyser se klaskamer op die volgende wyse verloop:

Die besondere onderwyser voel veilig en gelukkig wanneer hy alleen aan die woord is. Die kinders moet in absolute stilte na hom luister en stiptelik uitvoering gee aan sy opdragte. Die leerstof wat hy oordra is syns insiens volledig, duidelik en korrek sodat die leerlinge nie hoef vrae te vra nie. Afwykings word nie toegelaat nie.

Die onderwyser sal dikwels die leerinhoud volledig op die skryfbord uitwerk en dan verwag dat die leerlinge dit in absolute stilte in hul werkboekies moet oorskryf. Geduplikeerde aantekeninge met vrae en antwoorde word ook dikwels aan die leerders verskaf. Die leerlinge beskik oor die korrekte antwoorde daarom word daar geen ruimte vir selfwerksaamheid gelaat nie. Die leerder hoof nie self die werk te doen of foute te begaan nie. Foute is by die onderwyser nie 'n leergemeentheid waaruit 'n lessie geleer kan word nie, intendeel dit word as 'n skreiende skande afgemaak tot vernedering van die leerlinge.

In die geval waar 'n klaskaptein verkies moet word, of waar leerders 'n besluit moet neem, sal die onderwyser sonder raadpleging van die leerders, self die keuse of besluit maak - die leerders het natuurlik geen sê nie. Oorweging van alternatiewe, die maak van keuses, probleemoplossings en deelnemende besluitneming word nie by die leerders toegelaat nie.

Die onderwyser verwag dat die leerders die leerstof moet memoriseer. In toetse en eksamens moet die leerders in staat wees om antwoorde presies te weergee soos wat hy dit aan hulle opgedis het.

Die onderwyser is besonder lief om straf vir geringe oortredings toe te dien. Oortreders word summier lyfstraf toegedien of uitsetting uit die klaskamer waar hulle vir die res van die periode op die stoep moet staan. Die onderwyser pas ook ander strafmaatreëls soos uitskryfwerk toe. 'n Sin met 'n fout sal byvoorbeeld vyftig keer herhaal moet word, want die onderwyser glo dat herhaling foute kan elimineer.



7. Samevatting

Die mens in hierdie eerste fase van ontwikkeling verwys na enige persoon, hetsy 'n vriend, familielid of kollega, wat mitiese denke en gedrag openbaar. Mitiese denke en gedrag behels 'n andersheid wat by 'n mens mag voorkom. Die mens tree anders op as wat verwag sou word - soms met oortuiging dat die denke en optrede reg en gepas is. Die kriteria wat hiervoor aangelê word (is dit reg en gepas?), voldoen egter nie aan die eise van logiese en verantwoordelike denke en leefwyse nie.

Daar word egter nie op mitiese persone neergesien asof hulle gedrag "verkeerd" sou wees nie (vergelyk in hierdie verband die aanvanklike aannames waarop die model gegrond is soos in hoofstuk 1, paragraaf 2.6 beskryf), maar eerder dat mitiese denke en gedrag onvanpas en kontraproduktief in bepaalde situasies (soos in funksionele en hoogs tegnologiese situasies), kan wees.

Die mens toon in die algemeen in vele opsigte ooreenstemmende kenmerke met die van die mitiese mens veral wat sy daaglikse lewe betref. Net soos die mitiese mens is hy ook bewus van die bestaan van bonatuurlike magte en word sy lewe daardeur beïnvloed. Hierdie magte oefen ook, soos in die mitiese geval, 'n invloed uit op die mens deur hom te predisponeer om op 'n bepaalde wyse op te tree. In die moderne samelewing, is die mag van reclame 'n tipiese voorbeeld van 'n mag wat op die mens kan inwerk en hom dan te predisponeer om op 'n sekere keuses te maak en daarvolgens op te tree. Die mens reageer byvoorbeeld op 'n reclameflits deur 'n sekere voorkeur te verleen aan 'n sekere artikel en dit sonder nadanke of oorweging van ander produkte, te koop.

HOOFSTUK 4 : DIE ONTOLOGIESE FASE

1. DOEL MET HOOFSTUK

Die doel met hierdie hoofstuk is om die ontologiese fase te beskryf ooreenkomsdig die werke van C.A. Van Peursen. Op grond van hierdie beskrywing sal daar 'n poging aangewend word om opvoeding in die ontologiese fase te beskryf, te sistematiseer en te verklaar.

2. DIE BEGRIP "ONTOLOGIE"

2.1 Die benaming "ontologiese fase"

Die benaming "ontologiese fase" is vir hierdie tweede fase van menslike ontwikkeling gekies vanweë die mens se soeke na die wesende of issende - dit wat werklik is of werklik bestaan. Die mens in hierdie fase is opsoek na die werklikheid of die syn, gegewenhede wat vir alle mense te alle tye geld. Die ontologiese mens toon daarom 'n vraende en ondersoekende ingesteldheid teenoor die werklikheid. Die werklikheid of die syn bestaan uit verskillende synsdifferensiëringe wat bekend staan as "syndes" (van die syn). Hierdie syndes is dele van die syn, wat wanneer bymekaar getel word of saamgevoeg word, die totale syn of werklikheid uitmaak. Voorbeeld hiervan is die mens (antropologiese) en die pedagogiese (opvoeding).

Die ontologiese fase verwys na die fase in die mens se lewe wanneer hy met bevraging begin. Omdat hierdie bevraging van individu tot individu en van kultuur tot kultuur verskil, kan dit nie aan 'n bepaalde ouderdom, tydperk of in tyd vasgestel word nie. Party kinders is byvoorbeeld baie gouer om te vra as ander terwyl party veel later en sommige selfs nooit vra nie.

'n Kenmerk van die ontologiese fase is dat die mens homself distansieer van sy omringende werklikheid, ander mense en die bonatuurlike. Die ontologiese mens breek los uit die verweefdheid met die werklikheid en ander mense om selfstandigheid en 'n eie identiteit te verwerv. Dit is die fase wanneer 'n mens wetenskapliker begin dink en navorsing doen. Die mens begin "meer afstand te nemen van hetgeen hem omringt". Van Peursen (1987:58) verwys hier na die magte of mistieke wêreld waarmee die mitiese mens beïnvloed is. Hierdie afstand lei tot objektiwiteit en perspektief. Die mens is "minder bevangen, treedt soms zelfs als toeschouwer bij zijn eigen leven op en probeert zo inzicht te krijgen in de krachten die in de natuur en in de mens speurbaar zijn" (Van Peursen, 1987:58). Hy kan dus objektiveer en homself abstraheer van die werklikheid.

Met die vraag *hoe kom*, wil die mens insig kry in die kragte van die natuur wat die mens om hom waarneem. Vir die ontologiese mens gaan dit nie alleenlik meer oor die *wat* of die *hoe* nie (die *hoe* verwys na die metode), maar eerder oor die *hoe kom*, die logika wat as motivering dien. Van Peursen (1987:58) verduidelik die begrip "logika" in die ontologiese fase as dit wat "logisch en verstandelik beredeneerd word". Die afstand wat die mens teenoor sy wêreld, ander mense en die bonatuurlike inneem, maak perspektief, insig en selfstandige denke moontlik en dra by tot die eiewaarde van die mens.

Die mens "strewen om inzicht te verkrijgen in het bestaan, een zinsleer op te bouwen en zo via inzicht iets van bevrijden te ervaren" (Van Peursen, 1987:60). Die mens word deur kennis en insig bevry van die invloed van die omringende magte en verkry op hierdie wyse groter beheer oor sy eie bestaan en die verhoudinge wat daaruit voortvloeи, naamlik sy verhouding met die werklikheid, ander mense en die bonatuurlike. In die proses van losmaking en distansiëring (afstandneming) ontwikkel die mens 'n eie identiteit en individualiteit. Hierdie bevryding en individualisering van die mens is die uitkoms van sy soeke na die onwegdinkbare.

2.2 Oorsprong van die begrip “ontologie”

Volgens Van Rensburg & Landman (1988:151) het die begrip "ontologie" sy oorsprong in die Griekse woorde "ontos" (dit wat is) en "logos" (woord). Volgens Van Peursen, (1987:58) het die term 'logos' dan ook in Grieks "dikwyls de betekenis van 'zin'". Die term verwys dus na die *logika* van iets insien of die begryping waarom 'n handeling op een manier verrig moet word. Vir 'n volledige verduideliking van die begrip "ontologie" verwys na hoofstuk 2 paragraaf 2.13

2.3 Funksies van die ontologiese denke

2.3.1 Die ontologiese denke wil die hoëre (transendente) sigbaar en begrypplik maak

"Een eerste functie van die ontologische bezinning is het in kaart brengen van hetgeen die mens te boven gaan" (Van Peursen, 1987:62). Van Peursen beskou die eerste funksie van die ontologiese fase as 'n uitbreiding van die mens se horison. Dit wat vir die ontologiese mens onbegrypplik is, wil hy in begrypbare terme aanbied. Diepgaande denkarbeid, abstrahering en navorsing kan die onverklaarbare in perspektief bring word en daardeur kan die mens kennis en begrip verwerv. Die mens in die ontologiese fase openbaar enersyds 'n streve om die onbegryplike begrypbaar te maak en andersyds om die hoëre en betere binne sy bereik te plaas. Die mens soek na antwoorde op die vrae wat uit sy wêreld teen hom aandring, antwoorde wat die wêreld vir hom meer toeganklik kan maak. Sy ondersoekende houding noop hom om vrae te stel oor sy eie bestaan, die ontstaan van die kosmos en "hoe men het bestaan van God kan aantonen: de godsbewijzen" en "het bewijs voor het bestaan van een hogere Macht..." (Van Peursen, 1987:63).

Vanweë die afstand tussen die mens en die bonatuurlike magte tree 'n Godsbewussyn by die mens in. Wanneer kennis begrypbaar gemaak word en

die mens insig en begrip verkry het, kan die inhoud geïnternaliseer en in nuwe situasies toegepas kan word.

2.3.2 Die verkryging van perspektief op verskynsels in die werklikheid met die oog op kennis en begrip.

Die ontologiese mens neem afstand van die werklikheid wat hom omgewe. Deur hierdie skeiding tussen mens en werklikheid kan hy dit wat hy sien tot kennis verwerk en objektiwiteit verkry. Vanweë die perspektief op die werklikheid is die mens in staat tot insig en begrip. “De mens vraagt wat die wereld eigenlijk is: de vraag naar het wezen van de dingen, de natuurwetten, de oorzaken, zelfs de hogere ideeën en God” (Van Peursen, 1987:69).

Die bespreking bo kan verder aan die hand van ‘n voorbeeld verduidelik word. Wanneer ‘n mens by ‘n kunsuitstalling die “korrekte” afstand van ‘n kunswerk inneem kan hy ‘n duidelike beeld van die skildery kry en ook die boodskap in die skildery waarmeem.

Die mens in die ontologiese fase kan ook vanweë sy losmaking bewus raak van homself as ‘n losstaande entiteit - hy ontwikkel ‘n eie identiteit, leer sy eie naam ken en kan homself as ‘n objek in die werklikheid sien. Hy kan selfstandig dink en optree.

Die ontologiese mens ontwikkel rasionele denke wat hom instaat stel om kousale verbande (oorsaak en gevolg) te verstaan met gepaardgaande beredeneerde verantwoordelikheid. Die mens is ‘n afgeronde of geslotte sirkel wat stelling kan inneem teenoor die werklikheid, ander en die bonatuurlike. Opheffing van vrees en angs word ‘n “verlossing” vir die mens omdat hy kan uitstyl bo die magte.

2.3.3 Die ontologiese denke bied waarborg of versekering vir die hede.

Die mens in die ontologiese fase vind antwoorde op sy vroeë deur sy soeke na verklarings oor sy onbekende wêreld: "maar dat gebeurt dan nu doordat men de processen van het mensenleven begrijpelijk gaat maken vanuit eeuwige wetten" (Van Peursen, 1987:68). Van Peursen verwys hiermee na die mate waartoe die ontologiese mens op die wetenskappe steun in sy soeke na ewige waarhede en daarin slaag om die wêreld vir hom begrypbaar te maak. Sodoende word hy van sy onkunde bevry. Vanweë die kennis en insig begin die mens die prosesse van die natuur verstaan en die wette wat hierdie prosesse onderskryf. Die ontologiese mens verkry antwoorde op sy gestelde vroeë dus ervaar hy 'n mate van sekuriteit vir sy bestaan.

Teorieë en verklarings wat oor verskynsels geformuleer word, help die mens om die onbekende werklikheid te bedink, verklaar en daardeur sy eie gesitueerdheid te begryp. Namate die mens die onbegryplike begryp "in kaart breng van hetgeen die mens te boven gaan" (Van Peursen 1987:70), verkry hy helderheid oor sy eie bestaan. Natuurlike verskynsels soos donderweer word nie meer toegeskryf aan die toom van bose magte nie, omdat die mens begin om sodanige verskynsels te verstaan.

2.3.4 Die ontologiese denke verskaf wetenskaplike kennis aan die mens.

Die mens "legt echter veel meer nadruk op systematische kennis, die gecontroleerd kan worden" (Van Peursen, 1987:68). Die mens wil graag die omstandighede waarin hy hom bevind en waarom sekere dinge wel gebeur, begryp en verklaar. "Men tracht die oorzaken van alles op te sporen" (Van Peursen, 1987:68). Die mens is nie meer tevrede met lukraakte kennis maar soek na gekontroleerde, wetenskaplik verkreeë en verifieerbare kennis (kriteria vir waarheid)

Verkreeë insig in en begrip in sake is die norm vir menslike handeling. Vanweë die kennis en insig waaroer die mens beskik, kan algemeen-geldige feite van

verskynsels nagevors word. Deur oorsaak en gevolg (kousaliteitsbeginsel - verband van oorsaak en gevolg) van verskynsels in die werklikheid na te speur, kan logiese verklarings afgelei word wat sinvolle samehange aan die lig bring. "Insig" kan lei tot "uitsig" op (kennis van) bonatuurlike magte.

Die leer van die sin (syn) sal noodwendig uitloop op leer van die hoogste sin (metafisika) (Van Peursen, 1975:52). In die ontologiese fase "wil men de machten van ons bestaan en van de natuurlijke wereld ook erkennen, maar dan juist door het ware inzicht te verwerven: de erkenning van hun 'wat'" (Van Peursen, 1987:69).

3. ONTOLOGIESE DENKE

Die ontologiese mens beskik oor logiese denke wat hom instaat stel om verantwoordelik en verstandelik te kan optree. Ontologiese denke verteenwoordig 'n reeks denkstrukture wat gebaseer is op die moontlikheid om te kan onderskei tussen werklikheid en onwerklikheid, die natuurlike en bonatuurlike, 'n rasionele bevraging en objektiewe begrip van die werklikheid (waarheid) in samehang met 'n waarde en normsisteem, die interpretasie, beredenering, analise en evaluering, 'n wetenskaplike sisteem van kennis, 'n verwysingsraamwerk en die verkryging van insig.

Vanweë sy toenemende logiese beredeneringsvemoë, verstaan die ontologiese mens die logiese verloop van gebeure, die begrip van kousale verbande en is hy instaat tot persoonlike verantwoordelikheid. Die ontologiese mens is in staat om kennis en ondervinding wat hy ingewin het, te herroep en dit in nuwe situasies toe te pas en te leer uit sy ondervinding. Die ontologiese mens kan oor rasionele kennis van die verlede, hede en toekoms beskik. Daarom is hy instaat om die toekoms te antisipeer en daarvolgens sy beplanning vir die toekoms te doen (kort en langtermyn doelstellings, versekering, ensovoorts).

Hy is in staat om onafhanklike, verantwoordelike en weldeurdagte besluite te neem nadat hy die relevante alternatiewe oorweeg het (Landman, 1972:17). Die ontologiese mens kan 'n rasionele keuse, met inagneming van eksterne invloede en persone wat betrokke mag wees, uitoefen.

4 DIE ONTOLOGIESE FASE

4.1 Oriëntering

Die ontologiese fase is die tweede fase van ontwikkeling wat Van Peursen (1987:58) in sy model beskryf. Die mens in die ontologiese fase is nie meer omring deur geheimsinnige magte soos in die mitiese fase nie. 'n Skeiding tussen mens en werklikheid het plaasgevind en die mens beskik oor kennis en begrip om die magte te bowe te kom.

4.1.1 Oriëntering ten opsigte van die mens in die ontologiese fase

Die ontologiese fase verteenwoordig die tweede fase van ontwikkeling van die mens opweg na volwassenheid of kulture na 'n hoër orde van ontwikkeling.

Wanneer daar na die mens in die ontologiese fase verwys word, veronderstel ons:

- lede van 'n ontwikkelende kultuur of groep wat dieselfde karaktertrekke openbaar hetsy in 'n vorige leeftyd of selfs vandag. Voorbeeld hiervan is die Antieke Griekse, Antieke Romeine, die etiese bydraes van die vroeë Christendom en Islam.

- die jong kind in die tweede fase van ontwikkeling opweg na onafhanklike psigiese volwassenheid (ongeveer die voorskoolse fase tydens die vroeë ontwikkeling van die kind).

4.1.2 Oriëntering ten opsigte van tyd en verskyning van die ontologiese fase

Die ontologiese fase as tweede fase van menslike ontwikkeling, kan nie aan 'n spesifieke tyd in die geskiedenis gekoppel word nie. Wetenskaplikes was reeds in die vroegste jare voor Christus, besig met navorsing oor verskillende fasette van die werklikheid.

Gevorderde kennis was reeds beskikbaar en ontwikkelde leefwyses, sigbaar. "The Greeks contributed more elements of modern civilization. They bequeathed art, drama, literature, philosophy, politics, and an embryonic science" (Wilds & Lottich, 1970:84). Nog bydraes van kultuurvolkere, sluit in die:

- Sumeriërs in wat uitstekende Wiskundiges was: "They knew how to raise a number to a power, how to find the root of a number, and could solve equations with one or two unknowns" (Augusta & Honzák, 1988:89).
- "In the 7th century B.C. in China there existed records of the classification of clouds and the study of winds" (Augusta & Honzák, 1988:101).
- "Undoubtedly the most remarkable development of the Mayan civilization was the calender, unbelievably precise and amazingly complicated" (Augusta & Honzák, 1988:102).
- Die Babiloniërs en Fenisiërs se kennis van hemelliggame (Augusta & Honzák, 1988:104).

Volgens oorlewering wil dit blyk of filosowe van die vroegste tye af reise onderneem het na ander lande om navorsing oor verskillende aspekte te doen.

4.2 Die ontologiese mens in sy gerelasioneerdheid

Die mens in die ontologiese fase staan basies in drie relasies, naamlik:

- met sy omringende wêreld (die mens neem afstand en verkry perspektief op die werklikheid waarin hy homself bevind),
- met ander mense (die mens het selfstandigheid, 'n eie identiteit en individualiteit)
- met die bonatuurlike ('n skeiding vind plaas tussen die sakrale [heilige] en die profane [wêreldlike]).

Die ontologiese mens staan nie meer onkundig teenoor die magte wat hom omgewe het nie. Deur kennis en insig word hy bevry die magte in sy omringende wêreld en soek hy verklarings vir sy in-die-wêreld-wees. Vanweë die afstand wat die mens inneem, is hy minder verweefd met sy groep en word hy 'n individu binne die groter groep met beredeneerde verantwoordelikheid. Die ontologiese mens verkry perspektief op die werklikheid, kan rasioneel dink en sake objektief beoordeel. Insig bevorder die ontologiese mens se eiewaarde.

4.2.1 Die mens in sy verhouding tot die werklikheid

4.2.1.1 Algemeen

Die mens in hierdie tweede fase van ontwikkeling, neem afstand van die werklikheid wat hom omring. "Eers op 'n afstand kan hy kom tot 'n skou, beskouing en deurskouing van die werklikheid en slegs op hierdie wyse kan hy

kom tot die bepaling van sy verhouding tot die werklikheid” (Potgieter, 9). Wanneer die ontologiese mens hom distansieer van sy omringende werklikheid, kom hy tot ontdekking van homself en kry sy eie identiteit en individualiteit beslag.

Deur verworwe kennis, insig en begrip van die kragte van die natuur (al is dit net gedeeltelik), verkry die mens perspektief op die werklikheid. Die mens vorder tot selfstandige denke. Die mens ontwikkel 'n eie identiteit, tree objektief op en ontwikkel verantwoordelikheid. Hy is minder aanvaardend en vra na reg en verkeerd. Hy wil die totale werklikheid, die samelewing en die waardes wat daar heers ondersoek omdat hy 'n normatiewe, waardesoekende wese is.

Dit is veral die vraag *hoe kom* (hy wil weet waarom dinge gebeur) wat aanleiding gee tot analitiese denke. Die mens soek na die fynere detail oor verskynsels in sy omgewing. Die ontologiese mens se wetenskaplike ingesteldheid en denke gee aanleiding tot die bevraagtekening van die menslike bestaan en ontstaan. Wanneer die ontologiese mens met sy verstand kom tot rasionele beredenering van en begrip van dit wat werklik is, verdwyn sy vrese vir magiese toorkragte en bonatuurlike magte. Die mens minder bang omdat hy oor kennis en insig beskik. Angs (nie aan 'n objek gekoppel nie soos in die mitiese fase), word nou vrees (weet waarvoor, vrees kan aan 'n objek gekoppel word). Dit word 'n verlossing vir die ontologiese mens omdat hy verstaan. Kennis en insig kan vrees ophef.

Die mens weet dat die siel in die liggaam gelokaliseer is. Hy kan onderskei tussen die sakrale (dit wat heilig is) en die profane (die aardse). 'n Opvallende kenmerk van die ontologiese mens is dat hy bereid is om weg te breek uit die immanensie of geslotenheid waarin hy as mitiese mens homself bevind het. In 'n beweging of uitreike na die transiente. As gevolg van die toenemende wording van die ontologiese mens, is daar 'n verandering wat intree in sy omgang met die werklikheid. Hy raak bewus van sy eie vermoëns wat hy deur

inisiatief en kreatiwiteit tot uitvoering bring. Hy wil strewe om te oorwin daarom stel hy vir homself doelstellings en is hy oop vir vorming.

In 'n simboliese voorstelling waar die mens geskei is van die werklikheid word die mens voorgestel as 'n afgeronde sirkel: Hy is nou 'n onafhanklike persoon en eie reg (kyk figuur 5 op bladsy 112).

4.2.1.2 Kriteria vir waarheid


a Algemeen

Die ontologiese mens is meer as ooit opsoek na 'n maatstaf of kriterium waaraan hy waarheid kan meet (om te kan onderskei wat vir hom aanvaar is aldan nie). Die ontologiese mens wil 'n onderskeid tref tussen reg en verkeerd en essensie en nie-essensie. Slegs saakmakende inligting is vir hom van belang. "Die waarheid doen hom voor of verskyn aan die mens as die werklikheid. Die werklikheid moet egter nie as skyn gesien word nie, maar as dit wat die mens aanspreek as die wesenlike, die essensie, waarsonder dit nie kan wees wat dit is nie" (Potgieter, 19). Die mens is nie meer tevrede met onwetenskaplike (uitgedinkte) reëls, idees en opinies, of aannames nie. Slegs bewese feite is vir die ontologiese mens die *werklike* waarheid, die objektiewe waarheid.

Hy is opsoek na antwoorde op sy vrae, oplossings vir probleme en na verklarings vir "feite" – die waarheid moet as reg en waar bewys kan word. Die waarheid kan vir die ontologiese mens op die volgende twee maniere verkry of bewys word:

i Logiese steekhoudendheid

Figuur 5: Voorstelling van die losmaking tussen die mens en die werklikheid / groep /bonatuurlike.



Bron: Verwerk uit Van Peursen, (1987:45)

Hierdie vorm van waarheid is objektief van aard omdat dit berus op die universele dwingende mag van die logiese denke. Die waarheid is noodwendig kontroleerbaar en verifieerbaar (Cronje, 1981:7).

ii Ooreenkoms van denkbeeld en denkvoorwerp

Hierdie vorm van waarheid is objektief en berus op die feit dat die subjek hom deur objek laat bepaal. Die waarheid is kontroleerbaar en verifieerbaar (Cronje, 1981:7)

Die kriteria vir waarheid in die ontologiese fase is dus gebaseer op algemeen-geldige, ontiese waarhede soos dag en nag, lewe en dood, dus waarheid wat kontroleerbaar en verifieerbaar is. Die ontologiese mens stel algemeen-geldige reëls vas (wat op navorsing berus) en uitgeredeneer kan word (nie bloot aanvaar word nie). Die reëls is bindend. Die waarheid moet toetsbaar wees, deur navorsing verkry wees, van toepassing gemaak kan word op soortgelyke situasie en universeel geldig wees. Die kousaliteitsbeginsel moet vir die betrokkenes relevant wees soos byvoorbeeld as 'n mens oormatig voedsel inneem (oorsaak) sal hy noodwendig oormatige gewig aansit (gevolg).

Die ontologiese mens fokus slegs op die wesenlike en saakmakende wat as norm vir byvoorbeeld gedrag kan dien. Die norm word in 'n ontologiese kultuur as kriterium vir waarheid gebruik. Waarheid kan dus gemeet word aan algemeen-geldige reëls, gebaseer op wetenskaplike navorsing. Geldige (getoetsde en gestandardiseerde) meetinstrumente moet gebruik word.

4.2.1.3 Tydsiening

a Algemeen

Die tydsiening in hierdie fase sluit die hede, verlede en die toekoms in. Die mens toon 'n positiewe uitreike na die toekoms en kan gevolglik vooruit beplan en langtermyn doelstellings formuleer.

Tyd word in die ontologiese fase gekenmerk deur korter chronologies en lineêre indelings. "Linear time became the dominant view in every industrial society, East or West" (Toffler, 1988:115).

b Ontologiese betekening van tyd

Tyd in ontologiese kulture is 'n oneindige homogene kontinuiteit, 'n sisteem van verhoudinge tussen gebeurtenisse. (Cronje 1981:6)

Daar word drie tydsdimensies in die ontologiese fase onderskei, naamlik die verlede, hede en die toekoms. "Time came to be seen as a highway unrolling from a distant past through the present towards the future" (Toffler, 1988:115). Die mens erken die verlede en die hede maar reik ook uit na die toekoms. Die ontologiese mens strewe daarna om die toekoms vir homself toeganglik te maak, kan hy drome droom en ideale hê. Die ontologiese mens kan doelgerig vir die toekoms beplan.

c Implikasies vir die toekomsgerigtheid van die mens

Die feit dat die mens in die ontologiese fase die toekoms in sy tydsiening en verwysingsraamwerk insluit, het die volgende verrekende implikasies:

- Anders as die mitiese mens, is die ontologiese mens instaat om kousale verbande te verstaan. Hy is nie net beperk tot die verlede en die hede nie ('n oorsaak het of in die verlede of in die hede plaasgevind) maar kan ook die effek of gevolg daarvan, in die toekoms antisipeer.

- Die mens se begrip van die toekoms stel hom in staat om die toekoms te antisipeer. Hy leef nie meer slegs om sy behoeftes en drange in die hede te bevredig nie, maar kan vervulling uitstel tot in die toekoms.
- Die mens kan langtermyn doelstellings formuleer wat as 'n poolster kan dien waarvolgens hy sy lewe kan inrig. Hy het aspirasies en strewe om sy "hoë" behoeftes, byvoorbeeld selfaktualisering in die toekoms te vervul.
- Die mens se visie van die toekoms stel hom instaat om te waag en uit sy kring van veiligheid te tree.

d Meting van tyd

Die mens beweeg weg van die gebruik van sikliese en seisoenale tyd na chronologiese en lineêre tyd: sekondes word minute en minute later ure word terwyl dæ weke, maande en jare word. “Industrial societies needed extremely precise units like hour, minute, or second. It also placed these chunks in a straight line that extended indefinitely back into the past and forward into the future. It made time linear” (Toffler, 1980:115,116). Kruger, (1986:109) verwys na gebeurtenisse en situasies wat reeds vanaf die skepping heenwys na 'n vaste punt wat in die toekoms bereik moet word: die komst van die Messias soos in die Ou Testament van die Bybel belowe word. Op grond van hierdie geloofsoortuiging kan gesê word dat die oud-Israeliete tyd as 'n *lineêre voortgang* (voortgang in 'n reguit lyn) beskou en beleef het”.

Die eerste instrument wat gebruik was om tyd te meet het bekend gestaan as die gnomon (sonwyserpen). Die meting van tyd word gebaseer op die feit dat die skadulengte van 'n stok wat regop staan, voortdurend verander in die verloop van die dag. Die sonwyserpen is later vervang deur 'n meer akkurate sonwyser van die Griekse wat verskaf was deur die Romeine in 263 v.C. “Short intervals

were measured by various types of hour-glass, with sand running from one end to another, and water-clocks based on the same principle" (Augusta & Honzák, 1988:64). Daar is waterklokke in Egipte en China ontdek wat so vroeg as 1200 v. C. en 1500 v.C. dateer. Die alarmklok was reeds in gebruik in China. "It made use of the regular burning of a fuse. When the flame approached a certain place, it set light to thread holding a weight which then fell into a metal dish – and woke the mandarin" (Augusta & Honzák, 1988:64).

4.2.1.4 Ruimtesiening

Ruimte in die ontologiese denke word geabstraheer tot 'n oneindige, homogene kontinuiteit. Die ruimte is volkome leeg - al wat dit kan wees, is 'n sisteem van verhoudinge tussen objekte. (Cronje 1981:6).

In die ontologiese fase is ruimte onbeperk maar beplan. "The industrial storm that broke over Europe in the eighteenth century created once again a 'spacially extended' culture - but now on a nearly planetary scale." (Toffler, 1988:118). Die mens is nie meer hoofsaaklik selfversorgend nie omdat die produksie van lewensnoodsaaklike produkte gesentraliseer word. Die ontologiese mens het gevoglik oor duisende kilometers rond getrek en verhuis op soek na werk. Te midde van groot woelinge was bevolkings saamgegroepeer in die stede. Ou beskawings het verkrimp en vergaan terwyl voortvarende industrieële sentrums verrys het.

'n Dramatiese verwerking van die landskap het 'n komplekse koördinasie tussen stede en lande vereis. Die voedsel, energie en rou materiaal het ingevloei na die stedelike gebiede terwyl vervaardigde goedere, modes, idees en finansiële besluite uitgevloei het. "The two flows were carefully integrated and coordinated in time and space" (Toffler, 1988:118). Binne hierdie stede was daar veral 'n wyer verskeidenheid ruimtelike rangskikking van paaie, huisvesting en dienste vereis. In ou landelike gebiede was die fisiese struktuur eenvoudig met hier en



daar 'n kerk, 'n paar verdraaide hutte, 'n toevallige kroeg of huisvesting van 'n edelman. "Second wave civilization, because of its much more elaborate division of labour, demanded many more specialized types of space" (Toffler, 1988:118).

Argitekte het gespesialiseerde planne gemaak rondom die ligging van afdelingswinkels, skole, hospitale, kragstasies, kantore, banke, polisiestasies, fabrieke en spoorlyne. Ruimte in hierdie konteks het 'n logiese en funksionele rol vervul deur die mens te voorsien van sy behoeftes in sy onmiddellike omgewing. "This remarkable coordination of specialized spaces - necessary to get the right people to the right places at the right moment - was the exact spatial analogue of temporal synchronization. It was, in fact, synchronization in space" (Toffler, 1988:119).

4.2.1.5 Bron van kennis

Die ontologiese mens is meer as die mitiese mens ingestel op kennis en insig oor sake in die werklikheid en kennis van sy medemens en die bonatuurlike (transendente). Die doel met die invordering van kennis is hoofsaaklik tweeledig van aard. Eerstens moet die mens kennis en insig inwin om vir homself 'n lewens- en wêreldbeskouing daar te stel sodat hy op rasionele wyse kan rede voer en tweedens om die werklikheid waarin hy homself bevind, vir homself begryplerik te maak.

Die soort kennis in hierdie fase is abstrak en lewensvreemd terwyl feitekennis maar bloot voorkom om insig van die mens te toets. Die kennis word in geskrewe vorm soos boeke aangebied. Kennis word aangevul deur die natuur as waardevolle bron van kennis. Die kennis is logies, sistematies, wetenskaplik verantwoordbaar, verifieerbaar en algemeen-geldig. Die mens word deur kennis in staat gestel om nuwe wesenlike en saakmakende dinge te formuleer. Kennis word op 'n rasionele wyse ingesamel.

Verskeie vakke het hul oorsprong verkry in die mitiese fase en dit word verder uitgebou in die ontologiese fase soos byvoorbeeld wiskunde, musiek en die natuurwetenskappe. Die vroeë ontologiese kulture het simbole gebruik om te skryf gevvolglik bestaan daar steeds skriftelike dokumentasie as bron van kennis.

Verskillende skryfmetodes het later ontstaan en dit het aansienlike ontwikkeling in die skryfkuns te weeg gebring. “In the course of antiquity writing underwent a remarkable development from picture (pictograms) to symbols and then from systems based on syllables to phonetic alphabets, which we are still using today” (Augusta & Honzák, 1988:86).

Kennis het begin by die ontwikkeling van die skryfkuns, wat moontlik die grootste uitvinding in die geskiedenis van die mens is. Die pre-historiese tydperk het spoedig ten einde gekom en die ware geskiedenis van die mens het 'n aanvang geneem. “If we leave aside its famous lighthouse, the Pharos, Alexandria was most renowned for the temple of the Muses, the Museum, which was in fact an academy and library under one roof” (Augusta & Honzák, 1988:97). Skoliere het daar geleef en gewerk in verskillende dissiplines. “The scholars had at their disposal an immense library which is said to have contained some half a million scrolls (about 50 scrolls would equal one present-day book)” (Augusta & Honzak, 1988:97). Die biblioteke in Alexandria was nie een van die vroegste biblioteke nie. “In the Sumerian town of Lagash a library and archives containing 70,000 tablets was found, dating back more than 4,000 years” (Augusta & Honzák, 1988:98).

Woordeboeke en ensiklopedieë was in een of meer leersfere geskryf gedurende die oudheid en kon in sommige museums gevind word. “Often it was knowledge for its own sake, for most of the scholars despiced the practical use of their work!” (Augusta & Honzák, 1988:98). Wetenskaplike ondersoeke het logiese, afgebakende en verifieerbare kennis opgelewer. Die ontdekking van die drukkerskuns het bygedra tot die bewaring van wetenskaplike informasie.



4.2.2 Die verhouding van die mens tot ander mense

4.2.2.1 Algemeen

a Afstand of Distansie

Die begrip "afstand of distansie" binne hierdie konteks verwys na die afstand wat die mens teenoor ander mense inneem. In hierdie tweede fase van ontwikkeling neem die mens die korrekte afstand in sodat hy in 'n posisie staan om perspektief te verkry vir sy aardse bestaan en selfstandig besluite te neem.

Die ontologiese mens is 'n selfstandige, rasionele wese wat nie sondermeer alles as vanselfsprekend aanvaar nie. Oormatige groepsgebondenheid neem af en die mens word 'n individu in eie reg binne die groep, daarom weet hy wie hy is. Die mens word nie meer onderwerp aan gedwonge gehoorsaamheid teenoor die groep nie en kan besluite na goeddunke neem. Die ontologiese mens is nie meer subjektief betrokke of onder invloed van sy groep nie, maar meer objektief teenoor sy in-die-wêrelด-wees. Sy verhouding met sy medemens word gekenmerk deur 'n beredeneerde verantwoordelikheid met 'n eie wil wat hy nie alleen teenoor homself nie, maar ook teenoor die ander persoon of groep openbaar.

Die mens in die ontologiese fase openbaar eienskappe soos uniekheid, oorspronklikheid, skeppende vermoëns en inisiatief (Matlin, 1989:347). Die mens strewe na uitnemendheid. Die mens beskik oor analiserende denke - hy soek meer detail, hy wil meer weet, meer self doen en verstaan. Die mens in hierdie fase strewe na 'n gestelde doelwit in die lewe.

b Die mens se identiteit en individualiteit



In die mens se verhouding met ander mense ontwikkel hy tot 'n wese in eie reg. Die mens onderskei homself van die groep - 'n onderskeiding wat bydra tot sy onafhanklikheid. Hy ervaar nie meer die noodsaaklikheid vir affiliasie aan 'n groep nie. Hy kan onafhanklik oorleef, vir homself dink en eie besluite neem. In plaas van konformering met die doel om uniformiteit met die groep te bewerkstellig, is hy tevrede selfs om verskillend van ander mense te wees (Hurlock, 1968:242).

Hy maak sy sterker persoonlike identiteit bekend omdat hy weet wie hy is. Hy glo in homself, sy moontlikhede en sy oortuiginge. Hy kan sy sienings bekend maak of verskil van ander se opinie.

Die mens ervaar sy liggaam as onafhanklike entiteit, as 'n mens met 'n eie identiteit en 'n eie naam. Hy ontwikkel 'n sosiale sensitiwiteit en leer om respek en agting aan ander mense te betoon. Die mens tree beskaafd op teenoor vreemdelinge en hy is bereid om sy sosiale aktiwiteite met ander mense te deel wat byvoorbeeld anders as hy optree. Hy is instaat om te lewe, te vorm en mededeelsaam te wees teenoor ander mense.

4.2.2.2 Gesag

a Algemeen

Die begrip "gesag" hou verband "met die vrywillige aanvaarding van 'n bepaalde waardesisteem wat 'n besondere appel rig tot hulle wat daardie stelreëls onderskryf" (Griesel et al, 146). "Iemand wat in sy verhouding tot 'n ander mens (kind) met gesag beklee is, het die reg en mag om aan laasgenoemde te sê wat hy moet of mag doen en wat hy nie moet of mag doen nie" (Kruger, 1992:40). Die mens het oor die algemeen 'n behoefté aan gesag ten einde 'n georganiseerde en ordelike bestaanswyse met ander mense te voer.

In hierdie tweede fase van die ontwikkeling van die mens, is daar 'n weg beweging van outokratiese gesag na aristokratiese gesag en later na demokratiese gesag. In die geskiedenis van die Antieke Griekse is 'n tipiese voorbeeld van aristokratiese gesag sigbaar. 'n Adelstand en 'n slawestand is byvoorbeeld vroeër duidelik onderskei. "Since Homer's day nobles owned the land with its agricultural plots, groves, vineyards, and pastures, slaves or hired men tended the estate while lords lived in the villages with their peers or went on long expeditions of adventure or war. This close association of members within a class fostered intense participation in the social, political, and religious life for which they had been destined by birth" (Wilds & Lottich, 1970:89). Die mens beweeg in bepaalde strata en geen oorgang van die een klasgroep na die ander, word toegelaat nie.

"Gesag en vryheid kan nie van mekaar losgedink word nie. Wanneer hulle geskei word, of wanneer een verabsoluteer word, lei dit tot of oorheersing en dwang of tot die ontkenning van alle gesag wat uitloop op willekeur en losbandigheid. Menslike vryheid moet altyd 'n vryheid-tot-verantwoordelikheid wees. Daarom is die mens ook net geregtig op vryheid in die mate waarin hy verantwoordelikheid en gesag kan aanvaar" (Van Rensburg & Landman, 1988:75).

"Die Teïsme gaan van die aanname uit dat God die hoogste Gesag is en dat Hy beperkte gesag aan mense in gesagsposisies verleen" (Kruger, 1992:146). Die begrip "teïsme" verwys na die "Geloof aan die bestaan van een God, wat Skepper en Bestuurder van die heelal is. (Odendal et al, 1988:1137).

b Vorme van gesag

In hierdie fase is daar twee duidelike vorme van gesag wat onderskeibaar is, onder andere:

i Aristokratiese gesag

Die begrip “aristokrasie” verwys na “die beste kringe, vernaamste families van ‘n land; vernaamheid, aansienlikes” (Odendaal et al, 1988:54)

In Sumerië (5000 v. C.) was aristokratiese gesag reeds uitgeoefen. Sumerië was verdeel in klein stadstaatjies. “Each of them, probably, had a king; an aristocracy of royal officials and priests; a middle class of merchants, landowners, craftsmen, and shop-keepers; and lowest of all, slaves who did the rough and menial work (Blount, 1969:48).

Net soos die Antieke Griekes word die jong kind (min of meer tot aan die einde van die laerskoolfase), bewus van klasseverskille in die skool sowel as die gemeenskap, waarin hy homself bevind. Die kind kom tot die pynlike besef dat hy moontlik nie behoort of inpas by statusgroepe nie en dat die sosiale mobiliteit nie ligtelik opgeneem kan word nie. Voorbeeld van statusgroepe in die ontologiese fase sluit byvoorbeeld die graad ses leerlinge of kinders met ‘n hoe ouderdom wat neerkyk op kinders met ‘n laer ouderdom of die matrikulante by ‘n skool wat meer voorregte bo die ander leerlinge geniet.

Kinders leer vroeg dat die vorming van groepe of affiliasie tot die groep plaasvind op grond van ‘n versigtige verkiesingsproses hetsy op akademiese vlak of sportprestasies. Die grondige (algemeen aanvaarde) statussimbool is die kriteria wat gebruik word tot aansluiting aan hierdie aristokratiese of prestige groepe. Nuwe lede word oorweeg op grond van hul familie-agtergrond, die tipe motor wat die ouers bestuur, die woonbuurt waaruit leerlinge afkomstig is, die ouers se professies, punte verwerf deur ‘n voornemende lid in die klas en selfs die vakke wat die leerling aanbied.

ii Demokratiese gesag

Die begrip "demokrasie" verwys na 'n "regeringsvorm deur verteenwoordigers uit die hele volk gekies" (Odendal et al, 1988:141). In die sosiale praktyk verwys die begrip "demokrasie" na 'n persoon se sorg en besorgdheid oor 'n ander persoon.

Die ontwikkeling van 'n kultuurfase vanaf outokrasie na demokrasie, kan vertolk word as 'n aanduiding van die ontwikkeling van 'n kollektiewe bewussyn, 'n beweging van "ek is" tot "ons is". Die idee van sosiale gelykheid is gegrond op die erkenning van mekaar en in die aanvaarde verantwoordelikheid teenoor mekaar. Die kind ervaar ook 'n behoefte aan demokrasie sodat hy 'n inset waar nodig, sonder enige voorbehoud kan lewer. Hy luister byvoorbeeld na die pa maar met 'n voorwaarde daarby.

iii kenmerke van demokratiese gesag

In die beoefening van demokratiese gesag is die volgende kenmerke van belang:

- Die aanvaarding dat daar altyd twee kante van 'n saak is;
- toelating dat sienings van mekaar verskil of die sienings wat in opposisie is met die eie;
- die bereidwilligheid om ander mense 'n kans te gun;
- te luister na ander mense se siening sonder om bedreigd te voel;
- 'n oop gemoed te hê teenoor ander mense vir hul idees en hul probleme; - die erkenning van die beginsel van keusevryheid;
- om voorsiening te maak vir moontlike foute en afwykings;
- 'n sterk innerlike dryfveer moet teenwoordig wees by die mens;
- belangrikheid van die norm sodat die mens kan verstaan wat reg en verkeerd is;
- die aanvaarding en internalisering van die relevante norme en waardes in die gemeenskap.



4.2.2.3 Norme en waarde-oriëntering in die ontologiese fase

Soos reeds gemeld in par. 4.2.2.2 van hierdie hoofstuk, is daar 'n verskuiwing van die mitiese na outokrasie en vandaar na demokrasie. Die mens in die ontologiese fase vra na reg en verkeerd (die etiese norm vir 'n redelike man). In 'n ontologiese kultuur is die essensie om die mens se individualiteit, sy uniekheid en oorspronklikheid te eerbiedig, te respekteer en te gehoorsaam. Navolging van die behoorlike voorbeeld word nie meer afgedwing nie maar dit word uit vrye wil nagevolg.

Voorlewing en analyse van die ideale voorbeeld gee aanleiding tot die keuse van goeie voorbeeld in die toekoms. Die mens brei uit tot totale omgang met ander mense deur sy vriendelikheid, hoflikheid en bedagsaamheid.

Die jong kind word gekonfronteer met normes en waardes in die gemeenskap. Die heersende norm word oorweeg, evalueer, geïnterpreteer en geïnternaliseer deur die kind. Gedwonge eksterne gesag verander na gedronge interne gesag wat deur die kind self uit vrye wil eerbiedig word. Internalisering van die norm verkry verder substansie wanneer die ontologiese mens die norm op grond van eie insig kan begryp en verdedig. Die kind in die ontologiese fase (vanweë die feit dat hy 'n saak rasioneel kan beredeneer) kom tot skeppende denke en oorspronklike denke, wat hom in staat stel om waar nodig, eie beginsels te formuleer en voorop te stel. Na die internalisering van die norm is die kind in staat om sy innerlike beginsel wat eie is aan homself te beleef.

Sodra die kind ouer word, word eksterne dissiplinêre maatreëls vervang deur innerlike motiewe. Daar ontstaan dus 'n soeke na die norm en 'n hunkering tot die beantwoording daarvan. Die kind wil graag vorder tot waar hy behoort te wees. Die internalisering van die norm verkry selfstandigheid wanneer die kind se basis van verstandhouding of insig in die norm bevestig word. Die feit dat die kind instaat is om rasioneel te dink en bestaande kennis in totaal nuwe situasies



toe te pas, kan die kind nuwe beginsels formuleer in veranderde omstandighede. Die mens is ook in staat om onafhanklik die goeie in die toekoms te verkies. Op hierdie wyse word norme en waardes geïntegreer in die ontwikkeling van die kind se verwysingsraamwerk sodat hy sy eie reëls vir die lewe kan opstel. Sodoende kan die kind beredeneerde verantwoordelikheid bereik.

4.2.3 Die verhouding van die mens tot die bonatuurlike

4.2.3.1 Algemeen

Vanweë die afstand wat die ontologiese mens inneem, verkry hy via kennis en insig, begrip en perspektief op die magte of mistieke wêreld. "De natuur en de mens zelf doordringen; in de ontologische bezinning is er het afstand nemen (distantie) van een hogere Macht te kunnen leveren" (Van Peursen, 1987:63). Die mens is minder verweef aan die magte wat hom vroeër omgewe het in die mitiese fase. Die erkenning van een Goddelike mag (transcendente) tree in. Die Moslems is oortuig "Allah is God, geheel voorbij en boven onze natuurlike wereld; Hy is die Transcendente" (Van Peursen, 1987:64) Die erkenning van die transcendente mag het aanleiding gegee tot die bestaan van 'n godsbegrip en uit die godeleer het 'n godsleer of teologie ontstaan.

Theogoniese mites (verhale oor die ontstaan van gode) verskaf nie meer antwoorde op vrae van die mens nie terwyl teologie ontwikkel het tot 'n eie studierrein in die ontologiese fase. "Hier gaat het om een religie, waar geen beelden gemaakt mogen worden en waar men een theologisch en filosofisch zeer uitgewerkte zijsleer heeft, die ook verbonden is met godsbewijzen" (Van Peursen, 1987:65).

Vanweë die mens se toekomsgerigtheid kan hy homself voorberei vir die lewe in die hiernamaals. Die gedagte van die hiernamaals lei ook tot insig en perspektief

van die bonatuurlike magte. Die hiernamaals kan bereik word in antwoord op die norme en waarde wat algemeen geld in die gemeenskap.

Geestelike bevraagtekening (die mens vra gedurig vrae oor die mens se bestaan asook die godsbestaan) is 'n algemene verskynsel (Gottlieb, 1997:11).

2.1.5.1 Singewing

Die ontologiese mens is nie weer verweef met die bonatuurlike magte van die mitiese fase nie. Deur middel van die teologie of ander geloofsoortuigings erken en begryp hy die ontstaan van een goddelike mag (die transcendentie). Nie alleen die toekoms nie, maar ook die hiernamaals word vir hom 'n werklikheid. "De ontologische houding probeert dit hogere, dit overmachtige (het transcendentie) zichtbaar, ja zelfs begrijpelijk te maken" (Van Peursen, 1987:62).

5 ONTOLOGIESE OPVOEDING

5.1 Die ontologiese mens se kulturele taak

Die toekoms as 'n tydsdimensie inspireer die mens om verantwoordelikheid te aanvaar van sy omringende wêreld, om dit te verbeter en die natuur te verander na sy kultuur. Die mens bevraagteken die werklikheid waarin hy hom bevind deur vrae te stel soos *van wat, waarheen en waarvoor*. Die antwoorde wat hy verkry verseker sy sinvolle aardse bestaan.

Die menslike lewe word 'n saak van noodsaaklike dringendheid daarom begin die mens om homself en die werklikheid waarin hy leef, te ondersoek. Hy wil graag sinvolle verklaring verkry van sy in-wêreld-wees. Die mens se lewe word verbind aan twee pole naamlik lewe en dood. Hy weet nou waarvandaan hy kom maar sy finale bestemming bly 'n raaisel. Hy weet ook waar hy eintlik is en waar hy behoort te wees.

Die ontologiese mens openbaar homself as 'n wese wat verbind is tot opvoeding. Hy wil deur middel van opvoeding die kind in staat te stel om te word wat hy behoort te wees. Opvoeding vir die kind in kontras met die mitiese mens, is baie meer as net 'n poging om die volgende geslag te leer hoe om te oorleef en te konformeer. Opvoeding is eerder 'n metode om die ware oproep van elke wese, om te vorder na die beste van sy vermoë.

5.2 Kultuur en opvoeding

In die proses van kultuurskepping beantwoord elke kultuurgroep aan sy lewensnoodsaaklikhede op eie unieke wyse om vorm en betekenis te gee aan sy besondere wêreld. Verskillende filosofieë en teorieë van opvoeding het aanleiding gegee tot 'n verskeidenheid opvoedingspraktyke wat opvoeding kenmerkend maak in die ontologiese fase. Ontologiese opvoeding, hoewel op verskillende wyses, het plaasgevind met dieselfde doel.

Die inleiding van die kind in 'n ontologiese kulturele tradisie, vereis dat die opvoeder aktiwiteite moetoorweeg wat die ontwikkeling van 'n morele sterk karakter, skerp verstand en 'n nuuskierige gees, 'n onafhanklike redeneringskapasiteit, 'n voorliefde vir kennis en 'n gracieuse liggaam as doel sal hé. Die passiewe en aanvaardende kind wat sy ouers nageboots het in hulle strewe om oorlewing is nie meer aanpasbaar vir die veeleisende wêreld nie.

5.3 Kenmerke van ontologiese opvoeding

5.3.1 'n Oorsig van Mitiese opvoeding

Opvoedkundige geleenthede in die vroegste gemeenskappe was beperk tot die ouerhuis. Die opvoeding wat die kind huis ontvang het "staan bekend as die

oorspronklike, oer- of spontane leefsituasie waar die onderwys verskynsel hom voordoen" (Stuart, Van Niekerk, McDonald & De Klerk, 1985:10). Hoewel die opvoeding deur werkverrigting, spel en deelname aan rites en seremonies plaasgevind het, het dit gewoonlik die kind in staat gestel om te leer deur waarneming. "No actual schools are needed, but, through following the example set by the elders, a certain skill in fighting, hunting, and fishing can be acquired by the boys and in tanning, weaving and cooking by the girls" (Graves, 1970:10).

Behalwe vir die familie was daar spesiale persone soos byvoorbeeld die oudstes, storievertellers, priesters en toordokters die taak opgelê om die kind in te wy (inisiasie). "The youth were instructed in dancing, singing, praise-poems, rules of conduct, warfare and the traditions of their own people. Above all, the boys were circumcised, and trained to endure pain, hunger and thirst (Mphahlele, 1992:9). Die kind het geleer uit die alledaagse situasie daarom was die leerinhoud of vakinhoud nie vreemd vir hom nie.

5.3.2 Die ontstaan en ontwikkeling van skole

Die begrip *skool* "is afgelei van die Griekse *schole* (vrye tyd) en Latyn *schola* (geleerde ondersoek). Die begrip 'vrye tyd' beteken egter nie ledige tyd nie, maar daardie tyd wat nie aan fisiese bedrywigheede (ploeg, bou ens.) of 'n bepaalde beroep (geneesheer, advokaat ens.) bestee word nie. In die Ou Testament word daar verwys na onderwys en onderwysers wat daarop duif dat private leermeesters reeds in die monargale tydperk (vanaf die kronind van Saul tot en met die eerste verwoesting van Jerusalem in 586 v. C.) vir die onderrig van kinders uit koninklike gesinne verantwoordelik was. "En Agab het sewentig seuns gehad in Samaria. Toe skryf Jehu 'n brief en hy stuur dit na Samaria aan die ouerstes van Jisreël, die oudstes, en aan die opvoeders van die seuns van Agab" (II Konings 10:1, 1954:385).

As gevolg van die onvermoë van sommige ouers om hul kinders doeltreffend te onderrig, maar veral vanweë die feit dat weeskinders nie in gesinsopvoeding kon



deel nie, is sekondere skole teen 75v.C. (en primêre skole byna 'n eeu later) gestig om die taak van die opvoedende opset oor te neem. "Alle onderwysers is versigtig gekies: hulle moes goed opgelei, getroud, geestelik volwasse en in elke opsig bekwaam wees" (Verster, van Heerden & Van Zyl, 1982:4).

Die ontwikkeling van die skryfsisteem het die te boekstelling van inligting moontlik gemaak. "Die gebruik van die Feniciese alfabet en die beskikbaarmaking van papirus sedert 450 v.C. het die aanleer van lees en skryf grootliks vergemaklik in 'n tyd toe die handelslui en demokratiese politici op algemene geletterdheid aangedring het" (Verster et al, 1982:10). As gevolg van die herhaalde vooruitstrewende intellektuele gedagte, die ontplooiing van kennis en die ontdekking van skole was 'n hoofkaraktertrek van die ontologiese fase.

5.4 Die doel van ontologiese opvoeding

Die ontologiese mens het vanweë sy soeke na kennis en insig in sake tot die pynlike besef gekom dat die mens nie 'n verlengstuk van die natuur is nie. Die mens is nie net liggaam nie, maar ook gees en intellek (Verster et al. 1982:3). Die opvoedingsdoel is gerig op die vorming van 'n harmononieus, ontwikkelde persoon: 'n Goedgevormde mooi liggaam as huisvesting vir 'n gesonde gees en wakker intellek wat tot die wese en essensie van 'n saak kan deurdring. :Athenians sought beauty and grace of body, but also knowledge and things of the spirit" (Wilds & Lottich, 1970:96).

Die ideaal van individuele uitnemendheid met die oog op bruikbaarheid in die samelewing is deur die antieke Grieks benadruk (Eby & Arrowood, 1949:232).

Die ontologiese mens moet geleei word om:

- te vra na dit wat reg of verkeerd is;
- te soek na die essensie van 'n saak;



- fisiese en morele dissipline na te streef;
- te strewe na uitnemendheid op elke gebied;
- 'n eie lewens- en wêreldsiening te vorm.

5.1 Leerinhoud

5.5.1 Kenmerke van die vakinhoud

Die vakinhoud in ontologiese opvoeding is baie meer gevorderd as dit wat die kind in die mitiese fase moes bemeester het. As gevolg van die bydrae van filosowe en wetenskaplike tot die opvoedingsdoel oor die eeue heen het meer en meer kennis beskikbaar geword wat nie verbandhoudend is met die daaglike lewensaktiwiteite nie. Kennis bestaan uit moeilike feite wat gebaseer word op 'n stel van abstrakte of lewensvreemde inhoud. Op hierdie wyse word meer abstrakte inhoud in die vorm van simbole-stelsels, byvoorbeeld die alfabet of wiskunde aangebied.

Ontologiese leefstyle het meer gekompliseerd geword. As gevolg van die kennisopblom en die feit dat opvoeding van die kind aan die skool toegeken is, was die opvoedingsproses bewustelik, bepland en formeel terwyl die vakinhoud aan sekere vereistes moet voldoen. Die inhoud word geselekteer om die kind in staat te stel om op rasionale wyse 'n eie lewens- en wêrldbeskouing te verwerv gegrond op absolute norme en waardes. Een doelstelling van die Skolastisme was "an attempt to support authority by the intellect, to justify faith by reason, to substantiate theology by logic"

5.5.2 Die onderwerp van die leerstof

Opvoeding is nie beperk tot die intellektuele ontwikkeling van die kind nie, maar dit omvat ook sy morele, geestelike en fisiese aspekte. Die inhoud behels lewensvreemde of abstrakte kennis. Dit behels 'dinkmetodes' eerder as feitelike

kennis. Dit is so geselecteer om die individu in staat te stel om op rationele wyse te dink en handel. Die alfabet vorm die basis van alle kennis.

Onderrig word aangebied in lees, skryf en wiskunde terwyl musiek, liggaamlike aktiwiteite soos oefening, spel en sport ook aandag geniet het. Militêre oefening en die beoefening van burgerlike doeltreffendheid was beskou as waardevol vir die vorming van die kind as 'n totale wese. Die kennis wat die kind benodig om sy private sake te beheer was om suksesvol te handel en sy daaglikslewe gematig te beleef. Die kind moes genot put uit gesikte onderrighoud. Ten einde hierdie doelstelling te bereik was etiek (morele leerstelling) beskou as 'n belangrike vak.

Aangesien die hele dinkspektrum en denkprosesse fundamenteel fokus op die wording van die kind, is daar van hom verwag om hoë orde denke te openbaar soos byvoorbeeld die vernoë om te vertaal, te redeneer, te analyseer, te sintetiseer, te motiveer, en te evaluateer. Hy moet nie net weet dat iets bestaan (wat met kennis en bekwaamheid te make het) of hoe om te reageer (die nodige vaardigheid) maar in staat wees om te verduidelik waarom iets juis op 'n bepaalde manier moet wees. Die *dit, dat, wat en hoe* bepaal oorwegend die ontologiese inhoud maar om die *waarom* te bereik in die klaskamer, moet spesiale eise gestel word aan die onderwyser.

Met die verskyning van wetenskaplike navorsing het die eis vir logiese beredenering, rationele raamwerk vir denke, en 'n duidelike afbakeningsveld van kennis, definisies, verduidelikende konsepte en tegnieke (vanweë, ...as gevolg van..., ensovoorts) die vernoë om die kern 'n saak te beskryf.

Met die kennisopbliei en die geweldige hoeveelheid inligting wat beskikbaar geword het, het 'n spesiale noodsaaklikheid vir algemeen-geldige kennis ontstaan. Die waarheid (en niks anders as die waarheid) moes bevestig word. Algemeen-geldige kennis (gekontroleerde inligting) wat as 'n belangrike kriterium

vir meting van die waarheid in die ontologiese fase gedien het, is beskikbaar gemaak deur wetenskaplike navorsing. Opvoeding moes nie net die kind voorberei het vir die huidige lewe nie maar ook vir die hiernamaals. Godsdienstige opvoeding het 'n belangrike onderdeel van die kurrikulum uitgemaak.

5.5.3 Bronne wat die vakinhoud bevat

Die lewe self is 'n baie belangrike bron van leerinhoud. Die ontwikkeling van verskillende simbole (die alfabet, wiskunde musiek) en die ontdekking van die drukkuns het bygedra tot die behoud van kennis in gedrukte vorm (boeke ensovoorts).

5.5.4 Onderrig- en leermetode

Die onderrig en leer van die kind verskuif weg van die ouerhuis na die skool. Dit word die taak van die onderwyser om die kind te onderrig en te leer. Sodra die kind skoolgereed is, word hy tot die skool toegelaat. Die onderriggebeure vind in goed georganiseerde geboue plaas. Die leerstof is gestructureerd en geordend en dit pas by die vlak van die leerder. Dit is spontaan maar om 'n bepaalde doel te bereik.

Die onderwyser maak gebruik van die gesprekmetode om inligting aan die leerder deur te gee en deelname van die kind word beklemtoon. Die leerder is aktief betrokke by die leergebeure deur te bevra en te beredeneer – hy kan verskil met die siening van die onderwyser. Die opvoeding lei die kind tot selfdenke deur die ontwikkeling van die oudiewe en visuele geheue. Die uitkoms wat beoog word is om die vermoë van die kind so te ontwikkel dat hy in staat sal wees om hoë orde denke te openbaar. Die kind moet deur onderrig geleid word om leerstof te beredeneer, te analyseer en te motiveer.



2 Samevatting

Die mens in hierdie tweede fase van ontwikkeling verwys na enige persoon in 'n ontwikkelende kultuur wat ontologiese denke en gedrag openbaar. Die ontologiese mens beskik oor logiese denke wat hom in staat stel om verstandelik en verantwoordelik te kan optree. Vanweë die mens se logiese beredeneringsvermoë, verstaan hy die logiese verloop van gebeure, kousale verbande (oorsaak en gevolg) asook persoonlike verantwoordelikheid.

Die feit dat die mens die toekoms in sy verwysingsraamwerk insluit, stel hom in staat om vir die toekoms te beplan. Die ontologiese moet wegbeweeg van die alledaagse leefstyl en uitreik bo sy menslike beperktheid.

Die ontologiese mens beweeg weg van die magte of mistieke wêreld wat hom omgewe het. Die mens erken die bestaan van een goddelike mag (transendente).



HOOFSTUK 5: DIE FUNKSIONELE FASE

1. DOEL MET HOOFSTUK

Die doel met hierdie hoofstuk is om die funksionele fase te beskryf ooreenkomsdig die werke van C.A. van Peursen. Op grond van hierdie beskrywing sal daar 'n poging aangewend word om opvoeding in 'n funksionele kultuur te beskryf, te sistematiseer en te verklaar.

2. DIE BEGRIP FUNKSIONELE FASE

2.1 Die benaming "funksionele fase"

Dit wil voorkom of Van Peursen (1975:80) die benaming "funksionele fase" vir hierdie derde fase van ontwikkeling gekies het op grond van die mens se strewe om ten alle koste funksioneel te wees. Hierdie fase kan ook beskou word as 'n praktiese werkbaarheidsfase. "Een bepaalde functie word uitgeoefend ten opzichte van iets anders" (Van Peursen, 1987:90). Die funksionele mens openbaar 'n geneigdheid om die werklikheid, ander mense en selfs die bonatuurlike funksioneel aan te wend - en dan dikwels tot voordeel van homself.

Die mens "ziet de betekenis van een woord of een daad of een ding in de rol die het heeft – de functie die het vervult – binnen een samehang" (Van Peursen, 1987:91). Dit wat die mens as "funksioneel" beskou, staan dus nooit op sigself nie maar dit het juis binne 'n bepaalde verband betekenis, naamlik tussen die mens en die objek (die funksie van die mens en die funksie van die objek).

2.2 Oorsprong van die begrip "funksioneel"

Die begrip "funksioneel" het sy oorsprong vanuit die Latynse woord "functio" of "fungor" wat "die verrig van diens, werk, werking, ampsplig, taak, werksaamheid of bedrywigheid," beteken. Die begrip beteken ook "wat betrekking het op of behoort tot 'n funksie/funksies; wat 'n funksie vervul, uitoefen" (Odendaal et al, 1994:227).

Van Peursen (1987:90) huldig die mening dat die begrip "funksioneel" ook "als middel dienen om een grote hoeveelheid moderne verschijnselen samen te vatten en begrijpelijk te maken" (met ander woorde bruikbaar te maak). In hierdie definisie het die begrip "funksioneel" 'n ordeningsfunksie.

Van Peursen (1987:90) beskou die begrip "funksioneel" ook "als een soort handvat, een onderdeel van een simpel model, dat ingewikkelde zaken op niet al te moeilijke manier in kaart kan breng." Die afleiding kan gemaak word dat Van Peursen bedoel dat 'n probleem wat die mens mag ondervind eenvoudig en begrypbaar of toeganklik gemaak kan word. Die woorde "in kaart brengen" (Van Peursen, 1975:56) kan beteken binne begrypsveld of op die kaart plaas, binne die kennende werklikheid.

3. DIMENSIES IN DIE FUNKSIONELE FASE

Die begrip "dimensie" verwys na die "grootte of omvang van iets" (Odendaal et al, 1994:150). In die funksionele fase sal die begrip "dimensie" verwys na 'n fase in die groei en wording van die mens. Die funksionele fase bestaan uit twee dimensies. Dit wil voorkom asof die twee dimensies mekaar weerspreek. Die dimensies verskil van mekaar, die een volg op en het elkeen het sy eie unieke kenmerke.

4. FUNKSIONELE DENKE

Die begrip "funksionele denke" verwys na die tipiese denke van die funksionele mens. Funksionele denke kan in twee dimensies uiteen val. Die mens se ingesteldheid om funksioneel te wees, is kenmerkend van die eerste dimensie. In die tweede dimensie strewe die funksionele mens daarna om weer nader aan ander te beweeg en relasies aan te knoop. Hierdie relasies is nie soos voorheen, om homself te bevoordeel nie, maar om uit te reik na ander omdat hy omgee.

4.1 Eerste dimensie

In die funksionele fase, soos in die ander fases van die kultuurstrategie-model, speel afstand 'n bepalende rol in die funksionele mens se verhouding tot die werklikheid. Hierdie afstand het in die ontologiese fase geleid tot groter insig, groter perspektief en 'n beter visie. Namate die ontologiese mens egter meer en meer onafhanklik geword het en toenemend geindividualiseer het, het die afstand tussen hom en die werlikheid in so mate vergroot dat sy pas verkreë insig van en, perspektief en visie op die werklikheid, verduister en verdoof het (uit fokus geraak het). In die proses het die funksionele mens toenemend op homself begin staatmaak. Hy wil ten alle koste funksioneel en suksesvol wees, nie alleen ter wille van homself en sy eie vooruitgang nie, maar ook om aansien, mag en status in sy portuurgroep te verkry. Die funksionele mens bedryf sy daaglikse aktiwiteite op so 'n wyse dat hyself die meeste voordeel daaruit kan put, hetsy dit in sy omgaan met die werklikheid, ander mense of die bonatuurlike is. Sy fokus is op homself gerig – hy verval in egosentrisme en bevorder primêr sy eie belang. In sy oormoedigheid en selfgerigtheid kan hy etiese en normatiewe reëls verontagsaam. Daar kan in hierdie verband verwys word na die skuldigbevinding van Boesak aan korupsie en bedrog met die Paul Simon kinderfonds (Rapport, 2001:12 a).

Vanweë die groterwordende afstand word die werklikheid, ander mense en die bonatuurlike, los substansies vir wie die funksionele mens sy "gevoel" verloor

(gevoel van verantwoordelikheid). Substansialisme tree in. Die begrip "substansialisme" beteken dat "mensen, dingen, die wereld, die waarden, die Godheid, zij worden als in zichzelf rustende grootheden, als 'substanties', besschouwd en daarmede worden hun onderlinge bande doorgesneden" (Van Peursen, 1975:71). Die funksionele mens het in so mate weg beweeg van die werklikheid, ander mense en die bonatuurlike dat hy sy kontak en gepaardgaande verantwoordelikheid teenoor laasgenoemde prysgegee het. Van Peursen (1975:81) verwys na hierdie breuk as "vervreemding": "De gevolgen van het substansialisme, zijn eigenlijk samen te vatten in dit woord "vervreemding".

Van Peursen (1987:81) beskryf hierdie proses van vervaarheid verder as hy sê: "De mens vervaar uit van eigen techniek, vertrouwe waarden, omgang met het Godsbestaan. Zij worden en men heeft dit wel de 'crisis der zekerheden' genoemd". Dit wil voorkom asof Van Peursen hiermee bedoel dat die mens ook vervaar uit van gevestigde gedragspatrone (maniere waarop dinge gedoen is [eie tegniek]), vertroude waardes en die wyse waarop die mens sy God aanbid het. Van Peursen verwys moontlik hier na die agnostiese houding wat die funksionele mens teenoor God inneem (*a + gnostikos*, "nie wetende of ontkenning van die Godsbestaan" (Odendaal et al. 1979:35). In hierdie verband vergelyk ook par. 6.4 van hierdie hoofstuk waar die verhouding van die funksionele mens met die bonatuurlik verduidelik word.

Die substansialisme soos hierbo verduidelik, hou vir die funksionele mens verreikende gevolge wat moeilik omkeerbaar is, byvoorbeeld kontakinflasie, vereensaming, massifikasie.

4.1.1 Gevolge van substansialisme

4.1.1.1 Kontakinflasie



Die begrip "kontakinflasie" beteken dat die kwantiteit van intermenslike kontakte toeneem terwyl die kwaliteit daarvan afneem. "Die mens ervaar 'n enorme uitbreiding van tussenmense kontakte deur sy lewe-in-meervoud, sy mobiliteit en die moderne kommunikasiemiddelle tot sy beskikking" (Pretorius, 1990:109). Hoewel die mens op 'n daaglikse basis met baie ander mense in noue aanraking kom, maak hy nie tyd om 'n meer intieme verhouding aan te knoop nie.

Die mens se kontak met ander is vlugtig, saaklik en dikwels onpersoonlik wat aanleiding gee tot 'n tekort aan kommunikasie. Mense se betrokkenheid by ander vind ook op 'n gedistansieerde wyse plaas byvoorbeeld "Een superspecialist krijgt van verpleegsters, psychologen, artsen en specialisten de gegevens door van een patiënt. Deze gegevens komen in zijn kaartsysteem en de superspecialist geeft zijn instructies op grond van die informatie, die hij op de kaart bijhoudt, zonder zelf zijn patiënt te hoeven bezoeken" (Van Peursen, 1987:105).

Die mens raak innerlik meer en meer van ander verwyderd hoewel hy ander mense gereeld te siene kry en dikwels met hulle saamwerk. Daar is minder sprake van ware en oregte vriendskap as gevolg van die min kontak en samesyn wat tussen mense heers. Nuwe vriendskappe word wel aangeknoopt tussen mense wat dieselfde idees, belang en aspirasies deel maar is dikwels oppervlakig asook wanneer die een van voordeel (nut) vir 'n ander kan wees. Die mens wil graag ontmoet en ontmoet word, maar kom steeds minder tot 'n werklike menslike ontmoeting en 'n ek-jy-verhouding (Pretorius, 1992:110).

"Werklike vriendskap, wat 'n sterk ek-jy-verhouding is waarin mense mekaar nie op grond van belang-oorwegings soek nie, maar omdat hulle as persone tot mekaar aangetrokke voel, is iets wat steeds minder voorkom. Die ander word beskou as slegs 'n middel of instrument ter wille van eie gewin, en die woord 'vriend' het goedkoop geword" (Pretorius, 1992:110).



4.1.1.2 Vereensaming

Die begrip "vereensaming" verwys na "eensaam maak of word" (Odendaal et al; 1994:1169). Menslike verhoudings verbrokkel as gevolg van sosiale isolasie, kontakverlies en vereensaming wat aanleiding gee tot angs, onrus en onsekerheid by die mens (Pretorius, 1992:111). In die mens se soek na sekuriteit en veiligheid onttrek hy homself uit die samelewing. "To protect ourselves from going crazy from distress-overload, we are building more psychological and emotional cocoons around ourselves every day" (Popcorn, 1997:52).

"Die individualistiese ingesteldheid wat in die samelewing heers, dring selfs deur tot in die milieu van die gesin, sodat ook hier dikwels 'n gebeure van vervreemding voltrek word, veral in die huweliksverhouding, in die opvoedingsverhoudinge en in die verhoudinge tussen die kinders onderling" (Pretorius, 1992:111). Vervreemding gee dikwels daartoe aanleiding dat mense minder vir mekaar omgee en liefdeloos teenoor mekaar optree. Gesinslede toon ook meer en meer 'n onvermoë om toereikend met mekaar saam te lewe.

Die mens raak los van sy tradisionele geestelike en maatskaplike bindinge en sekerhede. Hy is individualisties en die fokus is op homself gerig. "It's more than just thinking highly enough about yourself to treat yourself well" (Popcorn, 1997:113). Die mens is uitgelewer aan 'n gees van uiterste saaklikheid en nuttigheid wat inherent is aan die rasioneel-georganiseerde samelewing.

"Die mens word gereduseer tot 'n arbeidskrag; 'n figuur sonder 'n siel. Die mens vind nie eens meer in die kerk daardie onderlinge broderskap, persoonlike aandag en besielende saamwees en saamdoen as gemeente van God nie. Deur enorme tegniese en organisatoriese ontwikkeling het die mens in die spervuur beland van 'n oorvloed onsamehangende invloede en prikkels, oppervlakkige indrukke, vlugtige kontakte en maatskaplike eise en verpligte" (Pretorius,



1992:112). Vanweë hierdie invloede wat so sterk op die mensdom beslag gelê het is daar geen tyd meer vir 'n rustige oopstel vir die wêreld van die ander nie. Daar is ook nie meer tyd om in afsondering tot sigself te keer nie en die oorvloed uiterlike invloede innerlik tot 'n sinvolle geheel te verwerk nie; gevoiglik het ook die geestelike deel van die menslike lewe verbrokkel.

4.1.1.3 Massifikasie

Die begrip "massifikasie" verwys na die "proses van 'n massa te word; te vorm; massavorming" (Odendaal et al, 1994:649). Die mens het 'n massamens geword wat daarop dui dat hy 'n geestelike gelykmaking ondergaan het wat hom sonder plan, doel en verantwoordelikheid in die lewe gelaat het. Die mens het sy persoonlikheid en vryheid in die massa prysgegee (in die massa word die individualiteit van die persoon doodgeverf). "It's a rebound reaction to our overcommitted lives. The more fragmented our identities and fractured our days, the more we need to ground ourselves" (Popcorn, 1997:66). Die vlug in die massa (massifikasie) is 'n ontsnappingspoging - die mens ontvlugting vind in alkohol, dwelmmisbruik of selfvernietiging (selfmoord).

"Die individu vlug vir homself in 'n massifikasie-gebeure, in 'n gelykskakeling, waardeur hy opgaan en ondergaan in die onpersoonlike 'hulle' en hom laat beheers deur die onpersoonlike magte van die 'hulle' (openbare mening, gewoontes, radio, televisie ensovoorts)" (Pretorius, 19992:112). Die mens verdra nie die stilte wat nodig is vir selffinkeer en werklike persoonsontplooiing nie. Massifikasie versterk eensaamheid. Die gelykskakeling van die individu met die massa lei tot verlies van individualiteit en besondere uniekheid. Die geweldige vervlakkking en kleurloosheid en die gemis aan werklike lewensinhoud, lewensdiepte en lewensin waartoe die massifikasiegebeure lei, wek 'n stemming van lusteloosheid, pessimisme, verveling en selfs van lewenswalging by die massamens. Massifikasie is 'n samelewingsfaktor wat sterk opvoedings-belemmerend kan werk, sodat daar hedendaags ook sprake is van "massajeug"



en van die negatiewe bybetekenis wat aan die benaming gekoppel word, soos byvoorbeeld verwilderde jeug, onspoede jeug, skeptiese jeug, probleemjeug. Die massamens en massejeug laat sig byvoorbeeld maklik op permissiewe en wangenormeerde wyse deur die massamedia voorskryf. Die gevolg van massifikasie is dat die mens weer sy identiteit verloor en die identiteit van die massa aanneem. Die mens verloor sy eie individualiteit in ruil vir massa-identifikasie en daarmee saam boet hy kreatiwiteit en oorspronklikheid in.

Dit is opmerklik hoedat die mitiese kenmerke in die eerste dimensie van die funksionele fase homself blindelings vasloop in Van Peursen se "crisis der zekerheden" (1987:81) en hy weer in 'n sekere sin mitiese kenmerke openbaar.

4.2 Tweede dimensie

In die tweede dimensie van die funksionele fase is daar 'n gedragsverandering wat by die mens intree. Die sirkels van sy menslike bestaan is nou oop en gerig op mekaar. Deur erkenning te verleen aan iets of iemand in die rol of funksie wat hy vervul, verkry die mens perspektief en insig ter oplossing van die krisis der sekerheid wat hy in die eerste dimensie ervaar het. Die mens se fokus is nie meer net op homself gerig nie - dit word gewysig en uitgebrei om ander in te sluit. Sy egosentriese houding verander in so 'n mate dat hy weer in sinvolle relasie tree met die werklikheid, ander mense en die bonatuurlike.

Die mens is genoodsaak om die omgewing waarin hy homself bevind ten alle koste te preserveer. "Doing good is no longer an option – it's a must (Popcorn, 1992:87). Die verantwoordelikheid berus by die mens om deur middel van samewerking met ander mense die werklikheid te bewaar deur 'n positiewe bydrae te lewer tot die versorging en instandhouding daarvan (vir die nageslagte). Die mens besef opnuut die waarde wat die werklikheid inhou. Natuurprodukte (planteryk) kan byvoorbeeld aangewend word vir genesing. "Speaking of herbs, the biggest tragedy in hacking down the rain forests, is the



destruction of trees and plants that may have been the natural source for potential cures" (Popcom, 1997:247). Die mens maak weer gebruik van plante vir die genesing van sekere siektes. "The magic mushroom, Kombucha, is a slimy white fungus that reportedly works wonders for every ailment, including indigestion, high blood pressure, acne and prostate problems" (Popcom, 1997:248).

Die mens wil van diens wees vir sy medemens uit naasteliefde. Die mens sluit vrywillig aan by werksgroepe wat hulle beywer om van diens te wees. "Nearly half the American population now volunteers for such things as raising money to fight disease and to assist the poor, elderly, or disabled. There's been a tremendous surge in 'helping hands' for AIDS hot lines and hospices" (Popcom, 1992:90). Die mens wil saamleef en saamwerk met ander mense om sodoende 'n beter wêreld vir die nageslag te verseker. Die mens wil onderhandel en idees uitruil met ander om probleme wat ontstaan het uit die weg te ruim. Die mens rig sy fokus op die bonatuurlike en verkry meer perspektief en insig in die leerstellings van sy godsdiens. Hy beywer hom om naasteliefde te toon.

5. DIE FUNKSIONELE FASE

5.1 Oriëntering

Die Funksionele fase is die derde fase van ontwikkeling wat Van Peursen, (1975:80) in kultuurstrategie-model beskryf. Soos reeds in paragraaf 4 van hierdie hoofstuk gemeld, word die fase in twee duidelik onderskeibare dimensies verdeel.

5.1.1 Oriëntering ten opsigte van verhoudinge

Die funksionele fase word, net soos die voorafgaande fases, verdeel in die drie basiese verhoudings, naamlik die mens in sy verhouding met die werklikheid, met ander mense en die bonatuurlike.

5.1.2 Oriëntering ten opsigte van die mens in die funksionele fase

Die funksionele fase verteenwoordig die derde wordings- of ontwikkelingsfase van die mens opweg na volwassenheid of kultuur na 'n hoër orde van beskaafdheid. Die begrip "funksionele mens" veronderstel 'n lid of lede van 'n ontwikkelde en beskaafde samelewing wat op homself kan staatmaak. In hierdie derde fase van ontwikkeling is die mens in ongeveer laat adolessensie en vroeë volwassenheid wanneer beroepsvoorbereiding deurloop is en 'n selfstandige inkomste verdien word. Wanneer daar dus na 'n funksionele mens verwys word, word daar tweeledig bedoel:

5.1.2.1 Die taakgeoriënteerde mens

Die taakgeoriënteerde mens is daarop ingestel om homself in 'n beroep te vestig. Hy wil selfstandig wees, lewenstake verrig en 'n eie inkomste verdien (eerste dimensie). Hy is hoofsaaklik taakgeoriënteerd en fokus in die praktyk na dit wat vir hom nuttig is.

5.1.2.2 Die mensgeoriënteerde mens

Die mensgeoriënteerde mens wil van diens wees vir sy medemens uit naasteliefde. Die mens gee meer om vir die welstand van ander mense. Hy wil in relasie tree deur sinvolle bydraes te lever wat sal lei tot die verbetering en opheffing van ander mense.

5.1.3 Oriëntering ten opsigte van tyd en verskyning van die funksionele fase

Die funksionele fase kan nie aan 'n spesifieke tyd of jaartal in die geskiedenis gekoppel word nie. Net soos daar in die verlede funksionele kulture was, is daar vandag kulture. Die Egiptenare was byvoorbeeld in die vyfde millenium v.C. een van die eerste beskawings wat ingewikkelde wiskundige begrippe bestudeer en verstaan het. Ander bydraes van die Egiptenare was "the signs of prediction, based astronomy, and the creation of an immensely useful calender" (Wilds & Lottich, 1970:55).

Daar moet in gedagte gehou word dat kinders teen 'n verskillende tempo ontwikkel en groei deur die verskillende fases, sommige kinders sal 'n besondere fase vroeër bereik, langer daarin "vertoef" en later deur 'n fase deur "gewerk" het as ander. Om 'n spesifieke tydstip te bepaal wanneer 'n persoon in die funksionele fase moet wees sal nie korrek wees nie want innerlike groei vind teen 'n unieke, eie tempo in elke individu plaas.

6. Die funksionele mens in sy gerelasioneerdheid

Die funksionele mens staan in drie relasies, naamlik die mens en die omringende werklikheid, die mens en ander mense en die mens en sy verhouding met die bonatuurlike. Hoewel die mens veronderstel is om oor kennis te beskik, 'n perspektief op die werklikheid te hê, moet poog om te eksplorieer en sy horisone te verbreed, word die afstand tussen mens en die werklikheid, ander mense en die bonatuurlike groter en kan dit verrykende gevolge vir die mens inhoud.

6.1 Die mens in sy verhouding met die werklikheid

6.1.1 Algemeen

Die mens se sirkels is oopgebuig (om ander in te sluit), maar op sy eie voordeel gerig. In die verhouding van die mens met die werklikheid word sy ingesteldheid teenoor die werklikheid verskillend ervaar. Van Peursen het verkies om die



mens se verhouding met die werklikheid, onderskeidelik in twee dimensies te verdeel in plaas van 'n vierde fase te beskryf (Van Peursen, 1994: Persoonlike korrespondensie).


6.1.1.1 Eerste dimensie:

In die eerste dimensie van die mens se verhouding met die werklikheid, word die afstand tussen mens en werklikheid groter (kyk figuur 6 bladsy 146). "De distantie wordt zo groot dat deze tot 'n breuk leidt" (Van Peursen, 1987:91). Vanweë die mens se eiegerigtheid word die verwydering en oormatige abstrahering tussen mens en werklikheid so groot dat die mens perspektief, insig en begrip verloor in sy verhouding met die werklikheid. Die mens wend die werklikheid meer as ooit aan tot sy eie voordeel. Hy "ziet de betekenis van een woord of een daad of een ding in de rol die het heeft – de functie die het vervult" (Van Peursen, 1987:91). Die betekenis wat die werklikheid vir die mens inhoud, lê in die rol of funksie wat dit vir die mens kan vervul.

Die fokus is op die mens self - sy strewe na produktiwiteit en sukses bring mee dat sy verantwoordelikheid vir die instandhouding van die werklikheid (natuur) verlore gaan. Vanweë sy beperkte visie besef hy nie die gevare wat die beschadiging en vernietiging van die natuur vir die mens en sy nageslag inhoud nie. "The earth's atmosphere is beginning to lose its natural ability to remove air pollutants, a condition that could spread smog and accelerate the accumulation of greenhouse gases" (Pretoria News, 2001:5 a). Die mens wend die bronne wat tot sy beskikking is onoordeelkundig aan sonder inagneming van die negatiewe gevolge wat daaruit kan voortspruit. Hy is selfsugtig en egosentries in sy geweldige strewe na sukses en ekonomiese welvaart. "They slashed and burned, overgrazed, and stripped the forests for firewood – one found capitalist industrialists gouging resources on a massive scale, pumping voluminous poisons into the air, deforesting whole regions in pursuit of profit, without much thought about side-effects or long-term consequences. The idea that nature was



Figuur 6: Voorstelling van die funksionele mens in die eerste dimensie – 'n voorbeeld van substansialisme.



Bron: Eie.

there to be exploited provided a convenient rationalization for short-sightedness and selfishness" (Toffler, 1980:112).

Die mens se gesindheid en verantwoordelikheid teenoor die werklikheid het so verskraal dat hy selfs die diereryk gebruik, verbruik en misbruik tot sy eie voordeel: "Rhino have been shot for their horns which are sold to people who make medicine from them" en "Elephants needs lot of space and food and sometimes destroy trees. People use their ivory tusks to make ornaments which they sell for lots of money" (Sunday Times, 2001:3 a).

In 'n poging om sy eie praktykgeoriënteerde probleme op te los, skep die funksionele mens nuwe probleme byvoorbeeld met die verwydering van afval en die storting daarvan in riviere (Sowetan, 2001:5 a). Dit bring verder mee dat die mens blootgestel word aan cholera-verwante siektes of diarrhoea. Toffler, (1980:328) noem enkele voorbeeld van praktykgeoriënteerde probleme as hy verwys na die "oil tanker spills, air pollution, inadvertent weather modification, the destruction of forests, and other activities that often involve side effects that sweep across national borders". Mngr Timothy Wirth (president van die UN foundation) het op wêreld-omgewingsdag gesê: "When the environment is forced to file for bankruptcy ... because its resource base has been polluted, degraded, dissipated, irretrievably compromised, then the economy goes down to bankruptcy with it – and so does everything else" (Pretoria News, 2001:10 b).

Dit wil voorkom of die funksionele mens 'n diepgewortelde drang het om die totale werklikheid te beheers en te oorheers. Hy strewe na mag, oor geografiese gebiede heen, wat diepte van die see en die uitspansel van die hemelruim. Die mens wil die totale heelal verken en beheer en mag daaroor uitoeft. Die Verenigde State van Amerika en die Sowjet Unie "attempted to reintegrate the world market – or large parts of it – on their own terms, each side spending huge sums to spread its doctrines to the world's non-industrial peoples" (Toffler,



1980:110). Daar word daadwerklik daarna gepoog om die see te oorheers "Philippine-based companies are developing deepwater ports in the Persian Gulf" (Toffler, 1980:331). Die moontlikheid van 'n stad in die lugruim is nie uitgesluit nie "... the possibility of building very large scale communities in space – platforms or islands with populations in the thousands" (Toffler, 1980:154). Die Russiese ruimte-instelling Energiya, het byvoorbeeld 'n aantal aansoeke van mense ontvang wat 'n ruimtetoer wil ondernem nadat Dennis Tito, 'n 60-jarige voormalige ingenieur, met die hulp van die Russe teen 'n bedrag van \$20miljoen die eerste ruimtetoeris geword het (Beeld, 2001:12 a).

Die mens wil die hoogste berge aandurf en bakens plaas op die finale punt ten einde die natuur te oorheers. In 'n poging om sy gestelde doelwitte te bereik gaan die verantwoordelikheid van die mens verlore.


6.1.1.2 Tweede dimensie

In die tweede dimensie van die mens se verhouding met die werklikheid, wil die mens 'n sinvolle samehang met die werklikheid bewerkstellig. Die werklikheid is so beskadig deur die mens dat die toekoms van die nageslag nie gewaarborg of verseker kan word nie. "It is so important that every South African should be looking at how he or she disposes of rubbish, use rivers and other water sources and keeps the air clean" (Sunday Times, 2001:10 b). Die mens is dus genoodsaak om 'n positiewe bydrae te lewer met opheffingswerk. "Awareness of the need to save our society is at an all-time high" (Popcorn, 1992:87). Vanweë die oorlewingsstryd waarmee die mens gekonfronteer word (beskadigde natuur en siektes) is dit die verantwoordelikheid en plig van elke landsburger om 'n positiewe bydrae te lewer tot die opheffing van die omgewing waarin ons leef.

Die sirkels is oopgeboë en gerig op mekaar (sien figuur 7 bladsy 149). Die mens neem die "regte" afstand in en verkry perspektief en 'n visie op die werklikheid. Hy wil nie alleen funksioneel en nuttig wees nie maar ook saamwerk deur



Figuur 7: Voorstelling van die funksionele mens in die tweede dimensie.



Bron: Verwerk uit Van Peursen, (1975).

probleme soos byvoorbeeld besoedeling op te los wat deur sy praktykgeoriënteerde probleme veroorsaak is.

Die mens besef opnuut wat die waarde van die werklikheid is en wil daarom 'n poging aanwend om dit (die natuur) te bewaar, nie alleen ter wille van sy eie oorlewing nie, maar ook as erfenis vir toekomende geslagte. Dit wil voorkom asof die mens weer opnuut bewus word van sy kultuuropdrag om te bewerk, te beheers en te bewaar. Hy raak daarom betrokke by projekte om die natuur sover dit binne menslike vermoë is, te preserveer. Die mens raak betrokke by aksies, werkgroepe en organisasies wat dit ten doel het om te bewaar en te restoureer. 'n Groep omgewingsbewuste leerlinge van Suid-Afrika se boodskap aan die wêreld was dat daar gelet moet word op: "The importance of conserving water, cutting down and hopefully stopping littering totally, and the destruction which poaching and smuggling are bringing to many animals and bird species" (Pretoria News, 2001:3 c). Toffler (1980:300) het reeds twintig jaar gelede gesê: "A worldwide environmental movement has sprung up in response to fundamental, potentially dangerous changes in the earth's biosphere. And this movement has done more than attack pollution, food additives, nuclear reactors, highways, and hair-spray aerosols".

In hierdie dimensie is die mens daarop geng om dit wat die natuur aan hom bied te bewaar eerder as te misbruik. Sy sirkel na die werklikheid is oopgebuig. Die mens se strewe in sy relasiesoeke is om in harmonie met sy omringende wêreld (omgewing), te leef. Bewaring van die natuur as erfenis word 'n belangrike motivering om veldtogte te loods byvoorbeeld "The Pretoria Wet Nose Animal Rescue Centre has established a fund for animals in Zimbabwe to assist the Zimbabwean branch of the organisation in its fight against cruelty to animals on farms in the country" (Pretoria News, 2001:4 d). 'n Verdere voorbeeld is die versiendheid wat die Suid – Afrikaanse regering (omgewingsake) aan die dag gelê het deur erfenisdag (24 September) as 'n nasionale vakansiedag te



verklaar. Natuurbewaringsveldtogte en ander maatskaplike probleme word na die skole oorgedra – dit word die taak van die onderwyser om kinders op te voed tot waardering en bewaring van die natuur. Temas soos byvoorbeeld, die oorsake en gevolge van besoedeling, vorm 'n belangrike onderdeel van die formele skoolkunstikulum.

Die Suid-Afrikaanse owerheid wend daadwerklike pogings aan om die belangrikheid van bewaring en die instandhouding van natuurlike hulpbronne onder die aandag van die publiek te bring. Die wye verskeidenheid media word hiervoor aangewend. “At scientific level, this has led to thousands of studies aimed at understanding ecological relationships so that we soften our impacts on nature or channel them in constructive ways. We have just begun to appreciate the complexity and dynamism of these relationships and to reconceptualize society itself in terms of recycling, renewability, and the carrying capacity of natural systems” (Toffler, 1980:301). Herwinning en bewaring van natuurlike hulpbronne maak deel uit van die funksionele mens se strewe om in relasie en in aanvoeling met die natuur te wees deur 'n bydrae te lewer tot die herskepping en bewaring wat tot elkeen se beskikking is. Dit wat in die proses verlore gegaan het, moet herstel word.

6.1.2 Kriteria vir waarheid

Die funksionele mens is ewneens afhanklik van 'n kriterium waaraan hy waarheid kan meet. Die funksionele mens bevind homself in 'n komplekse leefwêreld waar normverduistering en die situasionele aanwending van norme 'n algemene kenmerk is. Hy toon 'n geneigdheid om die bestaande norm (waarheid) te verbuig of te verdraai om hom in 'n bepaalde situasie te pas. "Maar binnen het functionele denkkraamwerk wordt ook deze gesloten waarheid opengebogen en kan men zulk een 'waarheid' veranderen" (Van Peursen, 1975:93). Die



funksionele mens het daarom kriteria vir waarheid nodig om riglyne te bied wat aan hom riglyne sal verskaf vir sy gedrag.

In sy bevraging en uitreiking na die werklikheid, ander mense en die bonatuurlike is hy opsoek na ankerpunte of vastighede aan die hand waarvan hy weer 'n relasie kan stig en sy lewe daarvolgens kan orden. Die volgende kriteria vir waarheid of die meting of bepaling van waarheid, is kenmerkend van 'n funksionele fase:

6.1.2.1 Die kriterium "funksionaliteit"

Dit wil voorkom asof die funksionele mens daarop ingestel is om in sy beroep wat hy beoefen, take wat moontlik aan hom toegesê word aan die kriterium vir funksionaliteit te meet. Daarby word bedoel dat die taak funksioneel in die praktyk moet wees en 'n bepaalde nuttigheidswaarde vir die mens moet inhoud. Regdeur die wêreld word klem gelê op beroepsgerigte en uitkomsgebaseerde onderwys in skole sodat leerders na afloop van hul skoolloopbaan funksioneel en nuttig in 'n praktyk kan staan.

Werkverrigting moet met die minste, kleinste of die mees kompakte apparaat die maksimum funksie kan verrig word. Die menger wat kan groente skil, vleis maal en koekies uitdruk en blikke kan oopsny is 'n tipiese voorbeeld. Dit gaan in hierdie fase oor een masjien wat so funksioneel moet wees sodat dit optimaal funksioneel kan word.

6.1.2.2 Die kriterium "produktiwiteit"

Vanweë die funksionele mens se diepgewortelde drang om die werklikheid te bemeester en te oorheers, word die produksie van goedere om sy lewe te vergemaklik, aansienlik verbeter en versnel. Die kriterium van *hoër produktiwiteit* word aangelê om te toets of beoogde planne, werkstake, programme kan lei tot

verhoogde of verbeterde produktiwiteit. Intensieve navorsing met die oog op produksiebestuur word op 'n gereelde basis wêreldwyd onderneem. Die navorsing is daarop gerig om nuwe tegnieke te ontwerp sodat die produksieproses in byvoorbeeld fabrieke vinniger en beter geskied ten einde prestasie in werkverrigting te kan verbeter. Aktiwiteite word daarop gerig om met die minimum beskikbare tyd en inset die maksimum produksie te lewer. Vaardigheidsopleiding is uitsluitlik gemik op verhoogde produktiwiteit.

Meganisering word aangewend ten einde produksie te verhoog met gevolelike rasionalisering van mannekrag. "These new machines did more than augment new muscles. Industrial civilization gave technology sensory organs, creating machines that could hear, see, and touch with greater accuracy and precision than human beings" (Toffler, 1980:40). Die voerband en robotte in fabrieke is enersyds arbeidsbesparend en dit lei tot verhoogde werkverrigting.

6.1.2.3 Die kriterium "doelrealisering"

Die funksionele mense is doelgerig en beplan byvoorbeeld 'n projek ooreenkomsdig verwagte uitkomstes. Doelwitte of uitkomstes word daarom fyn geformuleer en dit geniet hoë prioriteit. Dit gebeur egter in die praktyk dat doelrealisering so verabsoluut word dat die weg tot doelrealisering as van minder belang geag word. Die spreekwoordelike "die doel heilig die middele" word aangewend om maksimale doelrealisering te bewerkstellig. Wanneer 'n fondsinsamelingspoging byvoorbeeld van stapel gestuur word, is die einddoel van uiterste belang sodat die norme en waardes wat die proses van fondsinsameling moet rig en stuur as van 'n laer prioriteit geag word. Studente aan universiteite neem byvoorbeeld jaarliks deel aan die jooloptog met die uitsluitlike doel om fondse in te samel ten bate van sorgbehoewendes en liefdadigheidsorganisasies. Die metodes en wyses waarop die studente te werk gaan, en die gedrag wat hulle tydens die optog openbaar, is dikwels teenstrydig met die verhewe doel waarvoor hulle hulself beywer. Met die oog op die



doelrealisering word die metode of "die weg waarlangs" die projek uitgevoer word nie as van belang geag nie. 'n Voorbeeld in hierdie verband is die twee broers wat tydens die 1999 Comrades-marathon wedloop verkul het deur plekke tydens die wedloop om te ruil. Die doel wat hulle geheilig het naamlik om die eerste plek te behaal en die gesogte prys in te palm, is bo alles gestel. Die norm "waarheid" en "eertlikheid" is deur die twee broers verbuig in 'n poging om hul doel te realiseer.

2.1.5 Tydsiening

6.1.3.1 Algemeen

Die tydsiening van die funksionele mens verskil radikaal van die tydsiening in die vorige twee ontwikkelingsfases. Die tydsiening in die mitiese fase is byvoorbeeld siklies en baie stdig in vergelyking met die tydsiening in die funksionele fase wat weer streng chronologies is en baie vinnig verloop. Vanweë die versnelde tempo waarteen alles gedoen word, word daar van korter tydsindelings (byvoorbeeld nano-sekonde) gebruik gemaak wat relatief tot die funksie pas (vergelyk tydsmeting in byvoorbeeld die afneem van die honderd meter – wedloop in atletiek). Tyd word streng chronologies ingedeel - in selfs 'n breukdeel van 'n sekonde, sekondes, minute en ure.

6.1.3.2 Betyking van tyd

Die funksionele mens leef aan die hand van tyd omdat funksionaliteit vra dat die mens soveel as moontlik bereik in die minste tyd. Tyd word ook in geldwaarde bereken want in elke oomblik kan jy teen betaling 'n bepaalde diens lever of 'n taak afhandel. Die funksionele mens is in staat om sy tyd oordeelkundig te bestuur deur noukeurige beplanning.

6.1.3.3 Funksionering van tyd



a Fleksietyd

Fleksietyd impliseer 'n afwyking van die geroetineerde nege tot vyfuur werkyd. In hierdie tydsvorm is daar 'n reëling tussen werkgewer en werknemer dat 'n werknemer werkure kan skik, daarom ook "skiktyd" genoem. Die werkgewer bepaal die aantal ure wat van elke werknemer verwag word om aan diens te wees. Die dagwerker hoef dus nie meer vroeg vir diens aan te meld nie - hy kan op 'n voorafgerekende tydstip (met sy werkgewer) vir diens aanmeld. 'n Groep werkers wat gelyk aan diens moet wees kan hul werkstyle dienooreenkomsdig skeduleer sodat dit by almal byval sal vind. Werkers kan hul tyd so inruim dat hulle in sekere behoeftes van hul eie gesinne kan voorsien. Hulle kan byvoorbeeld spitsverkeer vryspring, en hul kinders skool toe neem en weer kan gaan afhaal. Die herverspreiding van werkstyle het 'n invloed op die verkeersvloei hé.

b Skoftyd

Wanneer 'n onderneming uitbrei en die aanvraag na werkers vergroot om byvoorbeeld 'n bepaalde produk binne 'n bepaalde tyd op te lewer, word ekstra werkers in diens geneem om deur die nag te werk. Dieselfde diensure en etenstyle wat vir 'n dagwerker geld, word ook aan 'n nagwerker toegestaan. Die indiensneming van nagwers bevorder en verhoog die produksieproses en werkloosheid kan drasties verminder word.

c Deeltydse werkers

Ondernemings stel deeltydse werkers aan wat vir 'n klein gedeelte van die normale diensure 'n diens verrig. Daar word van hulle verwag dat hulle soms vir een of twee dae per week moet werk. Hierdie vorm van werkverrigting is so populêr in Amerika dat daar vir elke vyf voltydse werkers een deeltydse werker in



diens geneem word. Deeltydse werk is gepas vir getroude vroue, bejaardes, semi-afgetredes en studente wat bereid is om vir 'n minder salaris te werk. In ruil vir hierdie korter werkstye wat op 'n deeltydse basis geskied, kan die getroude vrou byvoorbeeld meer tyd aan haar gesin bestee terwyl 'n jongmens sy stokperdjie kan beoefen of voltyds kan studeer.

d Nuwe verbruikerspatrone

Die uitbreiding van produksietyd deur die byvoeging van alternatiewe werksure soos byvoorbeeld skoftyd, beïnvloed die geroetineerde bestaan wat die mens voer. Alternatiewe werksure gee aanleiding tot 'n verandering in die leefwyse van die mens. Dit beteken dat mense op ander tye slaap, ander tye werk en ander tye hul inkopies moet doen. Dit het dus noodsaaklik geword dat supermarkte, apteke en restaurante byvoorbeeld langer diensure moet werk om in die behoeftes van kliënte wat ander tye werk, te voorsien.

6.1.4 Bronne van kennis

6.1.4.1 Algemeen

Die funksionele mens leef in 'n snel ontwikkelde samelewing waar kennis vinnig toeneem en voortdurend verander. Die moderne tegnologiese ontwikkeling gee aanleiding tot 'n kennisontploffing en daarom moet die funksionele mens homself op 'n gereelde basis vergewis van veranderinge in die tegniek en gebruikte vir die uitvoering van sy take. Die uitbreiding en verifiëring van bestaande kennis is dus noodsaaklik om aan te pas by die voortdurende veranderinge in die praktyk.

6.1.4.2 Die doel met die kennis

Die doel met die kennis is gerig op die toenemende wording van die mens deur beskikking en beheer oor homself en die omgewing waarin hy homself bevind.



Deur die toepassing van kennis moet die mens kan inpas by ander mense en bruikbaar kan wees in die praktyk. Die mens moet kennis opdoen ter wille van globalisering (die hele gedagte van wêreldburger wees) wat hom in kontak met die wêreld kan bring.

6.1.4.3 Aard van kennis

Kennis in die funksionele fase is pragmatis met die oog op bruikbaarheid, toeganklikheid en verbruikersvriendelikheid. Dit word skematis aangebied in handleidings, modelle, diagramme, resepte, grafiese en dagboeke. Die funksionele mens is afhanklik van 'n handleiding wat riglyne, voorskrifte of wenke bevat vir die praktyk byvoorbeeld om 'n televisiestel op te koppel.

Kennis is beskikbaar in 'n opgesomde, geordende formaat en is saamgevat in boeke, bundels byvoorbeeld ensiklopedieë, artikels en verslae. Die kennis is nie net abstrak nie, maar dit bevat ook konkrete simboolwaardes wat help om die abstrakte te verstaan. "De kinderen leren daar bepaalde symbolen gebruik door deze op zeer concrete zaken toe te passen (een symbool voor 'verzameling' wordt toegepast op een groep schoolkinderen, op een postzegelverzameling, op een reeks kleuren enz)" (Van Peursen, 1975:92).

Teoretiese kennis word as van minder belang geag terwyl praktiese kennis vooropgestel word. Die kennis wat ingewin word moet so vinnig moontlik vir die praktyk beskikbaar wees ter wille van verbetering van die praktyk. Dit funksionele mens is veral gestel op werklikheidsgeverifieerde kennis.

6.1.4.3 Medium van kennis

Die medium van kennis in die funksionele fase is audio-visueel van aard. Bestaande kennis en nuwe kennis word aan die mens oorgedra by wyse van media soos die radio, televisie, mondelinge oorlewering, prente, rolprente,

demonstrasies, rekenaars en die internet oorgedra. Inligting kan oor al die uithoek van die wêreld met die druk van 'n knoppie onmiddellik beskikbaar gemaak word.

Die oordrag van kennis vind plaas in skole, ook afstandsonderrig "open universities" (na aanleiding van die oop sirkels), kolleges, technikons en universiteite plaas. Die aanbieding van die leerstof en die praktiese opleiding van vakleerlinge, word behartig deur gespesialiseerde persone. Die nuwe onderwysbenadering (kurrikulum 2005) word stelselmatig ingestel by die skole. Hierdie benadering wat die leerlinge beroepsgereed maak, is geskoei op dieselfwerksaamheid van die kind – onderwysers tree slegs op as fasiliteerders terwyl die leerling die gegewe take uitvoer (dink hier aan die werkskool van Dewey (1997:13) en in-taakopleiding wat veral in die nie-formele sektor gedoen word).

6.2 Die verhouding van die mens tot ander mense

6.2.1 Algemeen

In die verhouding van die mens tot ander mense word 'n eerste en 'n tweede dimensie onderskeidelik aangebied.

6.2.2 Eerste dimensie

Soos reeds verduidelik vanweë die hoë eise en toekomsverwagtinge wat die mens aan homself stel, tesame met sy drang om funksioneel en suksesvol te wees, raak hy dikwels egosentries. In hierdie egoïsme raak die funksionele mens verder verwynner van ander mense. Dit gee daartoe aanleiding dat sy verhouding met ander mense vervlak en dat hy sy eie belang soek. In hierdie wegbeweg van die funksionele mens, gerig op die vervulling van sy eie persoonlike doelstellings wys Van Peursen, (1987:77) daarop dat mense los



substansies word en nie meer mekaar se belang op die hart dra nie. Die funksionele mens stel belang in relasies met ander ter wille van die funksie wat hulle kan verrig. Hy is daarop ingestel om ander vir sy eie diens en voordeel te gebruik. 'n Pas afgestudeerde student wat byvoorbeeld tot 'n beroep toetree en vinnig moontlik opgang wil maak, sal byvoorbeeld met invloedryke mense verhoudings aanknoop tot sy eie voordeel.

In sy verhouding met ander mense, gaan menslike kwaliteite soos egtheid en opregdheid dikwels verlore. Dieselfde gesindheid wat die mens in sy individuele sakeverhoudinge openbaar, brei uit na sy vriendskapsverhoudinge en betrokkenheid by verskillende groepe. Die doel van sy lidmaatskap by verskillende groepe is dikwels om goeie verwysings (curriculum vitae) en 'n netwerk op te bou wat later tot die bevordering van sy eie posisie en aansien aangewend kan word. Die funksionele mens het ook dikwels in sy omgang met ander mense 'n verborge agenda of 'n bymotief waarvan die ander persoon nie bewus van is nie.

Die funksionele mens gee nie meer vir sy medemens om nie. Mense word vir hom slegs 'n nommer tensy hulle vir hom van diens kan wees. Menselewens word goedkoop en waardeloos. Dink in hierdie verband aan die opspraakwekkende saak waar 'n vrou 'n huurmoordenaar die bedrag van R30 000 aangebied het om haar te vermoor (Beeld, 2001:1 b). Daar is ook talle onsinnige moorde (in motorkapings, huisbrake en plaasaanvalle) op onskuldige mense wat gepleeg word. "The media , meanwhile, report a seemingly endless succession of innovations, reversals, bizarre events, assassinations, kidnappings, space shots, governmental breakdown, commando raids, and scandals, all seemingly unrelated (Toffler, 1980:30). Die onderlinge kompetisiegees tussen funksionele mense om te presteer of beter as 'n volgende te wees, is daar dikwels 'n ontaarding in vuil spel.



Die funksionele mens toon ook meer 'n geneigdheid om te spesialiseer in 'n bepaalde rigting eerder as om deel te wees van 'n groter werkersgroep. Die mens is nie meer ingelig oor die "totale werklikheid" nie omdat hy meer funksioneel gedifferensieerd wil optree.

Vanweë die mens se statusbeheptheid raak norme en waardes van minder belang. "Our children are supersophisticated about drugs, sex or space – Divorce rates continue their climb – but so do remarriage rates. In politics parties lose the allegiance of their members at the precise moment when key issues are becoming more politicized than ever" (Toffler, 1980:140). 'n Britse onderwyseres het byvoorbeeld die gedragsreëls van haar onderwyskontrak oorboord gegooi toe sy in die tweede Britse Big Brother inkykprogram naak verskyn het. Sy het "een van haar manlike mede-inwoners innig gesoen en haar bereidwillig laat blyk om seks 'voor die kameras' te hê in haar poging om die prys van 70 000 (sowat R770 000) te wen" (Beeld, 2001:15). 'n Nuwe tendens is dat vroue (getroud en professioneel gekwalifiseerd) betrokke raak by prostitusie vanweë hul gejaag na ekonomiese welvaart.

Die grense van respek vir privaatheid van die mens verval stelselmatig. Die konstitusie van Suid-Afrika bepaal byvoorbeeld dat elke mens 'n reg het op privaatheid (Wet 200 van 1996). Die mens wil graag 'n kykie hê in die persoonlike lewe van ander uit nuuskierifheid of selftevredenheid. Die televisieprogram Big Brother (die alsiende oog) wat 'n kykie in die private lewe van ander mense bied, is 'n tipiese voorbeeld van "nog 'n manifestasie van die opheffing van grense tussen die openbare en die private wêreld van die individu" (Beeld, 2001:12 c). Die program beoog om die private lewe van mense oop te vlek en vir openbare beskouing beskikbaar te maak op die televisie en die internet.

Die kabinet het 'n onderskeppings- en moniteringswetsontwerp goedgekeur wat dit vir die owerhede moontlik maak om privaat gesprekke op selfone af te luister.

Die rede wat hulle aanvoer is om moontlike misdaad wat telefonies gereël word, te bekamp. Die mens se grondwetlike reg op privaatheid kan in die gedrang kom. (Beeld, 2001:10 d).

Die mens se persoonlike ruimte word meer dikwels deur ander mense binnegedring en dit hou verreikende gevolge in vir die individu. Die begrip "persoonlike ruimte" kan omskryf word as 'n "gebied rondom die persoon se liggaam wat deur die persoon as sy eie ruimte ervaar word, en wat net deur bepaalde persone onder bepaalde omstandighede binnegedring mag word" (Jordaan & Jordaan, 1990:723). Indien die mens se persoonlike ruimte deur ander binnegedring word, vind dit uiting in die vorm van kindermishandeling, molestering of bloedskande. "Bloedskande is die 'verswygde' misdaad wat byna nooit aangemeld word nie, hoewel 21% van kinders seksueel deur hul biologiese pa gemolesteer word en tot 90% van die gemolesteerde kinders ken hul molesteerder" (Rapport, 2001:5 b). Die mishandeling van ouers deur hul eie kinders en die mishandeling van bejaardes in ouetehuise deur die toesighouers (werkers) is ook 'n algemene verskynsel.

6.2.3 Tweede dimensie

In die tweede dimensie van die mens se verhouding met ander mense, is die fokus nie meer gerig op die funksionele mens nie maar eerder op sy medemens. Die sirkels is oopgeboë en gerig na mekaar wat dui op die mens se openheid om ander mense in sy planne in te sluit. "De mens zelf is geen besloten cirkel meer: door buiten zichzelf te wijzen buigt hij de cirkel van het eigen bestaan open" (Van Peursen, 1975:98). Hy wil weer funksioneel of van diens wees, maar ter wille van 'n goeie saak.

Die funksionele mens beskou homself nie meer as alleen belangrik nie, maar eerder gelyk en ewe belangrik as ander mense. Die ideaal van sosiale gelykheid is gefundeer in die erkenning van mekaar en die aanvaarding van

verantwoordelikheid vir mekaar. Die funksionele mens wend daadwerklike pogings aan om met ander mense saam te werk en beter menseverhoudings te bewerkstellig. "Die Australiese hoofstad Canberra is bereid om sy kennis en ervaring oor sy metropolitaanse polisiemag met die metroraad van Tshwane te deel. Ander fokuspunte vir samewerking sluit omgewingsbestuur, die elektroniese lewering van toepaslike regeringsdienste, toegang tot gemeenskapsinligting en die hervorming van die openbare sektor" (Beeld, 2001:6 e). Die mens is minder geneig om ander te gebruik, en meer geneig om ander mense met ander sienings te akkommodeer.

Tipies van die funksionele fase is die hulporganisasies. "The Phobics Society, has many branches and is one of thousands of new groups cropping up in many of the high-technology nations to help people deal directly with their own problems – they provide a support system for people in trouble" (Toffler, 1980:279). Ondersteuningsgroepe soos die 'Alkoholiste Anoniem' verleen hulp aan alkoholiste en dwelmslawe, 'Rape Crisis' verkragtingslagoffers help in die vorm van berading en praatjies. "In L.A., one can find LADIES (Life After Divorce Is Eventually Sane), a Clanning meet for ex-wives of Hollywood stars, who find strength in getting together to rehash custody battles, betrayals, and alimony settlements" (Popcorn, 1997:67). Professionele musikante in Suid-Afrika span kragte saam deur gratis ten bate van hulporganisasies op te tree. Die organiseerder van so 'n projek, het gesê: "We do not have any form of sponsorship, but we will go on because HIV-Aids has to be fought and conquered. It is for this reason that we should all rise and applaud musicians who are sacrificing their time to be part of this cause" Sowetan, 2001:5 b). Daar is spesiale inrigtings (Hospice en die Rooikruis) wat omsien na vigspasiënte en pasiënte met chroniese siektes. Hierdie inrigtings is afhanklik van skenkings en vrywillige donasies vir hul voortbestaan.

Die funksionele mens is bereid om idees uit te ruil en verskille uit te stryk. "Even the lonely writer can come forth from his/her ivory tower to exchange ideas while

clanning with fellow creatives during a stint at one of the writing colonies" (Popcorn, 1997:67). Die Konstitusie van Suid-Afrika bepaal byvoorbeeld dat daar geen diskriminasie tussen kultuurgroepes, geslag, of onder ander bejaardes moet wees nie. Die wegdoen met apartheid, deursigtigheid in regeringsonderhandelings en besluite en die oopstelling van die Ystergordyn is sprekende voorbeelde waar die funksionele mens ander mense wil insluit. In sekere kommunistiese lande kan die mens vryelik die christelike geloof aanneem en beoefen sonder enige vervolging soos wat vroeër die geval was. Mense wil nou saamleef en saamwerk om 'n beter wêreld vir almal te skep.

6.3 Gesag

6.3.1 Algemeen

Die funksionele mens is 'n normgerigte wese en is inherent bewus van 'n hoër gesag. "Dit is trouens kenmerkend van hom dat hy ter wille van sy eie veiligheid en geborgenheid soek na gesag wat eise aan hom stel, 'n opdrag aan hom gee, 'n aanspraak op sy toewyding en diens maak, gehoorsaamheid van hom vra en beslag op sy lewe lê" (Griesel et.al. 147).

In die funksionele fase word die mens grootliks beheers deur die tegnokrasie en ekspertokrasie. Die begrip "tegnokrasie" verwys na die beheer (gesag) van die tegnologie en tegniese deskundiges. Deskundiges en spesialiste dien op kommissies as raadgewers in regerings en tree op as gesagsdraers op grond van hul kundigheid.

In Suid-Afrika is die waarheid en versoeningskommissie in die lewe geroep om getuenis aan te hoor van mense wie se menseregte geskend was in die apartheidsera. Hulle beskik oor mag om amnestie te verleen aan die betrokkenes. In Lima (Peru) is 'n soortgelyke kommissie in die lewe geroep om



voorvalle van politieke geweld tussen Mei 1980 en wie daarvoor verantwoordelik was, te ondersoek en te verklaar (Pretoria News, 2001:9 e).

6.3.2 Tempering van gesag

In die funksionele fase word met gesag getemper. Gesag word "versag". Die beginsel van 'n oog vir 'n oog, geld nie meer nie, gevolglik word strawwe wat aan oortreders vir ernstige misstappe soos moord en verkragting en opgelê word, aansienlik verminder en verbeter. 'n Oortreder kan byvoorbeeld die tronkstraf wat aan hom opgelê is, omskep in gemeenskapsdiens (korrekiewe toesig). Indien die owerhede oortuig is dat die oortreder geen verdere bedreigings vir die gemeenskap inhoud nie, kan die oortreder in funksie teruggeplaas word. Hy kan 'n diens verrig aan 'n hospitaal of enige ander staatsinstelling. Die doodstraf is ter syde gestel en later vervang met 'n langer tronkstraf.

'n Nuwe konsepwetgewing is aan die Minister van Justisie en Staatkundige ontwikkeling voorgelê wat bepaal dat huwelike voortaan "op enige plek op aarde" toegelaat sal word: of dit nou bo-op Tafelberg, met snarkels aan op die seebodem of in 'n lugballon hoog bo die aarde is" (Beeld, 2001:1 f). Verdere verslappings in die konsepwetgewing sluit in:

- die 'geslote groep' wetlik erkende geestelike huweliksbevestigers van Christene, Mohammedane en Indiërgelowe uitgebrei word om alle gelowe in te sluit.
- die baie bekende huweliksformulier nie meer vereis word nie en dat elke geloof sy eie formulier mag gebruik. Die formulier moet die vraag bevat of daar wettige beletsels teen die huwelik is en die bevestiger moet die paartjie amptelik as man en vrou verklaar.
- 'n man voortaan wettiglik met sy stiefdogter mag trou, solank hulle nie bloedverwante is nie en ouer as 18 jaar is.
- 'n man met sy skoonma mag trou al leef sy vrou en sy skoonpa nog.



6.3.3 Rehabilitasie

Die begrip "rehabilitasie" verwys na die "herstelling in 'n vroeëre staat of stand, veral herstel in goeie naam en eer" (Odendal et al; 1988:890). Indien die mens homself sou skuldig maak aan 'n oortreding van watter aard ookal, bestaan daar die moontlikheid tot rehabilitasie en kan hy deur sy veranderde optrede sy naam in ere herstel.

Die misbruik van alkohol- en dwelmmisbruik neem skerp toe. Die individu is onder die indruk dat hy die werklikheid kan ontvlug deur die misbruik van drank en dwelms, maar misdaad is die gevolg daarvan. Die mens is dikwels by 'n verskeidenheid oortredings betrokke soos onder andere geweldsmisdade, seksuele wangedrag en stresverwante misdade.

In uitsonderlike gevalle kan 'n oortreder ontoerekeningsvatbaar verklaar word vir sy oortreding. Die moontlikheid om die oortreder deur middel van rehabilitasie tot ander insigte te bring, bestaan wel. 'n Oortreder se emosionele toestand en familie-agtergrond word nagegaan om te bepaal of daar steurnisse uit sy verlede bydraend kan wees tot 'n besondere oortreding.

Op grond van 'n verslag deur 'n spesialis, kan 'n oortreder na goeddunke in 'n rehabilitasiesentrum (tronk of sielkundige inrigting) geplaas word. 'n Span opgeleide mense behartig die rehabilitasie van individue by die verskillende sentra om hulle so gou as moontlik weer terug in funksie te plaas.

6.3.3.1 Rehabilisentrums

a Die tronk

'n Tronk kan beskryf word as 'n rehabilitasiesentrum waar 'n misdadiger vir 'n bepaalde tydperk in aanhouding geplaas word. By die inneem van 'n gevangene



word hy volgens sy ambag of kwalifikasie 'n taak opgelê. Indien hy oor geen formele opleiding beskik nie, kan hy 'n ambag aanleer. 'n Gevangene wat byvoorbeeld moord gepleeg het, se vordering en gedrag kan by wyse van 'n klassifikasiestelsel (groep A, B, C of D) gemonitor word. Indien hy hom onderwerp aan die voorgestelde rehabilitasieprogramme en sy gedrag verbeter, kan hy vorder tot 'n groep-A of "model"-gevangene. Hy kan gevvolglik kwalifiseer vir spesiale voorregte soos byvoorbeeld kontakbesoek, die gebruik van 'n radio of televisiestel en vroeë vrylating.

'n Gevangene verskyn gereeld voor 'n paroolraad wat sy vordering en gedrag evalueer. Hulle bepaal 'n parooldatum vir 'n gevangene mits hulle oortuig is dat die gevangene nie weer dieselfde oortreding sal begaan nie. 'n Paroolraad in Engeland het twee seuns vrygelaat wat op tienjarige ouderdom 'n tweearige seuntjie vermoor het: "the conditions of the two killers release meant that either of them could be recalled to custody at any time during the rest of their lives if there was any evidence that they present a risk to the public" (Pretoria News, 2001:8 f).

Sport maak 'n groot deel uit van die rehabilitasieprogram van gevangenes. 'n Komitee bestaande uit gevangenes koördineer self die onderskeie sportsoorte. 'n Komiteelid het die volgende te sê gehad: "Our aim is to entertain, educate and eventually to rehabilitate fellow inmates. We encourage friendship and brotherhood" (City Press, 2001:11 a).

b Jeugsentrums

Jeugoortreders wat hulself skuldig maak aan ernstige gevalle van misdaad, word uit die skool en gemeenskap verwys vir 'n bepaalde tyd en in jeugtronke aangehou. "For juvenile offenders, reformatory is the last stop when all else has failed" (Pretoria News, 2001:5 g). 'n Jeugmisdadiger kan gerehabiliteer word deur hom in 'n industriële skool te plaas waar hy deel kan hê aan spesiale



programme soos die aanleer van 'n ambag of noodsaklike lewensvaardighede. Hulle moet na afloop van hul strafydperk funksioneel kan inpas in die praktyk.

Die oorteder se gedrag en vordering word deur 'n maatskaplike werker gemonitor wat 'n verslag opstel wat kan bepaal of 'n oortreder terug in funksie geplaas kan word. Die oortreder word aangemoedig om aan verskillende sportsoorte deel te neem sodat intermenslike ontmoeting onderling kan plaasvind met die oog op rehabilitasie.

c Hospitaalskole

'n Hospitaalskool is 'n spesiale skool wat skooldogters huisves tydens 'n swangerskap. Skooldogters het die opsie om 'n hospitaalskool by te woon maar deesdae kan hulle sommer terug na hul eie skole gaan om hul skoolloopbaan voltooi.

Tot onlangs toe was hospitaalskole 'n instelling vir swanger dogters gewees maar volgens Omsendbrief 355 van 2000 mag geen swanger dogter toegang tot 'n skool ontsê word nie. 'n Swanger dogter mag in haar toestand 'n skool bywoon totdat sy gereed is om geboorte te skenk.

d Suid-Afrikaanse nasionale raad vir alkohol- en dwelmaphanklikheid

Die misbruik van alkohol- en dwelms veral onder tieners, is 'n algemene verskynsel. Die gebruik daarvan kan toegeskryf word aan 'n aantal uiteenlopende redes. Organisasies soos SANRA voer 'n verbete stryd om die probleem die hoof te bied. "Geen nasionale statistieke bestaan oor dwelmgebruik onder tieners nie, maar navorsing deur die Mediese Navorsingsgroep (SACENDU) dui op 'n skokkende toename in die getal tieners wat vir dwelmgebruik behandel word" (Rapport, 2001:7 c). Daar bestaan in bykans elke provinsie 'n rehabiliteringsentrum wat drank- en dwelmverslaafdes

gratis behandel ter wille van rehabilitasie. Die toename van drank- en dwelmverslawing is so groot dat die opname van slagoffers by die SANRA Lapalame rehabilitasiesentrum sedert 1995 met 77% gestyg het.

e Spesiale inrigtings

Daar is spesiale inrigtings wat spesiale probleme soos byvoorbeeld dobbelary aanspreek, wat aan die toeneem is. Die mens se gulsigheid om homself finansieel te verryk, ontaard dikwels in dobbelverslawing. Die verslawing aan dobbelary "word wêreldwyd erken as 'n psigiatriese siekte" (Beeld, 2001:5 g).

Die verslawing raak so erg dat die mens betrokke raak by bedrog om sy gewoonte te onderhou. 'n Doppelverslaafde het byvoorbeeld diamante van R6 miljoen gesteel om sy skuld by casino's te betaal (Beeld, 2001:10 g). In plaas van gevangenisstraf vir sodanige oortredings word slagoffers behandel vir hul probleme. Navorsers in Amerika het die medikasie "naltrexone" wat aan heroin-verslaafdes voorgeskryf word, aan 'n doppelverslaafde met welslae toegedien. "For 11 weeks, 20 people received naltrexone, which dulls the sensation of pleasure that is associated with addictive cravings" (Pretoria News, 2001:9 g).

In Suid-Afrika is die dobbelprobleem reeds op parlementêre vlak bespreek.). Die organisasie 'Gamblers Anonymous' het 'n nasionale tolvrye hulpnommer beskikbaar gestel wat brading verskaf aan doppelverslaafdes.

6.3.4 Normes en waardes

Die begrip "norme" verwys na "sosiale reëls wat behoorlike gedrag in 'n samelewing of groep voorskryf". Die begrip "waardes" verwys na "algemene oortuigings oor wat reg en verkeerd is, en die belangrike standarde wat in die samelewing gehandhaaf en nagestreef word" (Hartell, 1998:14). In die funksionele fase is norme en waardes 'n relatiewe begrip omdat die waarheid nie



meer 'n vaste betekenis het nie. Dit wat die individu nou as waar en reg beskou is nie noodwendig elders "waar" nie.

Norme en waardes in 'n funksionele fase is nie voorskryfbaar nie en word geredelik verander om 'n individu of groep te pas. Die mens raak bewus van die norm waarmee hy gekonfronteer word. Hy evalueer vervolgens die norm en besluit of hy dit sal aanvaar of verworp. Wanneer die mens die norm geïnternaliseer het, vorm dit deel van sy verwysingsraamwerk. Die mens verander of verbuig soms die norm wanneer hy homself in 'n bepaalde situasie bevind.

Die mens toon ook 'n geneigdheid om dubbele standarde te hê. Dit gebeur dikwels dat die mens die een oomblik met een party saamstem oor 'n besluit en dan 'n volgende oomblik heeltemal afsydig staan teenoor die besluit wat hy vroeër gemaak het. Wat vandag goed en reg is vir die mens, sal nie noodwendig weer more goed en reg wees nie.

In die funksionele fase lok die verontagsaming van norme en waardes van 'n gemeenskap gewoonlik sterk teenkanting uit.

6.4 Die mens in sy verhouding tot die Bonatuurlike

6.4.1 Algemeen

Ter wille van duidelikheid word die mens se verhouding met die bonatuurlike in beide dimensies bespreek.

6.3.2 Eerste dimensie

In die eerste dimensie het die afstand tussen die mens en die bonatuurlike in so 'n mate vergroot dat die mens verder wegbeweeg het van die bonatuurlike.



Vanweë hierdie groot afstand het die mens vervreemd geraak van sy God. "Die godsvraag wordt dan functioneel gesteld, dat wil zeggen dat men vraagt hoe de naam 'God' concreet gemaakt kan worden in de dagelijkse verhoudingen (Van Peursen, 1975:100). Die mens word onseker en beleef weer 'n krisis der sekerheid.

Die mens het God nie meer nodig nie (so dink hy), hy ontken die bestaan van God. Hy voel ontwortel en bly soekend na vastigheid. "We see a wildfire revival of fundamentalist religion and a desperate search for something – almost anything – to believe in" (Toffler, 1988:300). Die mens openbaar 'n agnostiese houding en wend hom tot die teenpool van God, naamlik Satanisme. Die begrip "agnostisme" verwys na "die leer dat 'n mens nijs omrent God of die hiernamaals wil weet nie en gevoglik slegs sigbare en tasbare verskynsels in aanmerking wil neem" (Odendaal et al, 1988:35).

God word funksioneel aangewend tot voordeel van die menslike bestaan. Die Amerikaanse senator A.J. Beveridge het hom byvoorbeeld as volg oor God uitgespreek: "He (God) has made us the master organizers of the world to establish system where chaos reigns. He has marked the American people as His Chosen Nation, finally to lead in the regeneration of the world" (Beeld, 2001:10 h).

Die mens gebruik dikwels sy posisie in die samelewing deur hom as kind van God voor te doen terwyl hy huis die teenoorgestelde is van wat hy hom voordoen. Wanneer 'n vriend of familielid siekte onder lede het, maak die mens skynbare "opregte" beloftes soos byvoorbeeld: "Ek sal vir jou bid...", maar hy doen dit nie noodwendig nie. Sommige mense word om verskuilde redes kerkraadslede – die motief kan wees om hoër aansien in die gemeenskap te geniet of om vir eie gewin te bearbei wees of selfs geldverduistering.



Die relatiewe toepassing (misbruik) van God se naam kom algemeen voor. "Er zijn theologen die verhandelingen houden over 'God', maar terwyl hun doosje leeg is: God bestaat alleen bij gratie van hun woordenstroom, hun definities, maar is geen innerlijke werkelijkheid" (Van Peursen, 1975:104). Dit pas die mens soms om op 'n gegewe tydperk "godsdiestig" voor te kom. Godsdiens word aangewend as medium tot persoonlike gewin.

6.4.3 Tweede Dimensie

In die tweede dimensie is die mens gereed om in 'n meer sinvolle relasie met die bonatuurlike te tree. Sy verhouding met sy God word hervat en die mens buig sy sirkel oop na sy God. Die mens rig hom tot God en verkry weer perspektief. Die mens reik uit na God deur homself diensbaar te stel. Die mens soek die nabijheid van God deur gebede en diens bywoning. Gemeentes van verskillende kerke hou saam spesiale dienste waar God aangeprys word.

Die mens maak sy sirkels oop om ook ander geloofsoortuiginge te erken. Die Giideoniete is 'n voorbeeld van 'n organisasie wat evangelisasie doen en hulle beywer om die Bybel aan byvoorbeeld leerlinge in skole en gevangenes in tronke, te versprei.

7 OPVOEDING IN DIE FUNKSIONELE FASE

7.1 Algemeen

Vanweë die hoë premie wat die funksionele mens op die praktyk plaas, probeer hy om tred te hou met moderne tegnologiese ontwikkelinge. Dit is belangrik dat die funksionele mens op hoogte is van tendense en ontwikkelinge. Lewenslange leer word aangemoedig. Teoretiese kennis word in hierdie fase as van minder belangrik geag terwyl praktiese kennis vooropgestel word.



Die opleiding van die beroepsgerigte mens vind formeel plaas in skole, kolleges en universiteite ooreenkomsdig “oop”, “opgedateerde” en dinamiese kurrikula. Die tradisionele, geslote leeromgewing se grense (byvoorbeeld klaskamers) is opgehef en leerders word tot in die mees afgeleë plekke bereik deur inligtingskaravane, reisende busskole, telematiese onderrig, ensovoorts. Oop sirkels word gereflekteer in oop kurrikula, ‘n veelheid van perspektiewe en diverse studente-populasie.

7.2 Opvoedingsdoel

Die opvoedingsdoel is gerig op die toenemende wording en ontwikkeling van die mens deur beskikking en beheer oor homself en die omgewing waarin hy homself bevind.

Die kind word vir ‘n onsekere toekoms voorberei wat onbekend ander sal wees. “Our future as a diverse human species is not absolutely or exclusively predetermined or predistined, we are continuously helping to create it” (Lowe 1995:54). Om met verantwoordelikheid te kan antwoord op die komplekse, omvangryke en diverse eise en probleme van sy wêreld, is dit volgens Le Roux & Van Rooyen (1998:5) nodig dat “students develop the ability to respond flexibly, to foster the capability to shape the process of change”, “[to] grapple with complex problems for which there are no static, everlasting or correct answers” (Lowe 1996:28). Vergelyk in hierdie verband die voorgeskrewe uitkomste in die Revised Curriculum Statement (Departement van Onderwys, 200).

Opvoeding het verder ten doel dat die mens:

- voor te berei om in te pas en aan te pas by ander mense en die praktyk;
- in staat te stel om ‘n eie lewens- en wêreldsbeskouing te formuleer;
- hy uit die ervaring wat hy opdoen, sin te vind en ook ander sal help om sin te vind (sinvinding en singewing);
- te motiveer om te strewe na sukses;



- sy volle potensiaal as aktiewe en verantwoordelike burger te laat ontwikkel deur 'n konstruktiewe rol in sy omgewing te speel;
- sal ontwikkel tot 'n gebalanseerde persoonlikheid, toegerus met noodsaaklike lewensvaardighede.

Vanweë die nuwe wêreldeise is die opvoeding minder tradisioneel, maar eerder dinamies en globalisties om in nuwe behoeftes te voorsien. Skrywers (Newman 1996:49, Lowe 1996:28) wys daarop dat die kind in 'n "complex global eco- and socio-cultural system" as 'n wêreldburger op 'n "changed global political map" sy rigting moet vind. "The world our kids are going to live in is changing four times faster than our schools" (Dryden & Vos 1997:103).

7.3 Kritieke uitkomste wat met die opvoeding beoog word:

Die nuwe uitkomste gebaseerde onderwys (kurrikulum 2005) beoog twaalf leeruitkomste wat bereik moet word. Die leeruitkomste het ten doel dat leerders:

- Probleme sal identifiseer en dit oplos en besluite te maak deur van kritiese en kreatiewe denke gebruik te maak;
- doeltreffend sal saam werk met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- hulself sal organiseer en hul aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend sal bestuur;
- inligting sal versamel, ontleed, organiseer en dit krities te evalueer;
- doeltreffend sal kommunikeer deur gebruik te maak van verskeie soorte visuele, simboliese en/of taalvaardighede;
- die wetenskap en tegnologie doeltreffend sal gebruik en om krities en verantwoordelikheid jeens die omgewing en ander mense se gesondheid te toon;
- 'n begrip te toon van die wêreld as 'n stel verwante stelsels deur te begryp dat probleemoplossende kontekste nie in isolasie bestaan nie;



- na te dink oor verskeie strategieë sal ontgin om meer effektiel te leer;
- as verantwoordelike burgers deel sal neem in die lewe van plaaslike, nasionale- en wêreldgemeenskappe;
- kultureel en esteties sensitief sal wees oor 'n wye terrein van maatskaplike kontekste;
- onderwys- en loopbaanmoontlikhede sal ontgin;
- entrepreneursmoontlikhede sal ontwikkel.

Die opvoeders behoort leergeleenthede binne hierdie raamwerk te konstrueer. Die volgende kenmerke van 'n tipiese funksionele opvoeding is duidelik in bogenoemde te onderskei:

- kulturele en sosiale sensitiviteit;
- probleemoplossende denke;
- kritiese denke;
- selfwerksaamheid;
- praktykgereedmaking;
- ondersoekende gees.

7.4 Onderrigmetodes

Die onderrig metodes verskil van die voorafgaande fases aangesien dit hoofsaaklik gebaseer is op selfwerksaamheid van die individu. Die leerders is aktiewe deelnemers in die klaskamer onder leiding van die opvoeder wat as die faciliteerder (hulpverlener) optree. Van die leerder word verwag om rities te dink, probleme te genereer, ondersoekend met die nuwe idees vorendag te kom. Leerlinge word die geleentheid gegee om krities en kreatief te wees en om te ontdek. Die uitvoer van demonstrasies en eksperimente vorm die basis van die onderrig.

Die samewerking van leerlinge binne groepsverband word benadruk. Elke leerling word 'n geleentheid gebied om 'n positiewe inset te lewer. Die opvoeder moet die leerling aanvaar as 'n unieke mens met sy eie vermoëns, bevoegdhede en agtergrond wat van ander mag verskil.

Werkgroepe moet uit vyf tot tien leerders saamgestel word. Elke groep moet verteenwoordigend wees van albei geslagte, bo- en ondergemiddelde leerlinge en diverse kulture. Groepledle kan mekaar help om die leerstof te bemeester deur byvoorbeeld vasvraewedstryde en/of spanbesprekings.

7.5 Discipline en tug

Discipline en tug is daarop gerig om leerders voor te berei om as wetsgehoorsame burgers hulle plek in die samelewing te vervul. Klem word gelê op eienskappe soos ordelikheid, selfdiscipline, pliggetrouheid en verantwoordelikheid. Dit is die plig van elke opvoeder om wangedrag aan te spreek.

8. Samevatting

In die funksionele fase is daar twee dimensies in denke te onderskei. In die eerste dimensie is die fokus egter gerig op die mens self. Hy is egosentries en hy is in verhouding met die werklikheid, medemens en die bonatuurlike, daarop uit om te alle tye volle voordeel te trek. 'n Selfsugtigheid en eie gerigtheid is kenmerkend van die mens in hierdie eerste dimensie.

In die tweede dimensie verskuif die fokus weg van die mens. Die mens is opsoek na sinvolle relasie met die werklikheid, medemens en die bonatuurlike. Die mens doen nie meer dinge ter wille van homself nie, maar vir 'n goeie saak. Die mens is opreg in sy optrede, betoon naasteliefde en hy tree selfstandig en verantwoordelik op.



HOOFTUK 6

TERUGSKOU, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

1. TERUGSKOU

Hierdie studie is primêr 'n histories-opvoedkundige studie. In histories-opvoedkundige studies word die opvoeding in die verlede bestudeer met die doel om die hede te verlig en daarvan ook die toekoms te verbeter.

Die verlede is egter so wyd dat afbakening en interpretasie van feite oor die opvoeding in die verlede, uiters moeilik is. Strukturering, ordening en sistematisering van die beskikbare gegewens oor die opvoedingsverskynsel in die verlede is nodig om die terrein vir studie en navorsing in die Historiese Opvoedkunde toeganklik te maak.

Verskeie navorsers het reeds kategoriseringsmodelle vir opvoeding in die verlede aangebied. In 'n diepgaande studie van die kultuurstrategie-model het die waarde daarvan vir die opvoeding sterk na vore gekom. Van Peursen (1994) het in persoonlike korrespondensie wat met hom gevoer is, aangedui dat hy die model tot op daardie datum, net as 'n filosofiese model gesien het wat verder deur van sy doktorale studente ontwikkel is as a instrument vir die groei en ontwikkeling van organisasies.

Die vraag het dadelik ontstaan of dit dan nie ook moontlik was om die opvoedingsverskynsel, soos dit in die verlede gemanifesteer het, met behulp van hierdie model te kon orden nie. Die primêre probleemvraag vir hierdie studie is dan ook direk hieruit geformuleer, nl. kan die model toepassingswaarde hê in die beoefening van die Historiese Opvoedkunde?

In die lig van bg. feite is hoofstukke drie tot vyf dan so beplan dat elke fase van die model filosofies opvoedkundig bestudeer kon word ten einde antwoorde te



vind op die primêre vraag was die probleemstelling verteenwoordig. Hoofstuk twee is egter 'n weergawe van die konseptuele studie waaronder die presisering van die feite nie kon plaasvind nie.

2. BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

Die volgende bevindings is gemaak:

- 2.1 In hoofstuk 1 is daar gevind dat
 - 2.1.1 die mens se strategie vir "lewe" oor al die eeue nog in sy kultuur weerklank gevind het;
 - 2.1.2 Van Peursen die kultuur van elke mensegroep sien as 'n strategie of 'n beleid of 'n manier van lewe van daardie bepaalde groep;
 - 2.1.3 Van Peursen die model beskou as tekenend van die verskillende vorme van beleid of strategie van lewe en van kultuurskep van volkere oor baie eeue;
 - 2.1.4 die begrippe "kultuurmaak" en "lewe" as sinonieme in Van Peursen se werke gebruik word;
 - 2.1.5 die model 'n instrument is om die ontwikkeling van kulture aan te toon;
 - 2.1.6 die model ook 'n instrument is om die wording en ontwikkeling van die mens vanaf geboorte tot en met geestelike volwassenheid, aan te toon
- 2.1.6 die primêre doel met die model vir Van Peursen is om die hede, teen die

agtergrond van die verlede so te verhelder dat daar met 'n geldige kulturele paspoort oorgegaan kan word tot verantwoordelike kultuurskepping met die oog op die toekoms. Dit beteken om

- 2.1.7.1 die eie kultuur beter te verstaan;
- 2.1.7.2 die mens in staat te stel om, op grond van sy kennis van die verlede, die ontwikkeling van die eie kultuur te evalueer en so die regsgeldigheid van die eie kulturele paspoort te bepaal;
- 2.1.7.3 tot praktiese herstrukturering van die eie kultuur te kan oorgaan;
- 2.1.7.4 'n praktiese kultuurbeleid en kultuurstrategie te kan opstel;
- 2.1.8 die sekondêre doelstellings met die model ook aangewend kan word om opvoedingsverloop aan te toon, veral die volgende aspekte is van toepassing:
 - 2.1.8.1 om die ontwikkelingsverloop van die mens aan te toon;
 - 2.1.8.2 om die opvallende kenmerke in elke fase aan te toon;
 - 2.1.8.3 om die hoofmomente in elke fase te orden en te skematiseer;
 - 2.1.8.4 om oorgange tussen die fases aan te toon;
 - 2.1.8.5 om as 'n spieëlbeeld van die wordings- gemiddelde in elke fase te dien;
 - 2.1.8.6 om die moontlikheid van lewenslange leer ("permanente educatie") visueel sigbaar aan te bied;



- 2.1.8.7 om die spanning tussen die immanente en die transendentie in die mens en die rol van die opvoeding daarin, aan te toon;
- 2.1.9 die funksies van die kultuurstrategie-model onveranderd sal bly indien opvoeding as verskynsel (en nie kultuur per se nie) daarin georden word.

2.2 In hoofstuk 2 is daar bevind dat

- 2.2.1 die definiering van die ter saaklike begrippe soos "immanensie" en "transendensie", aangetoon het dat daar inherent in sommige van die begrippe, opvoedingsbetekenisse en opvoedingsmoontlikhede ingesluit is en daarom as opvoedkunde taal aangewend kan word.

2.3 In hoofstuk 3 is daar bevind dat

- 2.3.1 alhoewel die fases nie oor duidelik aanduidbare grense beskik nie en daarom vir sommige individue vroeër kan begin of later kan ophou, die mitiese fase tog blyk verteenwoordigend te wees van die neonatale, die baba, peuter en kleuterfase asook die fase van die jong skoolgaande kind.
- 2.3.2 die wording en ontwikkeling van die jong kind duidelike ooreenkomsste toon met die ontwikkelingsdinamika van kulture van primitiewe volkere, bv. die San, Antieke Hindu, Antieke Jode en Antieke Chinese.
- 2.3.3 daar die opvoeding van die jong kind baie duidelike ooreenkomsste toon



met die opvoeding wat in primitiewe of mitiese kulture voorgekom het;

- 2.3.4 daar met reg na hierdie opvoeding as mitiese opvoeding verwys kan word omdat die opvoeding sterk mitiese eienskappe toon.

2.4 In hoofstuk 4 is daar bevind dat

- 2.4.1 wordingsgebeure unieke gebeure is wat nie as algemeenheid beskryf kan word nie. Net so is elke mens uniek en "word" hy of sy volgens 'n eie individuele patroon. Die ontologiese fase blyk nieteenstaande hierdie feit, verteenwoordigend te wees van die laat kinderjare, pre puberteit, puberteit, en vroeë en laat adolessensie.
- 2.4.2 die wording en ontwikkeling van die jong tiener duidelike ooreenkomsste toon met die ontwikkelingsdinamika van ontologiese kulture soos die Antieke Mesopotamieërs, Antieke Griekse en Antieke Romeine;
- 2.4.3 die opvoedingvereistes van die jong tiener baie duidelike ooreenkomsste toon met die opvoedingsvereistes wat in primitiewe of mitiese kulture gegeld het;
- 2.4.4 daar met reg na hierdie opvoeding as ontologiese opvoeding verwys kan word omdat die opvoeding sterk ontologiese eienskappe, bv. die bevra na die ontos, toon.

2.5 In hoofstuk 5 is daar bevind dat

- 2.5.1 daar in die funksionele fase twee duidelike dimensies te onderskei is wat elk unieke wordingsgebeure eie aan die dimensie het;
- 2.5.2 daar in beide die dimensies baie duidelike groei of wordingsmomente onderskei kan word;
- 2.5.3 die jong volwassene of sterk beroepsgeoriënteerde persoon homself duidelik in die eerste dimensie (in terme van wordingsgebeure) bevind;
- 2.5.4 dit wil voorkom asof daar na die eerste dimensie 'n plato in die wordingsgebeure is en dat innerlike groei vir baie volwassenes hier termineer;
- 2.5.5 alleen enkeles ook na die tweede dimensie groei (dit is inderdaad 'n groeiproses, wat soms met pyn gepaard gaan);
- 2.5.6 daar volgens Van Peursen eers in die tweede dimensie van die funksionele fase sprake is van groei tot 'n "volle lewe";
- 2.5.7 nie soseer opvoeding nie, maar lewenslange leer sterk na vore kom ("permanente educatie") om volgens Van Peursen, arrivering en stagnasie teë te werk.

3. AANBEVELINGS

In antwoord op die eerste sowel as die tweede probleemvraag van hierdie studie, word daar op grond van al die bovermelde bevindinge positief bevestig dat opvoeding, soos dit in die verlede gemanifesteer het, met behulp van die kultuurstrategie-model geklassifiseer, geordend en gesistematiseer kan word.

Daar word daarom aanbeveel dat,



- 3.1 daar by hoër onderwysinstansies in Historiese Opvoedkunde van hierdie kultuurstrategie-model kennis geneem word en die gebruik daarvan, oorweeg word.
- 3.2 vir aanwending en toepassing van die model, die wyse waarop dit in hierdie studie gedoen is, gevvolg word. Hiervolgens word die mees beduidende kenmerke van elk van die drie fases as kriteria geneem vir die identifisering van opvoedingseksemplare of temas.
- 3.3 die kultuurstrategie-model in die Historiese Opvoedkunde aangewend behoort te word ter verryking van die kurrikulum van studente wat nie opvoedkundig-sielkundige agtergrond of opleiding het nie. Die ooreenkomste tussen die ontwikkeling van 'n kultuur en die wording van 'n mens kan die studente se insig, nie alleen met betrekking tot die ontwikkeling van die kind verhoog nie, maar ook ten aansien van die opvoedingsvereistes van kinders in die verskillende wordingsfases drasties uitbrei.
- 3.4 die model veral aangewend kan word om die ooreenkomste wat daar tussen die verskillende kulture, bv. in Suid-Afrika bestaan, te identifiseer om op hierdie wyse groter begrip en verdraagsaamheid tussen die kultuurgroepe te bewerkstellig.
- 3.5 met die oog op persoonsopvoeding, aandag veral aan die tipe gesag, soos dit in elke fase voorkom, te skenk. Die voordele van demokratiese beginsels kan aangewend word om in die leersituasie, wat in wese 'n werkinkel vir demokrasie is, 'n demokratiese ingesteldheid te kweek.

**4. BEPERKINGE EN TEKORTKOMINGE IN HIERDIE STUDIE -
AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING**



Aangesien hierdie studie slegs vanuit histories-opvoedkundige perspektief benader is, word daar aanbeveel dat navorsing onderneem word om die gebruik van die kultuurstrategie-model in ander dissiplines te bepaal.

In hierdie studie is daar hoofsaaklik op relatief "neutrale" kultuur-ontwikkeling in die fases gefokus wat as 'n miskenning van die kulturele eiendomlike van elke kultuur beskou kan word. Dit is daarom nodig dat verdere studie onderneem word om spesifieke kulture, elk met sy eie kulturele rykdomme ooreenkomstig die uniekheid van elk, in die lig van die model te bestudeer.

5. SAMEVATTING

Kultuur is gebeure wat binne tyd plaasvind, binne konteks en binne die parameters van die eiendomlike van elke volk of etniese groep. So eie as wat kultuur aan die mens is ("oral waar die mens in die dampkring opduik, is kultuur sigbaar", sê Van Peursen), so eie is opvoeding aan kultuur. Opvoeding was nog altyd, is nog steeds en sal ook altyd wees. Opvoeding is 'n ontiese feit en een van die magtigste kulturele wapens van die mens om nie alleen positiewe kultuur te skep nie, maar ook positiewe toekoms te skep. Die mens is inderdaad toekomsskepper - opvoeding is die instrument van elke volk en die simbool van hoop vir die geslagte wat kom. Om opvoeding in die verlede te bestudeer is soos om op die skouers van 'n reus te staan en verder en beter die toekoms in te sien. Om die opvoeding van die verlede in die model te orden en te klassifiseer, is 'n verdere poging van die mens om uit die chaos van sy bestaan, ooreenkomstig die roeping van sy hele wese, orde te maak en te bou vir die toekoms.



BIBLIOGRAFIE

AUGUSTA & HONZAK. 1988. Fascinating facts living in the past. Prague: The Hamlyn Publishing Group Limited.

B.Ed.-LESINGS. 1994. Historiese Opvoedkunde. Universiteit Van Pretoria.

BEELD. 2001 a. 29 Mei: 12

BEELD. 2001 b. 22 Junie: 01

BEELD. 2001 c. 29 Junie: 15

BEELD. 2001 d. 06 Junie: 10

BEELD. 2001 e. 19 Mei: 06

BEELD. 2001 f. 10 April: 01

BEELD. 2001 g. 17 Junie: 12

BEELD. 2001 h. 13 Maart: 10

BLOUNT, C.H.C. 1969. An outline of the world. Great Britain: University Press, Oxford.

CAVALIER, R. 1996. Plato for beginners. London: Writers and Readers Publishing, Inc.

CITY PRESS. 2001 a. 20 Mei: 11

COLLINS, K.T., DOWNS, L.W., GRIFFITHS, S.R. & SHAW, E. 1973. Keywords in Education. London: Longman Group.

CRONJE, G. 1966. Kultuurbeïnvloeding in die oudheid. Pretoria. J.L. Van Schaik Beperk.

DE VILLIERS, M., SMUTS, J., EKSTEEN, L.C., & GOUWS, R.H. 1988.
Nasionale woordeboek-Afrikaanse Woordverklarings. Pretoria: Nasou Beperk.

DEWEY, J. 1997. Experience and Education. New York: Kappa Delta Pi.

DRYDEN, G. & VOS, J. 1997. The Learning Revolution. Auckland: The Learning Web Ltd.

DWIGHT, H.G. 1915. Constantinople Old and New. New York: Charles Scribner's Sons.

EBY, F. & ARROWOOD, C.F. 1949. The History and Philosophy of Education. Ancient and Medieval, New York: Prentice-Hall, Inc.

EMERY, J. & BREWSTER, B. 1948. The New Century Dictionary of the English Language.

GRAVES, F.P. 1970. A Student's History of Education. Connecticut: Greenwood Press.

GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION: 2000. Circular 355.

GERDES, L.C. IN LOUW, D.A. 1991. Menslike Ontwikkeling. Pretoria: Haum-Tersiér.

GEERTS, G & HEESTERMANS, H. 1992. Groot Woordenboek der Nederlandse Taal. Antwerpen: Van Dale.

GOOD, C.V. 1973. Dictionary of Education. New York: McGraw-Hill Book Company.

GIDEONS. 1954. Die Bybel. Pretoria: Die Bybelgenoodskap van Suid-Afrika.

GOOD, C.V. 1973. Dictionary of Education. New York: McGraw-Hill Book Company.

GOTTLIEB, A. 1997. Socrates. London: Orion Publishing Group.

GOUWS, R., FEINAUER, I & PONELIS, F. 1994. Basiswoordeboek. Pretoria: J.L.Van Schaik.

GRIESEL, G.A.J., LOUW, G.J.J., & SWART, C.A. (Jaartal nie aangedui nie) Grondbeginsels van Opvoedende Onderwys, Nasionale Boekdrukkery, Goodwood.

HARTELL, C.G. 1998. Multicultural Education. University of Pretoria.

HURLOCK, E.B. 1968. Developmental Psychology. New York: McGraw-Hill Book Company.

HAWKINS, J.M. 1987. The Oxford Senior Dictionary. Oxford: University Press.

HENDRIKZ, W. 1992. Waardes en norme in 'n funksionele kulturele fase: 'n Histories-pedagogiese besinning. Ongepubliseerde M. Ed-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

HOSKINS, H.H. 1983. Translation. Strategy of Culture. Originally published under the title: Strategie van de cultuur. Amsterdam: North Holland Publishing Company.

JARVIS, P. 1990. An International Dictionary of Adult and Continuing Education. Kent: Mackays of Chathan.

JORDAAN, W. & JORDAAN, J. 1990. Mens in konteks. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

KRITZINGER, M.S.B. & LABUSCHAGNE, F.J. 1982. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Goodwood, Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

KRUGER, E.G. 1986. Opvoeding – Verlede, Hede en Toekoms. Euro-Publikasies.

KRUGER, E.G., BISSCHOFF, T.C., VAN HEERDEN, S.M., VAN NIEKERK, S.L.H., VENTER, I.S.J., & VERSTER, T.L. 1992. Opvoeding- verlede, hede en toekoms. Pretoria: Euro-Publikasies.

LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1992. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria: Nasionale Boekdrukkery.

LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1993. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Kaapstad: Nasionale Boekwinkel.

LANDMAN, W.A. 1972. Leesboek vir die Christen-opvoeder. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

LANDMAN, W.A. & VAN RENSBURG, C.J.J. 1988. Fundamenteel-Pedagogiese Begripsverklaringe. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

LE ROUX, J. & VAN ROOYEN, L.J. 1984. Huweliks- en Gesinsvoorligting vanuit 'n Christelike perspektief gesin. Ongepubliseerde D.Ed-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

LEWIS, B.S. 1986. Mere Morality. Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.



LOWE, I. 1995. Key future issues facing humankind. *Unicorn* – 21(1):48-55.

MATLIN, M.W. 1989. Cognition. New York: Saunders College Publishing.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1992. Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria: Gutenberg boekdrukkers.

MPHAHLELE, M.C.J. 1996. Education through the ages. Pretoria: Kagiso tertiary.

NEWMAN, P. 1996. Hope and Despair in the global environment: An Australian case study based on a university course. *Geographical Education* 9: 45-60.

ODENDAL, F.F. 2000. Kernwoordeboek. Pretoria: Perskor-Uitgewery.

ODENDAL, F.F., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1988. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Pretoria: Perskor-Uitgewery.

ODENDAL, F.F., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1994. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Doornpoort: Perskor.

PISTORIUS, P. 1982. Gister en Vandag in die Opvoeding. Potchefstroom: Pro Rege-Pers.

POTGIETER, F.J. (Jaartal nie aangedui nie). Opvoedingsdoelleer in Historiese Perspektief.

POPCORN, F. 1992. The popcorn report: Targeting your life. London: Cox and Wyman Ltd.

POPCORN, F. 1996. Clicking. Glasgow: Caledonian International Book Manufacturing Ltd.

POWER, E.J. 1970. Main currents in the History of Education. New York: McGraw-Hill Book Company.

PRETORIA NEWS. 2001a 27 April: 05

PRETORIA NEWS. 2001b 06 Junie: 10

PRETORIA NEWS. 2001c 17 Mei: 03

PRETORIA NEWS. 2001d 12 Junie: 04

PRETORIA NEWS. 2001e 20 Junie: 09

PRETORIA NEWS. 2001f 13 April: 08

PRETORIA NEWS. 2001g 27 April: 05, 09

RAPPORT. 2001a 27 Mei: 12

RAPPORT. 2001b 22 April: 05

RAPPORT. 2001c 01 Julie: 07

SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1979. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Pretoria: Perskor.

SOWETAN. 2001a. 13 Mei: 05

SOWETAN. 2001b. 14 April: 05

STUART, J.P., VAN NIEKERK, L.J., McDONALD, M.E.W., & DE KLERK, D. 1985. Didaktiek: 'n Oriëntering vir Eerstejaarstudente. Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika (uitgewers) (Edms) bpk.

SUNDAY TIMES. 2001. 11 Maart: 03

SUNDAY TIMES. 2001. 20 Mei: 10



SYKES, J.B. 1978. The Pocket Oxford Dictionary. Oxford: Clarendon Press.

TERBLANCHE, H.J. & ODENDAL, J.J. 1988. Afrikaanse Woordeboek.

Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

TOFFLER, A. 1988. The Controversial New Perspective on Tomorrow. London.

Pan Books: Cavaye Place.

VAN PEURSEN, C.A. 1970. Strategie van de cultuur: een beeld van de veranderingen in de hedendaagse denk- en leefwêreld. Amsterdam: Elseviers.

VAN PEURSEN, C.A. 1975. Cultuur in stroomversnelling. Amsterdam: Elseviers.

VAN PEURSEN, C.A. 1987. Cultuur in Stroomversnelling - 'n Strategie van de cultuur. Nederland: Elseviers.

VAN PEURSEN, C.A. 1992. Cultuur in Stroomversnelling – 'n Strategie van de cultuur. Amsterdam: Elseviers.

VAN RENSBURG, C.J.J. & LANDMAN, W.A. 1988. Fundamenteel-Pedagogiese Begripsverklaringe. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

VAN ROOYEN, L. IN LOUW, W.J. 1993. Klaskamerpraktyk: 'n Oriëntasie. Pretoria: J.L. Van Schaik Uitgewers.

VAN ROOYEN, L. 1999. Myths, Mysteries and Mankind. Ongepubliseerd. Pretoria.

VENTER, I.S.J. 1992. History of Education: demarcation of field of research. In Kruger, E.G. (Ed). Education – Past, Present and Future. Pretoria: Euro-Publications

VENTER, I.S.J. & VAN HEERDEN, S.M. 1989. Die Fundering van die Historiese Opvoedkunde : 'n Inleiding. Pretoria: Euro-Publikasies.

VERSTER, T.L. & VAN HEERDEN, S.M. 1989. Die Fundering van die Historiese Opvoedkunde: 'n Inleiding. Pretoria: Euro-Publikasies.

VERSTER, T.L., VAN HEERDEN, S.M. & VAN ZYL, A.E. 1982. Opvoedingstemas in Tydsperspektief 2. Durban: Butterworths Professionele Uitgewers (Edms)Bpk.

WILDS, E.H. & LOTTICH, K.V. 1970. The Foundations of Modern Education. United States of America.